

WEPad Saam

GRATIS

Uitgawe 39 • Oktober | November 2016

Sonkrag:

'n Waardevolle belegging
vir jou besigheid



Tuin-fokus

NTK-VKB Top 100-boere
word vereer

**Gaan dit
weer droog
wees?**

Die vrugtevlieg

Gemiddelde grondpryse
in die Oos-Vrystaat

HOMMELTUIE

Span hommeltuie in om jou met jou boerdery te help

Beskerms jou Plaas en Toekoms teen alle risiko's deur AgriSeker!



Ons is **Seker** Landbou se Toekoms klop in ons are!

Ons is **Seker** ons speel'n belangrike rol in voedselsekureit!

Ons is **Seker** ons kan jou Oesversekering eenvoudig maak met die beste dekking!

Ons is **Seker** ons is die leier in tegnologiese vooruitgang en omvangryke navorsing!

Ons is **Seker** ons kan jou Plaas en Oes teen alle risiko's verseker na al jou harde werk en toewyding!

Wees AgriSeker!

Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer FSP no: 45767

Vir meer inligting kontak jou makelaar of besoek www.agriseker.co.za | 058 307 8600



INHOUD

18-19

Sonkrag: 'n Waardevolle belegging vir jou besigheid

10-11

Gemiddelde grondpryse in die Oos-Vrystaat

Uitgewer:

VKB en NTK

Redakteur:

Hannelie Cronjé

Posbus 100

Reitz 9810

Tel. 058 863 8223

hanneliec@vkb.co.za

Eindredakteur:

Koos Janse van Rensburg

Ontwerp en Uitleg:

Ryno Steyn (VKB)

Taalversorging:

Lize Mulder

Druk:

Oranje Drukkers, Senekal

Advertensies:

Hannelie Cronjé (VKB)

hanneliec@vkb.co.za

Sel. 083 303 6117

Alle regte van Die Pad Saam word voorbehou ingevolge Artikel 12(7) van die Wet op Outeursreg.

Die eienaar en uitgewer aanvaar nie aanspreeklikheid vir enige uitlatings deur skrywers of medewerkers nie.

Vkb beskik oor 'n kliëntedienssentrum wat bestuur word deur die groep se skakelbeampte, me. Anelie Swemmer. Kontak haar gerus by **058 863 8277** of per e-pos by aswem@vkb.co.za

4	Voorwoord
6	Aftrede en opvolgbeplanning vir boere
8	'n Boer se nalatenskap: Slaggate om te vermy
9	Die toer deur BESIGHEIDSOERWOUDE gaan voort...
10-11	Gemiddelde grondpryse in die Oos-Vrystaat
12	Beplan vir die basiese om herstel van die droogte te versnel
14-16	Adam Smith: Ekonomiese vryheidsvegter
18-19	Sonkrag: 'n Waardevolle belegging vir jou besigheid
20-21	Die windpomp en voedselsekureit
22-23	Pierre Jacobs: Sy spore le diep in NTK
24-25	Leon Eksteen: Voorloper van die Bufland-span
26-34	Dieregesondheid
35	Jakes en die luislang
37-51	Tuin
52-54	Suksesvolle kanola in die Vrystaat
56-57	Gaan dit weer droog wees?
58-60	Span hommeltuie in om jou met boerdery te help
59-61	Vrugtevlug
62-63	Promosie: Plaasbakkies
64	Kyk uit vir CaselH-produkte
68-71	Wenke wat werk 5
72-76	Medies: Help jou lewer om optimaal te funksioneer
78-	NTK-VKB Nuus
78-84	NTK Nuus
87	Wen met Die Pad Saam

58-60



Hommeltuie

68-71



Wenke wat werk 5

20-21



Die windpomp en voedselsekureit

Medies: Help jou lewer om optimaal te funksioneer

72-76



'n ode aan ons boere

Die volgende artikel van Nicole Viljoen het ek raakgelees op www.moeral.com en wil dit graag met julle deel.

“ Ek is nie 'n boer nie. Ek en my man het 'n hoewe buite Bloemfontein waar ons met lusern boer en 'n paar skape het. Vandag was vir my 'n sielsdodende dag. Ons Damara-ram, Oupa, het vandag net gaan lê. Hy het goeie jare gehad en het vir ons baie dragtige ooie gegee. Ek moes hom sleep tot in die koelte want hy kon nie meer staan nie. Hy en 'n ander ram het baie baklei en ek glo hy het skade aan sy skedel opgedoen. Hy was ook al oud. Hy was nooit honger nie, goed na gekyk, het nooit harde tye geken nie. Ek het by hom gesit en huil, mooi met hom gepraat en dankie gesê. Ek het my man gebel en gereël dat ons werker hom uit sy ellende haal.

Dit het my laat dink. My hart bloei vir die boer wat sy haelgeweer moet laai en die besluit maak om sy beeste te skiet. Om in die kraal of land in te stap en jammer te sê vir sy Skepper dat hy dit nou moet doen. As ek so gevoel het oor één skaap waarna ek moes omsien, hoe hartverskeurend is dit nie vir 'n boer wat sy beeste in die oë moet kyk en saggies jammer sê voor hy die sneller trek nie? Hoe hartseer moet jy voel om in jou diere se oë te kyk en hul honger te kan aanvoel?

My hart bloei vir die boer wat sy hande in stof druk terwyl hy op sy knieë in sy land is en bid vir reën. Vir die boer wat slapelose nagte het en wonder of hy en sy familie 'n toekoms het. My hart bloei as ek dink hoe moeilik dit is om huis toe te gaan en in jou vrou en kinders se oë te kyk, so dan bly jy maar nog 'n paar minute in die land om jouself bymekaar te kry. My hart bloei vir die vrouens van daardie boere wat hulpeloos bestaan en kyk hoe haar man deur hel gaan.

My hart bloei vir die werkers wat nie weet of hulle nog werk gaan hê nie. Vir die diere wat langs die drade afhardloop agter die boer se bakkie aan en smeeke vir kos. Die hulpeloosheid wat 'n boer moet voel terwyl hy sy leë hande optel en sê hy het nie kos nie. Die hulpeloosheid moet oorweldigend wees.

Ek kyk vanaand na my bord kos en besef dat alles wat op daardie bord is van 'n boer af kom. Ek besef toe hoe ek nooit net gaan sit het en dankie gesê het vir ons boere nie. Ek het skaam gekry. Ek het gesukkel om te eet. Ek was oorrumpel met hartseer.

Boere, vergewe ons. Vergewe ons dat ons nooit besef het watter invloed julle eintlik op ons lewe het nie. Vergewe ons dat ons alles vanselfsprekend neem. Van vleis wat mooi verpak is tot groente wat mooi gewas en vars is. Mense besef nie as hulle 'n produk optel in 'n winkel hoeveel bloed en sweet in daardie kos ingegaan het nie.

Vergewe ons dat ons dink dat kos 'n reg is. Dat kos altyd daar sal wees. Vergewe ons dat ons nie besef hoe goed julle vir ons is nie. Ek glo vas julle is die mense in hierdie land wat die minste vra maar die meeste nodig het. Julle maak nooit geraas as dit sleg gaan nie. Julle sak net neer op jul knieë en bid. Julle vertrou dat daar vir jul voorsien sal word. Ek lees van boere wat in hul krale gaan sit en die sneller trek. Die dood verkies bo die hartseer. “A Captain never leaves his ship they say.” Ek kan my nie eens indink hoe desperaat en hartseer 'n boer moet wees om dit te doen nie. Vergewe ons dat ons net ons koppe skud en julle jammer kry.

Ek voel mense wat nie boere is nie, is te bang om eintlik te besef wat aangaan. Ons verkies om nie daaraan te dink nie. Ons verkies om te glo dat alles oukei gaan wees. Vergewe ons. Ek dink nie mense wil hartseer wees nie. Soos ek vandag gevoel het oor een diere, kan ek nie eens dink hoe ek sou voel oor 'n kraal of 'n land vol diere nie.

Vergewe ons dat ons nie jou desperaatheid kan voel nie. Ons weet nie wat dit is om 'n vrag vol vee net te wil weggee omdat ons nie kos het vir hulle nie. Ons verstaan nie hoe dit voel om in 'n land te gaan staan in die stof, op te kyk na die hemele en te vra “hoekom” terwyl die hartseer jou oorkom nie. Ons verstaan nie. Vergewe ons. Ons kan soveel van julle leer.

Vergewe ons dat ons nie altyd kan help nie. Ons neem julle en alles wat julle vir ons doen vanselfsprekend.

Vergewe ons dat ons nie besef die liefde wat julle het vir die grond waar jul boer nie. Die liefde, deurstellingsvermoë en geloof wat dit vat om 'n land te voed nie. Ek kyk op na elke boer, groot en klein. Ek wil julle laat weet dat julle in my gebede is. Ek wil julle laat weet dat julle die fondasie van die land is en dat sonder julle ons niks kan doen nie. Hou moed, hulp is op pad. Hou moed, mense bid vir julle. Hulp is op pad! Hou moed, ons het julle nodig.





bereik
nuwe hoogtes

jou verskaffer van
landboukalk



LIMECOR

Die **natuurlike** manier
van **vooruitgang**

Straatadres: Lyttelton Dolomietmyn, Bothalaan
Lyttelton Suid-Afrika
Posadres: Posbus 14014, Lyttelton, 0140

LimeCor'n filiaal van Afrimat Bpk.

Kontak ons by: 079 107 LIME | 079 107 5463 | info@limecor.co.za | www.limecor.co.za



Aftrede

en opvolgbeplanning vir boere

deur Adv. Kobus Engelbrecht, bemarkingshoof van Sanlam Besigheidsmark

'n Mens hoor soms die stelling dat boere nie aftree nie en gevolglik ook nie vir aftrede voorsiening hoef te maak nie. Maar is dit waar? Boere se omstandighede is nie dieselfde nie, en daarom moet elke boer sy eie omstandighede in ag neem om oor die geldigheid van hierdie stelling te besin.

As 'n boer nie kinders het wat sy boerdery een of ander tyd gaan oorneem nie, sal hy heel waarskynlik beseft dat sy gesondheid en/of afnemende lewenskrag hom iewers in die toekoms gaan noop om op te hou boer. Wat dan? Verhuur of verkoop hy sy plaas? Sal die huur of verkoopprijs genoeg wees om in sy finansiële behoeftes te voorsien? Sê nou daar is nie 'n huurder of koper op die tydstip wat die boer gedwing word om af te tree nie?

Die boer het dalk 'n kind of kinders wat die boerdery by hom gaan oorneem. In so 'n geval is dit belangrik dat die wyse waarop hierdie oornome plaasvind, behoorlik deurdink word. Verkoop die boer sy plaas aan die kind(ers)? Indien meer as een kind betrokke is, op wie se naam word die plaas oorgedra? Watter belastingimplikasies het hierdie transaksie? Hoe gaan die transaksie gefinansier word? Dalk word die grond nie verkoop nie, maar neem die kind(ers) net die boerdery oor. Hoe werk die vergoeding aan die boer dan? Is daar 'n behoorlike kontrak tussen die boer en sy kind(ers)? Wat is die finansiële implikasies van hierdie transaksie? Sal die inkomste uit die plaas genoeg wees vir die boer, sy kind(ers) en hulle gesin(ne)?

Uit bogenoemde vrae is dit duidelik dat aftrede en opvolgbeplanning nie iets is wat kort voor die beplande



aftrede gou-gou afgehandel kan word nie. Dit moet lank voor die tyd beplan word. Op dié wyse word verseker dat die regte strukture opgerig word, die nuwe boer toegerus word met die regte vaardighede en dat daar genoeg fondse beskikbaar is om aan die afgetrede boer 'n inkomste tydens sy aftrede te verskaf.

Die toekoms is onseker. Huurders en kopers by aftrede, of finansiering vir die boer se kinders om die plaas te koop, is dalk nie beskikbaar nie. Boere kan hierdie onsekerhede vermy deur so vroeg as moontlik vir hulle spesifieke omstandighede te begin beplan en dan daardie planne in werking te stel.

As 'n mens in ag neem dat die oordrag van die boerdery van een geslag na die volgende verreikende gevolge vir die hele familie inhou, is dit 'n aangeleentheid wat met groot sorg aangepak moet word. Heel moontlik beskik die boer en sy familie nie oor die kundigheid om alle vrae te beantwoord nie. Raadpleeg gerus kundige mense, maar onthou – dis jou rykdom en jou familie se toekoms wat hier ter sprake is, en daarom rus die finale verantwoordelikheid op jou.

VANDAG SE BOERE IS MEER AS NET BOERE.



Die moderne boer staan talle uitdagings in die gesig en moet verskillende baadjies dra om hulle te oorkom. Jy sien om na jou plaas, jou werkers, jou bates, jou huis en jou gesin. Santam verstaan hoe baie van jou verwag word en daarom neem ons 'n wetenskaplike benadering tot die beskerming van jou oeste, sowel as jou boerdery- en persoonlike bates. Want ons glo jy verdien uitsonderlike versekering. **Vir meer inligting, bel jou makelaar of besoek www.santam.co.za/products/agriculture.** Santam. Regte, egte versekering.



Wanneer 'n mens jou testament opstel, is dit belangrik om ondubbelsinnige woorde te gebruik. Iets wat nou baie eenvoudig en ongekompliseerd voorkom, kan later 'n groot probleem veroorsaak.



'n Boer se nalatenskap Slaggate om te vermy

deur Adv. Kobus Engelbrecht, bemarkingshoof van Sanlam Besigheidsmark

Ek gaan voorafgaande stelling met die volgende praktiese voorbeeld toelig: Gestel 'n boer besit onder andere 'n plaas en 'n woonhuis op die naaste dorp. Hy bemaak die plaas aan sy seun en die woonhuis aan sy dogter. Omdat daar 'n groot verskil in die waarde van die plaas en die woonhuis is en hy sy kinders gelykop wil laat erf, bemaak hy ook 'n bedrag geld aan sy dogter. Die woonhuis word in die testament bloot as "my woonhuis" beskryf.

Nadat die boer sy testament opgestel het, koop hy 'n huis in 'n kUSDorp. Die gesin gebruik hierdie huis gedurende vakansies. Die boer pas nie sy testament aan om hierdie laasgenoemde huis spesifiek aan iemand te bemaak nie. Regtens val dié huis nou in die restant van sy boedel. Die boer tree af en hy gaan woon in die huis by die see. Nou kom die boer te sterwe. Die vraag is nou: watter een van hierdie twee huise is sy woonhuis? Watter huis moet die dogter erf? Die potensiaal vir konflik is nou baie groot, want, gestel die dogter neem die standpunt in dat die huis op die kUSDorp haar pa se woonhuis was aangesien hy die laaste ruk van sy lewe daar gewoon het, en die seun sê nee, die woonhuis is die huis op die dorp aangesien dit die enigste woonhuis was wat hulle pa besit het toe hy sy testament laat opstel het. So 'n geskil kan uiteindelik in die hof beland met die gevolglike koste daaraan verbonde, sowel as die onenigheid wat dit in die familie kan veroorsaak.

Die oplossing om hierdie probleem te voorkom is om die ligging van die woonhuis in jou testament te beskryf. Byvoorbeeld, "Ek bemaak my woonhuis geleë te Leliesstraat 2, Cradock aan my dogter". Op hierdie wyse word enige twyfel uit die weg geruim. Onthou ook om jou testament aan te pas as jy 'n woonhuis verkoop en 'n ander een koop.

Gestel nou jy bemaak jou woonhuis aan jou dogter en jy omskryf dit baie spesifiek. Nou verkoop jy hierdie huis en koop 'n ander huis, maar jy pas nie jou testament aan nie. In jou testament word dus 'n woonhuis wat jy nie meer besit nie, aan jou dogter bemaak. Nou ontstaan daar 'n vraag oor jou bedoeling. Het jy bedoel dat jou dogter die woonhuis wat jy in die plek van die eerste een gekoop het moet erf of nie? Weereens ontstaan die moontlikheid van konflik en die gepaardgaande koste. Wysig jou testament dus wanneer jy bates koop en verkoop.

Motorvoertuie en meubels kan baie maklik ook die bron van dubbelsinnigheid en konflik wees. Net so ook aandele. Die boer het byvoorbeeld 'n aantal Sanlam-aandele besit in die stadium toe hy sy testament opgestel het. Hy bemaak nou in sy testament as volg: "Ek bemaak al my aandele aan my seun Jan." Wanneer die boer sterf, besit hy egter 'n uitgebreide aandeleportefeulje. Wat was sy bedoeling? Moet Jan nêr die Sanlam-aandele erf of alle aandele? Weereens 'n potensiële bron van konflik.

Die bemaking van kontant kan ook 'n moontlike uitlegprobleem skep. Gestel die boer bemaak as volg in sy testament: "Ek bemaak al my kontant aan my vrou." Wat presies bedoel hy hiermee? Die kontant in sy beursie, die kontant in sy kluis, die saldo van sy tjekrekening, spaarrekening, geldmarkrekening of wat? Deur eenvoudig te sê "Ek bemaak R100 000 aan my vrou" en daarvoor voorsiening te maak, sal al hierdie onsekerhede uit die weg geruim word.

Om te verseker dat jou nalatenskap werklik jou wense weerspieël, is dit belangrik dat jou boedelbeplanning en die opstel van jou testament met groot sorg gehanteer word.



Luiperd

André W Diederichs

Kern-sakelesse uit die natuur is vervat in my boek Besigheidsoerwoud en word hierdie sakelesse oor 15 uitgawes bespreek

Die toer deur BESIGHEIDSOERWOUD gaan voort...

Die eerste sakeles wat bespreek word, is om mededingend te bly in die globale ekonomie en dit word verbind met die luiperd.

Luiperds, soos huiskatte, kan baie afgesonderd leef. Hulle het ongelooflike klimvaardigheid en is nie skugter vir water nie. Dis 'n sterk dier wat karkasse van meer as 50 kg teen 'n vertikale boom kan opdra. Manlike luiperds kan tussen 20 en 90 kg weeg terwyl die vroulike spesie maar tussen 17 en 60 kg weeg. Luiperds het die vermoë om tot 60 km/u te hardloop.

Die uitwerking van 'n droogte by Mala-Mala het my verstom en letterlik geskok, toe ek sien hoe die normale reëls van die oerwoud tussen roofdiere verander in tye van erge swaarkry. Soos die voedsel minder en watergate kleiner geword en selfs verdwyn het, het die swaarkry toegeneem en die gedrag van diere al hoe minder voorspelbaar geraak. Dit het 'n punt bereik van totale desperaatheid en alle tafelmaniere het verdwyn soos wat die jagter in 'n prooi verander het.

Hierdie dieregedrag kan vergelyk word met die uitdagings wat entrepreneurs ervaar in 'n globale ekonomie. Soos handelsooreenkomste tussen lande toeneem, raak dit makliker om buitelandse markte te betree. Meer en meer mededingers betree dus dieselfde markplek en sodoende word 'n *surplus-ekonomie* geskep wat tradisionele winstrome kannibaliseer. Dit lei weer tot 'n krimpemde markplek, aangesien geleenthede minder word soos mededinging toeneem.

'n Voorbeeld van die impak van handelsooreenkomste is die handelsooreenkoms tussen Suid-Afrika en China. Een van die items wat China na Suid-Afrika kan uitvoer is tekstielprodukte. Hierdie ooreenkoms het Suid-Afrika, in die tekstielbedryf alleen, 80 000 werkgeleenthede in een jaar gekos! Die vraag ontstaan hoekom Suid-Afrika dan nie teen China in 'n verskeidenheid van markte kan meeding nie?

Die antwoord is natuurlik produktiwiteit en hiermee saam die kostes van arbeid. Kom ons vergelyk 'n voorbeeld. Tydens die druk van my boek was die minimumloon in die motorindustrie in Suid-Afrika R46 per uur. Die minimumloon in hierdie industrie in Indië was R8 per uur en in China was dit slegs R3,50 per uur!

Die luiperd het ons ook 'n belangrike les geleer. In 'n era van oorvloed, waar daar te veel van dieselfde is, is die uitdaging om skaarsheid te skep. Die luiperd doen dit deur sy prooi te vang en in die boom te klim, weg van enige diere-mededinging. So moet die entrepreneur ook skaarsheid skep in 'n tyd van oorvloed. Die uitdaging is om jou aanbod aan

die markplek te differensieer op 'n wyse wat die mark na jou produk of diens sal aanlok. Skep 'n unieke verkoopproposisie, anders as die res van die mark!

Ek het 'n baie praktiese voorbeeld van 'n entrepreneur wat skaarsheid geskep het in Hong Kong geleer. 'n Aantal jaar gelede het ek in Hong Kong rondgestap op pad na Taiwan. Ek was onder die indruk dat ek 'n kamera goedkoper daar kan koop as in Suid-Afrika. Ek wou net opgee, toe sien ek 'n winkel wat my in my voetspore laat stuit het. Ek kon amper nie my oë glo nie. Die winkel se naam is Van der Merwe Electronics, Cape Town en "Beste Prys" in my huistaal, Afrikaans!

Daar was nie 'n manier wat ek, as Afrikaanssprekende, by die winkel kon verby loop nie. Ek wou weet wie is dié mnr. Van der Merwe wat Afrikaans praat in die middel van Hong Kong! Ek stap toe die winkel binne op soek na mnr. Van der Merwe, net om uit te vind daar is geen mnr. Van der Merwe nie. Al laggend vertel die Chinees my toe die storie...

Meer as 20 jaar gelede het hy baie Suid-Afrikaners Hong Kong sien binnekom en het begin dink hoe kan hy Suid-Afrikaners na sy winkel lok. Hy vra toe aan 'n groepie Suid-Afrikaners wat die mees bekende van in Suid-Afrika is en hul sê toe "Van der Merwe". Hy vra toe verder wat die mooiste plek in Suid-Afrika is en wat is "best price" in Afrikaans. Hulle sê toe "Cape Town" en "beste prys". Dit word toe die naam van sy winkel en só het hy reeds oor jare derduisende Suid-Afrikaners sy winkel ingelok. O ja, ek het toe my kamera by hierdie laggende Chinese sakeman in Hong Kong gekoop!

Die laaste les uit Mala-Mala kom van die hiëna en die luiperd. Die hiënas, wat bekend is as die lafaards van die veld, het ook hulle gedrag begin verander, soveel so dat hulle luiperds begin uitdaag het.

Die luiperd wat skaarsheid skep deur sy prooi te vang en bo in die boom te klim weg van mededinging, het lui begin raak. Hy het nie hoog genoeg in die boom met sy prooi geklim nie en sodoende die honger hiënas die geleentheid gegee om sy prooi aan die poot beet te kry en dit van die luiperd af weg te trek.

Die les vir sakepersone is duidelik: Dit is gevaarlik om gemaksones te ontwikkel, om veilig te voel en te lui te raak om mee te ding. As mededingers honger genoeg raak, sal hulle jou aanbod van skaarsheid skroomloos aanvat.

Die luiperd sal nooit hierdie les vergeet nie. Volgende keer sal hy hoër in die boom klim en onthou dat in tye van intense mededinging, nie-tradisionele mededingers se gedrag kan verander om die status quo uit te daag. Entrepreneurs moet dit in gedagte hou en op innoverende maniere fokus om te kompeteer. Pasop vir gemaksones, dit mag dalk net jou profyt opvreet!



Gemiddelde grondpryse

deur Michelle Ellis (Landbou-ekoonom, Reitz)

Die gemiddelde prys per hektaar betaal in die Oos-Vrystaat dui op 'n positiewe groeikurwe oor 'n tydperk van 15 jaar.


In die voorafgaande artikel is die tendense in aantal plase verkoop, sowel as hektaar verkope ondersoek. In hierdie artikel word die gemiddelde grondpryse per hektaar bestudeer, tesame met faktore wat 'n moontlike invloed kan hê op die markpryse van grond. Die vraag of hierdie styging in grondpryse steeds sal voortduur, word ook bespreek.

Gemiddelde prys per hektaar betaal

Die gemiddelde prys per hektaar betaal in die tydperk van 15 jaar weerspeël 'n duidelike opwaartse tendens (Figuur 1). Die prys per hektaar van 1999 tot 2003 het toegeneem met 17%. Vanaf 2003 tot 2008 was die toename in prys 225%. Die positiewe tendens is langdurig en 'n toename in prys van 85% van 2008 tot 2012 volg. 'n Verdere toename van 53% kom voor tot en met 2015.

Die totale gemiddelde prys per hektaar betaal oor die tydperk van 15 jaar is R4 572. Die hoogste gemiddelde prys per hektaar betaal was in 2014 met R13 046.


in die Oos-Vrystaat



Figuur 1: Gemiddelde Rand per hektaar betaal

In die Oos- en Sentrale subgebiede gebeur dieselfde met 'n toename in gemiddelde prys per hektaar van 12% en 31% onderskeidelik van 1999 tot 2003. Die toename verlangsamaan tot en met 2008 met 'n toename van onderskeidelik 240% (Oos) en 175% (Sentraal). Van 2008 tot 2012 is daar 'n toename in prys per hektaar van onderskeidelik 86% en 93%. Van 2013 tot 2015 is daar steeds 'n toename van 67% in die Ooste en 36% in die Sentrale gebied (figuur 2). Hoër grondpryse in die Ooste kan toegeskryf word aan die laer aantal grondeise in hierdie spesifieke distrik. Producenten wat wel plase verloor het as gevolg van grondeise, het veral grond in die Vrede-distrik aangekoop weens die gunstige ligging na Gauteng.

In die Oos- en Sentrale deel van die Oos-Vrystaat was die gemiddelde prys per hektaar betaal onderskeidelik R4 859 en R3 925. Die hoogste gemiddelde prys per hektaar betaal in beide die Ooste en Sentrale gebied was in 2014 met onderskeidelik R13 913 en R11 449.



Figuur 2: Gemiddelde Rand per hektaar per gebied

Tabel 1 som die gemiddelde prys per hektaar op wat betaal is oor 15 jaar in die twee subgebiede, tesame met 'n algehele gemiddelde.

	Gemiddelde Prys (R/ha)
Oos	4 859
Sentraal	3 925
Totaal	4 572

Tabel 1: Gemiddelde pryse per hektaar betaal

Faktore wat die markpryse van grond in die langtermyn kan beïnvloed:

- **Inflasie** – Inflasie het 'n kosteknyptang tot gevolg deurdat insette se pryse meer styg vergelykend met dié van die kommoditeitspryse. Produsente se besteebare inkomste neem af, wat terugbetalingsvermoë beïnvloed en dus die vraag na grond laat daal.
- **Wisselkoers** – 'n Verswakte wisselkoers hou voordeel in vir produsente wat kommoditeite uitvoer en het goeie kontantvloei en terugbetalingsvermoë tot gevolg. Die vraag na grond waarop kommoditeite vir die uitvoermark geproduseer word, kan dus toeneem omdat hierdie produsente steeds wins maak.
- **Rentekoerse** – Hoë rentekoerse beïnvloed terugbetalingsvermoë van produsente, aangesien hoër rentekoerse die koste om geld te leen

verhoog, wat die finansiële volhoubaarheid van die produsent direk kan beïnvloed.

- **Politieke wetgewing** – Politieke wetgewing (ontfeieningswetgewing) kan 'n nadelige invloed op grondpryse hê, deurdat dit onsekerheid oor die toekoms van landbou in Suid-Afrika te weeg kan bring en dus die markwaarde van grond kan laat daal.
- **Klimaatstoestande** – Die kummulatiewe uitwerking van die droogte kan oorlaatskuld tot gevolg hê en die verkryging van produksiekapitaal vir die nuwe seisoen beïnvloed, wat ook die terugbetalingsvermoë van produsente direk beïnvloed en dus dan ook die markpryse van grond.

Gaan die styging in grondpryse steeds voorduur?

Daar is 'n besliste moontlikheid dat grondpryse kan daal. Verskeie redes kan hiervoor aangevoer word. Een van hierdie redes is dat moeilike produksietoestande produsente finansiëel onder druk plaas. Dit beteken dat die diensbaarheid van produksielenings, verbande en huurkope in gedrang is. Produsente kan dan moontlik oorweeg om grond te verkoop. Dit kan 'n styging in prase wat te koop aangebied word te weeg bring, wat markpryse sal onderdruk.

Die huidige moeilike ekonomiese omstandighede, tesame met inflasie, veroorsaak ook dat grondkopers se koopkrag ingeperk word, wat ook laer markpryse te weeg sal bring. Politieke onstuimighede en onsekerhede rakende grondeienaarskap sal beslis ook 'n demper op grondpryse plaas.

Gemiddelde grondpryse was hoog die afgelope paar jaar. Pryse was van so 'n aard dat die markprys van die grond die produksiewaarde oorskry het. Dit beteken dus dat die prys wat vir die grond betaal is hoër is as die terugbetalingsvermoë van die grond.

Met inagneming van bogenoemde bestaan die moontlikheid beslis dat daar 'n daling in grondpryse kan voorkom in die nabye toekoms. Die stygende tendens in die markpryse van grond is dus dalk werklik iets van die verlede.

Beplan vir die basiese om herstel van die droogte te versnel



MC Look

Indien die onlangse goeie reëns 'n aanduiding is dat die El Nino-weerstelsel met 'n La Nina vervang gaan word, sal boere sorgsaam moet beplan om van die droogte te herstel.

So sê MC Look, senior bestuurder van Agribesigheid by Standard Bank.

“Dis uiters belangrik om nie in te gee tot die natuurlike versoeking om na idees en optredes te gryp in die hoop om binne 'n enkele seisoen te herstel van die ergste droogte wat hierdie land in 60 jaar beleef het nie.

“Dis baie beter om terug te keer na die basiese goed om te verseker dat jy 'n goeie grondslag lê vir volgehoue welvaart vir jou plaas en vir die waardekettings waarvan dit deel is.

“Die droogte sou jou in elk geval met die een of ander vorm van skuld gelaat het. Dus, om nou finansiering vir die volgende seisoen te kry, sal jy in jou sakeplan duidelik bewys moet lewer dat die basiese dinge in plek is.”

Begin deur die optimale plantdatums in jou gebied te respekteer en jou grond nou voor te berei. Vogmeters en grondmonsters sal jou help om te besluit in watter landerye geplant moet word en watter eers braak moet lê.

Winterploeg kan die grond se vermoë om vog te absorbeer, verbeter en jou help om vog deur die seisoen te behou. Maar nie as die eerste reën eers laat in die plantseisoen verwag word nie. Om droë grond te ploeg is duur en vernietig die struktuur van die grond. Werk liever vinniger in die verkorte bewerkingsperiode ná die eerste reëns en voordat die optimale plantvenstertydperk sluit.

“Vir al hierdie voorbereidings moet jou trekkers en ander toerusting in werkende toestand wees,” sê Look. “Om die breek van sulke toerusting te vermy beteken dat vervangingsprogramme in plek gehou word en dat instandhoudingskedules nagekom word. Weereens, dit beteken dat jy 'n duidelike, praktiese sakeplan vir jou finansier moet voorlê.”

Kultivarkeuse is nog 'n manier om die reën wat verwag word, optimaal te gebruik. Wat jy wil hê is die beste mengsel van kort en lang groeiers wat van toepassing is vir jou plaas se toestande en plantdatum tesame met bogemiddelde opbrengswaarskynlikheid vir die beplande opbrengspotensiaal.

“Dit is egter die beste om nie te veel in so 'n hestelfase te eksperimenteer nie,” sê Look. “Kry dus raad van kenners, soek na 'n entrepreneuriese balans tussen waarskynlikhede en harde feite – en fokus daarop om dít wat jy ken, goed te doen.”

Look raai boere ook aan om hul finansiers so gou as moontlik te nader met hulle planne vir die volgende seisoen. “Gee jou finansier genoeg tyd om uit te werk hoe hy jou die beste kan help. Onderhandelings sal waarskynlik kompleks en uitgebreid wees en mag nuwe bepalings en voorwaardes insluit.”

Weereens is die basiese beginsels van toepassing. As jy oordraskuld het, vermy om dit oor 'n lang tydperk te versprei. Omdat dit lewensvatbaarheid beperk, kan dit jou in 'n onmoontlike situasie plaas indien 'n ander onvoorsiene gebeurlikheid voorkom. Werk saam met jou finansier om 'n middeweg te vind tussen die termyn van geherstruktureerde skuld en vrye kontantvloei waarmee jy jou skuld kan betaal.

Dit plaas jou ook in 'n posisie om die onbestendigheid van die mark – wat veral nou van toepassing is – beter te bestuur as jy nou al met jou finansier gesels.

Verskansing is 'n besonder doeltreffende manier om dit te doen. Deur 'n derde van jou langtermynoes te verskans op opsies, nog 'n derde op die toekoms en die res onverskans te laat, sal jy jou produksiekoste dek terwyl die meerderheid (twee derdes) van jou oes aan 'n bulmark blootgestel word, wat jou die maksimum potensiaal vir wins gee.

Volgens Look is balans die sleutel. “Bestendige, oorwoë, sinvolle taktieke gegrond op praktyk, tesame met 'n bietjie innovasie waar van toepassing vir herstel, sal jou die volle voordeel tot makliker tye bied.



Kontantvloei / Oplossings van / die plaas tot die meule.

Kom ons praat Agribesigheid.

Ons Agribesigheidspan is nie alleen bankiers nie, maar inderdaad kenners van hierdie dinamiese sektor. Ons bied toegang tot bedryfskapitaal, asook die buigsaamheid wat jy nodig het om jou besigheid te bestuur. Dit is hoekom meer besighede Standard Bank as enige ander bank in Suid-Afrika kies. Vir meer inligting, besoek www.standardbank.co.za/business

Standard Bank Voluit Vorentoe™

deur dr. Philip Theunissen

ADAM SMITH

Ekonomiese vryheidsvegter!



Adam Smith was 'n Skot van geboorte en het van 1723 tot 1790 in Skotland gewoon en gewerk. Hoewel hy as ekonoom geadmireer word, was hy 'n professor in morele filosofie in Glasgow. Sy eerste boek, *The Theory of Moral Sentiments*, was 'n groot treffer en mense het van hom kennis geneem. Hy het hierna sy professoraat opgegee en saam met die hertog van Buccleugh as 'n tutor gereis. Op hierdie reis begin hy sy bekende werk, *The Wealth of Nations*, skryf en die voltooide produk word eers tien jaar later, in 1776, gepubliseer. Die boek was die eerste volskaalse verhandeling wat ooit oor ekonomie geskryf is en het 'n stewige fondament vir die teorie van die produksie en verspreiding van goedere gelê. Eenvoudig gestel het Smith geglo dat private belange in 'n vrye mark met sosiale belange geharmoniseer word en dat dit tot 'n selfregulerende orde, die sogenaamde "onsigbare hand", lei.

Die konteks waarbinne Adam Smith sy teorie geformuleer het, is van uiterste belang. In Engeland, en so ook in sy kolonies, was daar in daardie era twee opponerende politieke faksies, naamlik die Tories en die Whigs. Die Tories het die bestaande orde aangehang en was ten gunste van die koning en ook die hele adelstand wat

daarmee gepaard gegaan het. Die ekonomie was toe in wese 'n stelsel wat deur politici gereël en gereguleer was. Daarteenoor het die Whigs, waarvan Adam Smith 'n aanhanger was, weer 'n vrye samelewing ondersteun waar individue hulle eie ekonomiese aktiwiteite kon reël. Die kolonies se ekonomieë was van nature meer op landbou gebaseer, maar daar was noodgedwonge vakmanne ook nodig. Skrynwerkers, messelaars, grofsmids, wewers, kleremakers, wapensmids en wamakers het ondersteunende dienste aan boere verskaf. Saam met die boere het hierdie vakmanne 'n vrye ekonomie bedryf vir dié eenvoudige rede dat die koningryk bloot te besig met ander sake in die vaderland was en nie die tyd óf die logistiek gehad het om by die kolonies in te meng nie. Daar was wel reëls en regulasies wat die handel moes reguleer maar omdat dit nie in die praktyk toegepas kon word nie, is dit grootliks geïgnoreer. Die "onsigbare hand" is vanweë politieke verwaarlosing toegelaat om sy eie gang in die kolonies te gaan en Adam Smith het die meriete daarvan raakgesien.

Ten tye van die publikasie van *The Wealth of Nations* het die nasies van Europa 'n ekonomiese teorie aangehang wat bekend gestaan het as die Merkantilisme. Dit was by uitstek 'n voorafbeplande ekonomiese stelsel wat sy deelnemers se optrede met rigiede reëls en regulasies beheer het. In die finale instansie het die politici dus die mag gehad om beheer oor alle aspekte van hul onderdane se lewe te verkry. Die onderdane het gehoorsaam gebly, want ter wille van hulle eie oorlewing kon hulle nie die hand byt wat hulle voed nie.

Merkantilisme het ook aangevoer dat die regering die ekonomie moet beheer en bestuur sodat die "regte" mense die voordele daaruit kan trek. Dit het dus oor meer as politieke mag gegaan en het ook ingesluit die ekonomiese voordele wat met 'n magsposisie saamgegaan het.

Vrye mark

Adam Smith het geargumenteer dat vrye mededinging om dieselfde hulpbronne deur individuele entrepreneurs daartoe lei dat die allokasie daarvan geoptimaliseer word

en dat die nasie as geheel gevolglik sy hulpbronne dan op die beste wyse aanwend. Hoewel die individu uiteraard na homself omsien, word hy gereguleer deur die pryse wat die vrye mark vasstel en dat pryse op sigself weer gekontroleer word deur die somtotaal van die reaksie van al die markdeelnemers. Elke individu streef daarna om homself te verryk maar kan sy produk ook net aanbied teen 'n prys wat ander kan bekostig. Op hierdie wyse word arbeid en hulpbronne vanself verdeel en die openbare belang word uiteindelik daardeur bevorder.

Smith het ook geargumenteer dat die samelewing behoorlik georden moet wees sodat die "onsigbare hand" kan funksioneer. Eiendomsreg moet sterk gevestig wees en morele normas en waardes moet bo alles staan. Dan sal ooreenkomste eerbiedig word, mense sal behoorlik ingelig word oor die produkte of dienste wat hulle bekom en die deelnemers se regte kan afgedwing word as daar oortreders binne hierdie ordelikheid is.

Selfs vandag nog stem politici nie noodwendig met Adam Smith saam nie en hulle vind die moontlikheid om gewone mense se lojaliteit deur middel van ekonomiese gunste te koop, steeds uiters aantreklik. Hulle argumenteer dat die vrye mark tot monopolieë lei, kroniese ekonomiese krisisse veroorsaak, die inkomstegaping tussen ryk en arm vergroot en die armes degradeer. Daarom hou hulle gesentraliseerde ekonomiese kontrole as die oplossing voor. Smith argumenteer dat hierdie optrede van politici juis die balans in 'n samelewing versteur maar ontken ook nie dat die vrye mark wel gebreke het nie. Hy voer egter aan dat die "onsigbare hand" vinniger en effektiewer wanbalanse sal regstel as wat politieke inmenging dit sal doen.

Smith argumenteer baie sterk dat om hulpbronne op 'n gesentraliseerde manier te allokkeer, op 'n groter skaal tot korupsie en vernorsing lei. Hy is van mening dat niemand beter na geld omsien as die eienaar daarvan nie. Geen politikus sal dus met dieselfde nougesetheit na ekonomiese hulpbronne kan omsien as diegene wat dit self besit nie. In 'n staatsbeheerde ekonomie, voer Smith aan, word geleentheid vir politici geskep om hulleself bo die res te kan ag. In hulle sogenaamde voorneme om die ekonomiese hulpbronne regmatig tot gelyke voordeel van almal te bestuur, is konings en ministers sonder uitsondering die mees spandabelrige deelnemers aan so 'n beheerde ekonomie.

TABEL: RANGORDES VAN EKONOMIESE VRYHEID, 2013

Land	Indeks	Rangorde
Boonste 10:		
Hong Kong	8.87	1
Singapore	8.39	2
New Zealand	8.21	3
Switserland	8.15	4
Mauritius	8.07	5
Ierland	8.07	6
Canada	8.00	7
Australië	7.99	8
United Kingdom	7.98	9
Unit. Arab Em.	7.91	10
Suid-Afrika	6.88	68
Laagste 10:		
Iran	5.65	114
Malawi	5.60	115
Gabon	5.52	116
Myanmar	5.30	117
Zimbabwe	5.24	118
Argentinië	5.18	119
Congo, Rep. Of	4.90	120
Syrië	4.84	121
Algerië	4.67	122
Venezuela	3.09	123


Bron: *Economic Freedom of the World: 2015 Annual Report*

Wie is die beste af?

Robert A. Lawson, mede-outeur van die *Economic Freedom of the World* se jaarlikse verslae, voer aan dat dit met verloop van tyd uit hul navorsing al duideliker word dat die lewenstandaard in lande wat vryer ekonomiese stelsels het, aansienlik hoër is as dié van lande waar daar 'n groot mate van staatsinmenging is. Die verskil is ooglopend in maklike vergelykbare lande soos Noord- vs Suid-Korea, Oos- vs Wes-Duitsland, Estonië vs Finland, Kubane in Florida vs Kubane in Kuba. In elk van hierdie gevalle is die inwoners in haas elke opsig beter af in die vrye ekonomieë as dié in die staatsbeheerde ekonomieë.


Die *Economic Freedom of the World* het 'n vryheidsindeks wat op 'n vyfledige kriterium gegrond is, naamlik die grootte van die regering in terme van uitgawes, belasting en staatsondernemings; die regstelsel en die beskerming van eiendomsreg; toegang tot 'n betroubare bankstelsel, vryheid van internasionale handel en die regulatoriese beheer ten opsigte van kredietverlening, arbeid en sakebedrywighede. Teen hierdie agtergrond verskyn die ekonomiese vryheidsindeks van die tien vryste lande en die tien onvryste lande teenoor die indeks van Suid-Afrika in die tabel.

Volgens die *Economic Freedom of the World* se verslag van 2015 is Suid-Afrika se ekonomie met sy indeks van 6,88 die 68ste vryste van die 123 lande wat gemeet is. Die land met die vryste ekonomie is Hong Kong terwyl Venezuela die mees beheerde ekonomie van al hierdie lande het. Die *Economic Freedom of the World* gaan ook verder deur die vryheidsindeks met sekere ekonomiese aanwysers te vergelyk. Die ekonomiese groei van die lande, volgens kwartiele van ekonomiese vryheid, verskyn in Grafiek 1.



Volgens grafiek 1 is daar 'n hoër ekonomiese groei koers in lande waarvan die ekonomieë die meeste vry is. Hoewel die verskil tussen die onderskeie kwartiele nie noodwendig progressief is nie, is daar tog 'n beduidende verskil tussen die groei koers van lande wat die minste ekonomies vry is en dié wat die meeste ekonomies vry is.

Die per capita inkomste van die bevolkings, volgens kwartiele van ekonomiese vryheid, verskyn in Grafiek 2.



**BASE
CAMP**
ADVENTURE GEAR
EST. 2007



LES JOU DORS NA AVONTUUR

Ons is almal lief vir die buitelug, die gevoel van avontuur of net die rustigheid. Jy kan die prag en wonder van die buitelêwe soveel meer geniet met die gehalte en bekostigbaarheid van die Basecamp reeks.


Of jy 'n avontuurlustige persoon of 'n entoesiastiese kampeerder is, Basecamp sal jou help ontsnap.



prodist
Kamper sekerheid

Landewyd beskikbaar by uitgesoekte handelaars.
Besoek www.prodist.co.za vir meer

GRAFIEK 3: EKONOMIESE VRYHEID VS INKOMSTE VAN ARMSTE 10%




Grafiek 3 toon aan dat die inkomste wat deur die armste 10% van die bevolking verdien word, aansienlik hoër is in lande met die mees vrye ekonomieë. Hierdie inkomste neem ook progressief toe namate lande se ekonomieë meer vry word.

Adam Smith het daie duidelik nie verniet vir ekonomiese vryheid geveg nie. In teenstelling met die algemene opvatting wat veral deur politici verkondig word, het die vrye mark, ook vir die armes, beduidend meer voordele as staatsbeheerde ekonomieë. Die probleem lê veel eerder by die persepsie wat rondom die vrye mark geskep word, naamlik dat dit gierigheid en onetiese gedrag aanmoedig. Die teendeel is eerder waar, naamlik dat staatsbeheerde ekonomieë by verre meer geleenthede vir korrupsie, bedrog en staatskaping skep. 'n Vrye ekonomie daarteenoor vergoed nie net dié wat vir hulle self welvaart skep nie, maar ook diegene vir wie die ekonomiese stelsel werksgeleenthede, produkte en dienste skep.



Ware vryheid

Die *Economic Freedom of the World* beskryf ware ekonomiese vryheid se hoekstene as persoonlike keuses, vrywillige handel in gekoördineerde markte, vryheid van toegang tot markte en die beskerming van mense se eiendomsreg teen die aggressie van ander. In so 'n vrye stelsel het individue dus die reg om hulle eie tyd, talente en hulpbronne tot hul eie voordeel aan te wend, maar hulle het nie die reg om beslag op ander individue se besittings te lê nie of daarop aan te dring dat ander mense se besittings aan hulle oorgedra moet word nie. Die gebruik van geweld, diefstal, bedrog of fisiese beslaglegging om welvaart op te bou is dus ontoelaatbaar in 'n ware vrye ekonomie. In so 'n stelsel is dit die staat se verantwoordelikheid om 'n omgewing te skep waarbinne individue vry is om hul eie besluite te kan neem oor hoe en met wie hulle wil handel dryf, sonder vrees dat hulle hul besittings deur staatsinmenging kan verloor. Die "onsigbare hand" het uiteindelik maar 'n wrede manier om op die lang duur wel sy wil op regeerders af te dwing wat hierdie beginsels verontagsaam.



Roundup
PowerMAX[®]
HERBICIDE

011 790-8200

www.monsanto.co.za

Kliënte is welkom om ons op ons
kliëntediens-telefoonnommer of
e-posadres te kontak: 011 790-8200
of customer-care.sa@monsanto.com

Roundup PowerMAX[®] bevat glifosaat 540 g/ℓ.
Versigtig. Reg. No. L7769 (Wet No. 36 van 1947).
Gebruik onkruidodders op 'n veilige manier. Lees altyd
die etiket en produkinligting voor gebruik.

Monsanto, Roundup[®], **Roundup Ready**[®] en
Roundup PowerMAX[®] is geregistreerde
handelsmerke van Monsanto Technology LLC.
Monsanto Suid-Afrika (Edms) Bpk,
Posbus 69933, Bryanston, 2021.

Maak staat op suksesvolle onkruidbeheer ...

Met die regte kombinasie en gebruik van
Roundup Ready[®]-produkte.

Suksesvolle onkruidbeheer in **Roundup Ready**[®]-mielies, -katoen en -soja
verg bloot die perfekte kombinasie van puik produkte. Soos Monsanto
se **Roundup PowerMAX**[®] wat deel uitmaak van 'n onoortreflike
onkruidbeheerprogram in gewasse.

Roundup PowerMAX[®]:

- Is effektief - as enkelprodukt of in kombinasie met geregistreerde produkte!
- Waarborg gewasveiligheid!

Roundup PowerMAX[®] plaas jou in beheer.

**Vir doeltreffende onkruidweerstandsbestuur beveel Monsanto
aan dat Roundup PowerMAX**[®] **met ander geregistreerde
produkte gekombineer moet word in 'n onkruidbeheerprogram.**

Vir effektiwiteit en gewasveiligheid, asook die korrekte gebruik van die
produkt, verwys na die produketiket vir volledige gebruiksaanwysings. Slegs
met die korrekte en verantwoordelike gebruik van **Roundup PowerMAX**[®],
het jy uitstekende beheer oor onkruid en sal jou gewasse en jou wins groei.

Sonkrag

deur **Ruhan Theunissen**
Energie-ingenieur VKB

'n Waardevolle belegging vir jou besigheid

Een van die grootste bekommernisse wat besighede en nywerhede deesdae in die gesig staar is stygende produksiekoste. 'n Groot, groot dryfveer daaragter is sekerlik elektrisiteittariewe wat bó inflasie gestyg het die afgelope dekade.

Hierdie addisionele koste kan net tot op 'n punt aan die kliënt afgewentel word wat beteken dat besighede ander planne moet begin maak om kompetend te bly. Een manier wat in gewildheid begin toeneem, is fotovoltaïese sonkragstelsels (Solar PV) om elektrisiteitskoste te bespaar.

Die kombinasie van stygende elektrisiteitskoste en stelsels wat meer bekostigbaar raak, maak dit nou 'n finansiële haalbare opsie vir baie besighede. Dit is egter belangrik om eers deeglik huiswerk te doen en na al die aspekte van sonkrag te kyk voor daar blindelings daarin belê word.


Geskiedenis van sonkrag

Die eerste bruikbare fotovoltaïese tegnologie het in die 1950's verskyn en die eerste noemenswaardige gebruik daarvan was in ruimtevaart en satelliete. Hierdie eerste panele wat ontwikkel was, het 'n effektiwiteit van slegs 8%

gehad terwyl hedendaagse panele 'n effektiwiteit van tussen 16% en 18% behaal en nog steeds verbeter.

Hoewel dit wyd toegepas was in ruimtevaart was dit nog nie die geval hier op aarde nie. Kommersiële aanwending was traag as gevolg van die hoë koste en dit was slegs in baie uitsonderlike gevalle gebruik. Tydens die oliekrise van die 1970's was daar 'n geringe oplewing in die ontwikkeling en aanwending maar steeds nie so dat sonkrag 'n algemene praktyk geword het nie.

Panele se gehalte en effektiwiteit het sedertdien aansienlik verbeter en tesame daarmee het die koste ook afgekom. Danksy hierdie lang geskiedenis en ontwikkeling is die tegnologie nou uiters betroubaar en veelsydig. Aanwending strek nou van 'n individuele huis wat net homself van krag wil voorsien tot massiewe sonkragplase met honderde megawatt se kapasiteit en nog steeds in ruimtevaart ook.



Motivering vir sonkrag

Die doel van 'n sonkragstelsel kan uit twee oogpunte gesien word, naamlik om dit net as 'n kostebesparingsmaatreël te gebruik of om totaal selfvoorsienend te wees.

Die opsie om selfvoorsienend te wees is ongelukkig nog nie 'n haalbare opsie vir meeste groot kragverbruikers nie. Daar kom 'n punt waar 'n batterystelsel eenvoudig net te duur en onprakties is om ten volle van sonkrag afhanklik te wees. In sulke gevalle moet 'n sogenaemde "grid-tie"-stelsel gebruik word. Dit beteken dat 'n gedeelte van die krag deur sonkrag opgewek word en die res aangevul word deur 'n normale munisipaliteit of Eskom-verbinding. In so geval is kostebesparing die primêre doelwit.

Behalwe vir die voordeel van kostebesparing en 'n mate van beskerming teen tariefverhogings is daar ook die omgewingsfaktor wat met sonkrag gepaard gaan. Plaaslik en internasionaal is daar al hoe meer druk om ons koolstofvoetspoor te verminder. Hoewel koolstofbelasting nog nie in Suid-Afrika toegepas word nie, is daar al wetgewing in die pyplyn. Dit is nog onduidelik hoe en wanneer dit geïmplementeer gaan word, maar as dit kom kan sonkrag 'n verligting in hierdie opsie ook bied.

Koste en besparing van sonkrag

Die koste van 'n sonkragstelsel en die besparing wat daaruit realiseer, hang grootliks af van die kliënt se behoeftes, huidige verbruikspatrone en tariewe en die uitleg van die stelsel.

'n Elektrisiteitstarief word uit verskillende komponente saamgestel. Hoofsaaklik is daar koste vir die aantal kilowatt-ure gebruik, maksimum las en diens- en netwerkfooie ook. Omdat 'n sonkragstelsel se uitset in die middel van die dag eers piek, is dit belangrik om te weet wat die verbruik en die effektiewe tarief is gedurende hierdie tyd sowel as die res van dag of nag.

Om maksimum voordeel uit die stelsel te trek, moet elektrisiteitsverbruik sover moontlik rondom die stelsel se uitset beplan word. 'n Nywerheid wat byvoorbeeld 24 uur per dag bedryf word, gaan proporsioneel 'n kleiner besparing op sy rekening sien as 'n kantoorgebou wat net van 8 tot 5 werksaam is.

Die terugverkoop van surpluselektrisiteit aan die netwerk is in meeste gevalle nog nie 'n moontlikheid nie. Dit wil voorkom of hierdie 'n sensitiewe saak is vir Eskom en munisipaliteite aangesien dit erg in hulle eie verkope en houvas kan inkerf. Behalwe daarvoor moet kragnetwerke ook eers aangepas en opgegradeer word om dit te kan hanteer. Tot en met dan moet terugverkoop van surpluselektrisiteit nie as 'n opsie beskou word nie.

Finansieringsopsies wat algemeen met sonkragstelsels gebruik word, is selffinansiering, lenings of 'n "Power Purchase Agreement".

Selffinansiering is, soos dit sê, eie kapitaal wat gebruik word om vir die stelsel te betaal. Die tweede opsie, en ook die een wat meestal gebruik word, is om die stelsel met die hulp van 'n lening af te betaal. Verskeie finansiële instansies gee ook deesdae gunstiger rentekoerse en voorwaardes vir alternatiewe energieprojekte.

Die "Power Purchase Agreement"-opsie is een waar die installateur die stelsel besit en bedryf en die besigheid dan slegs die krag koop teen 'n ooreengekome tarief. Die

tarief word per projek onderhandel, maar is gewoonlik van so 'n aard dat dit beter is as wat krag by 'n munisipaliteit of Eskom aangekoop sou word. Op hierdie manier hoef die besigheid nie oor instandhouding of 'n groot kapitaaluitleg bekommerd te wees nie.

Een voordeel van fotovoltaïese stelsels is dat dit baie modulêr is, wat beteken dat die stelsel in die toekoms weer uitgebrei kan word indien die behoefte ontstaan of as kapitaal weer beskikbaar is, ensovoorts.

Waarvoor om uit te kyk

Aangesien 'n sonkragstelsel 'n leeftyd van 25 jaar en langer kan hê, is dit is belangrik om in goeie gehalte toerusting te belê en saam met betroubare installateurs te werk om te verseker dat die stelsel volgens verwagting sal presteer.

Professionele installateurs maak gebruik van rekenaarsimulasies om die optimale uitleg te bepaal en faktore soos skaduwees en weersomstandighede in ag te neem. Die mark is deesdae deurtrek met vervaardigers en installateurs. Maak deeglik seker van die kwaliteit en waarborge en gaan die installateur se prestasiekord na om te verhoed dat jy dalk met 'n wit olifant opeindig. Sommige installateurs bied ook naverkoop instandhouding en moniteringdienste om te verseker dat die stelsel aanhou om optimaal te funksioneer.


Daar heers nog 'n persepsie dat panele afkomstig uit die Ooste nie van goeie gehalte is nie. Dit is egter nie meer die geval nie. Van die wêreld se grootste sonpaneelvervaardigers, die sogenaamde "Tier 1"-vervaardigers, is in China gebaseer. Hierdie verskaffers se panele voldoen almal aan die baie hoë gehaltstandaarde en waarborge. Vir gemoedsrus word hierdie vervaardigers se panele selfs in lande soos Duitsland gebruik in hulle groot sonkragplase.

Slotsom

Besighede is uitgelewer aan Eskom se houvas oor elektrisiteitvoorsiening en daarmee saam die prys van elektrisiteit. Die gevolg is dat verbruikers met hul rug teen die muur is en net duurder vir elektrisiteit moet betaal.

Sonkrag is 'n beproefde tegnologie wat al vir dekades met ons is en tot so 'n mate gevorder het dat dit nou 'n bekostigbare uitweg bied teen hierdie houvas. Teen die tempo wat fotovoltaïese sonkragstelsels tans opgerig word, kan die vraag gevra word of dit werklik nog as "alternatiewe energie" beskou moet word.

Wêreldwyd gaan die stygende aanvraag vir elektrisiteit tot gevolg hê dat dit 'n skaars en baie duur kommoditeit word. 'n Belegging in sonkrag sal beslis 'n waardevolle stap in die regte rigting wees vir baie besighede.



deur dr. Philip Theunissen

Die windpomp en voedselsekuriteit

Dit is alom bekend dat Jan van Riebeeck as volkspianter in 1652 in die Kaap aangeland het met die opdrag om 'n verversingstasie te begin. Aanvanklik is landbouaktiwiteit rondom die kasteel begin en dit het daarna mettertyd in die rigting van Stellenbosch uitgebrei. Selfs so vroeg as 1659 het die nuwe setlaars al pogings aangewend om hul landbouaktiwiteit vanuit die suidweste verder na die dieper binneland te probeer uitbrei, maar dit was onsuksesvol. Eers heelwat later, gedurende die 1700's, is die Groot Karoo met meer sukses vanaf die suidooste in die rigting van Graaff-Reinet binnegedring. Die oostelike Karoo is vanuit Algoabaai (Port Elizabeth) bereik. Hierdie roete was nie so veeleisend as dié deur die westelike Karoo nie aangesien dit minder woestynagtig is. Die eerste trekboere wat die Karoo binnegedring het, het 'n nomadiese bestaan gevoer en hul uithou vermoë is tot die uiterste beproef in die meedoënlose dorheid, die versengende hitte van die somer en dan weer die bittere koue van die winter nagte. Daaglikse aktiwiteit het gevolglik meer om oorlewing gedraai as om kommersiële boerdery en die Karoo het yl bevolk gebly.

Hierdie eerste Karoo-boere se voorgangers, die Khoisan, het dié dorre gebied se felheid ontduik deur in klein familiegroepies 'n baie primitiewe bestaan rondom waterbronne te voer waar hulle van wild en plantwortels geleef het. In die groter territoriale gebiede het hulle ook gereeld rondgetrek wanneer water- en voedselbronne op een plek skaars geraak het en weer volop op 'n ander plek beskikbaar was. Die swart stamme aan die oostekant het nooit die Karoo beset nie omdat daar nie kos of water vir hulle beeste was nie.

Water was uiters skaars in die uitgestrekte semi-woestyngebied van die Karoo en dit was 'n kosbare kommoditeit wat naartigtelik deur mens en dier nagejaag was. Die wet van die Karoo was eenvoudig: “Hy wat die fontein beheer het, het die land daar rondom besit!”

Maar toe kom 'n Amerikaner met die naam van Daniel Halladay van Connecticut en ontwerp die meerlemmige windpomp. Haladay was meganies aangelê en word in 1854 deur 'n verkoopsman gevra om 'n windaangedrewe masjien te ontwerp wat water kan pomp. Hy was aanvanklik baie skepties oor die potensiële mark vir so 'n waterpomp, maar het nogtans aan 'n ontwerp begin werk en sy moeite is gou beloon. Die eerste windpompe het flink verkoop en hy moes spoedig sy maatskappy, *US Wind Engine & Pump Company*, se fabriek na Illinois verskuif om nader aan sy groterwordende mark in die weste van Amerika te kom.

Die groot voordeel van Haladay se ontwerp was dat die windpomp se kop vanself in die wind se rigting kon draai. Daarmee saam kon sy ontwerp die pompspoed reguleer sodat die windpomp nie beskadig kon word as dit te vinnig in sterk wind draai nie. Dit was ook in staat om water van 30 meter diep onder die grond tot op die oppervlak te lig. Hy het dit ook so vervaardig en verpak dat die houtstruktuur met sy seilblaaië na enige plek in die wêreld vervoer kon word en daar aanmekeargesit en opgerig kon word.

Haladay het duisende windpompe vervaardig en verkoop en sy sukses het algaande ook konkurent na die ontlukende mark gelok sodat daar mettertyd





meer as 300 windpompvervaardigers in die VSA was. Die gesonde kompetisie het daartoe gelei dat Thomas Perry in 1886 die meer aerodinamiese staalwindpomp ontwerp het. Hierdie windpomp, met sy geboë sinkblaaië was meer effektief as Halady se houtwindpomp en dit is ook die ontwerp wat vandag nog vir windpompe gebruik word.


'n 4,8 diameter windpomp kan 6,4 kubieke meter water per uur op 'n hoogte van 30 meter en met 'n windspoed van 24 tot 32 km/h pomp. 'n Goed ontwerpte windpomp behoort teen selfs 'n lae windspoed van 5 tot 6,5 km/h alreeds sy werk te begin doen terwyl goeie instandhouding dit vir dekades lank kan laat funksioneer. In die laat 1880's en vroeë 1900's was die staalwindpompe 'n algemene gesig oor die Amerikaanse landskap. Dit was ook onontbeerlik vir die latere pioniers wat hulle al verder wes in die droër vlaktes van Amerika moes gaan vestig het nadat die meer geskikte plekke langs riviere en spruite reeds beset was.

Die windpomp se oplewing het meer as 50 jaar lank geduur. Tussen 1880 en 1935 is bykans 6 miljoen windpompe verkoop.

Die doodsteek was egter toe daar in Amerika in die 1930's met die gesubsidieerde elektrifisering van plase begin is wat die einde van die windpomp se aanvraag beteken het. In ander lande, veral Suid-Afrika, Namibië en Australië, het die windpomp steeds in aanvraag gebly. Dit het algaande die ondergrondse waterbronne van die Karoo ontsluit en dié dele wat weg van die fonteine geleë is, ook toeganklik vir menslike bestaan gemaak. Die eertydse nomadiese landbouaktiwiteite is met behulp van die windpomp mettertyd in permanente nedersettings omskep waartydens grootskaalse kleinveeboerderye oor die hele semi-woestyngebied gevestig is.

In die Karoo is daar na raming 280 000 windpompe. Dit klink buitensporig, maar dit het gesorg dat Suid-Afrika die land met die grootste aantal windpompe ter wêreld is. Australië is die enigste land wat amper ook soveel windpompe het. Sommige werkende windpompe in Suid-Afrika is reeds meer as 100 jaar oud. Met slegs windkrag werk hierdie nie-besoedelende masjiene eindeloos om water tenks, damme en krippe vol water te hou. Hulle opereer stil, betroubaar, moeitevry, effektief en onverpoos.

Lig jou hoed hoog as jy weer 'n windpomp sien, want hierdie onmiskenbare staalgeraamte wat aanhoudend met sy kop in die wind na water soek het die landboupotensiaal van die Karoo vir Suid-Afrika ontsluit en 'n enorme bydrae tot die land se voedselsekuriteit gemaak.



Bronne:

Wikipedia: Karoo

Water pumping windmills by Dorothy Ainsworth, <http://www.backwoodshome.com/cgibin/pf.cgi>

Water pumping windmill history in America, <http://www.ironmanwindmill.com/windmill-history.htm>



Pierre Jacobs

sy spore lê diep in NTK

Pierre Jacobs tree ná 44 jaar amptelik uit diens van NTK. Hy was vir 23 jaar amptenaar en later direkteur, maar sy betrokkenheid duur voort as lid van VKB, want met boerdery is hy nog lank nie klaar nie.

Pierre se liefde vir koöperasiewese kom al uit sy kinderdae toe hy as jong kannetjie in Nylstroom karretjies gespeel het met sy broer. Sy broer het die “motorhawe” besit, maar Pierre die “koöperasie”. Min het hy toe geweet dat hy die grootste gedeelte van sy lewe aan hierdie ondernemingsvorm sou wy.

Nadat Pierre sy BCom-graad (met vier hoofvakke omdat hy nie kon besluit van watter een hy die meeste hou nie) aan Pukke verwerf en met Janet (die predikantsdogter en studentemaat) trou, kry hy in Februarie 1972 die aanstelling in 'n nuwe afdeling van NTK as handelsinspekteur. In 1975 word hy voorraadouditeur te Suid-Wes Koöperasie, Leeudoringstad maar in 1976 keer hy terug NTK toe as graanhoof. Met min kennis en ondervinding van hierdie bedryf, besluit hy om al die graangraderingskursusse te doen. Dit stel hom in staat om hierdie afdeling met groot sukses te bestuur. Hy was ook stigterslid van die Graansilo-bedryfskursus in samewerking met Landbou Ingenieurswese te Silverton. Pierre was ook 'n stigterslid van GOSA (Graanorganisasie van Suid-Afrika).

Daarna word die Nywerheidsafdeling aan hom toegedeel. Weereens 'n totale nuwe en uitdagende

afdeling met ses meulens, twee saagmeulens, twee grondbone-selekteerfabrieke, 'n voerfabriek, 'n grondbonebotterfabriek, 'n saadafdeling, 'n ingenieursafdeling en later ook 'n oliepers en katoenpluismeule wat deel vorm van die afdeling. Landbou-ontwikkeling kom ook by met kundige persone wat die boere met raad en daad bedien.

“Wat 'n uitdagende en spanningsvolle tyd,” sê Pierre, “maar met puik en lojale personeel kon ek die onbekende baasraak en werklik 'n aangename tyd beleef.

“Weens moeilike tye en veranderinge verlaat ek NTK in 1995 en koop ek 'n melkplaas waar ek nou nog boer. Ook weereens, totaal onbekend – kon nie eens mooi trekker bestuur of koeie met masjiene melk nie. Met geloof, volharding en onwrikbare steun deur my vrou en kinders kon ons die onderneming baasraak.”

In 2005 beleef NTK 'n moeilike tydperk, maar Pierre sien kans om direkteur te word nadat hy deur boere van die Vlakte genader is. Saam met mededirekteure en NTK-bestuur hanteer hulle die Landbank-saak en soek 'n oplossing om NTK se voortbestaan te verseker. Die ooreenkoms wat met VKB aangegaan word, bring die uitkoms en Pierre beskou dit as 'n hoogtepunt in sy loopbaan in NTK. Juis as gevolg van die sinergie tussen NTK en VKB is dit die regte besluit wat geneem is.

Toe Herman Vercueil in 2011 affree, volg Pierre hom as voorsitter van die NTK-direksie op. Soos wat sake tussen NTK en VKB verander, word dit een direksie en dien Pierre dan ook op die VKB-direksie waaruit hy dan nou affree.



Groet-boodskap van **Pierre Jacobs**

Aan die einde van my amptelike koöperasie-loopbaan van 44 jaar, kyk 'n mens noodwendig terug en staan verwonderd oor soveel genade wat jy ontvang het om tot hier te kom.

Dit was behoorlik 'n "Pad Saam". Jou Skepper wat jou geen oomblik of tyd ooit alleen gelaat het nie; personeel wat jou ondersteun en gedra het; direkteure wat jou vriende geword het en by wie jy elkeen iets kon leer wat jou verryk het.

Ek is ongelooflik dankbaar dat ek in 'n ondernemingsvorm kon werk waarin ek glo – vir 23 jaar as amptenaar, maar ook om as direkteur te kon dien. Moeilike tye het ons wel in NTK beleef, maar die hoogtepunt was die amalgamasie met VKB, wat nie net NTK ingelei het tot pragtige winsprestasie vanaf R10 miljoen tot R100 miljoen nie, maar ook 'n groot aanwinst vir VKB is wat trots kan wees op so 'n belegging.

Mooi hoogtes en uitbreidings het ook oor 'n kort periode verder plaasgevind wat VKB nou dié top koöperasie in Suid-Afrika maak. Ek is dankbaar en trots om deel daarvan te kon wees met 'n beskeie bydrae.

Groot dank aan die voorsitter, direksie en personeel vir so 'n uitstekende resultaat.

Die groot saak vorentoe is wanneer jy die bopunt van die kurwe van die grafiek bereik het, om daar te bly. Dit verg soms meer en ekstra strategieë om daar te bly. So baie sterkte vir 'n uitdagende toekoms.

Aan oud-direkteure, lede en amptenare met wie my paaie gekruis het oor my koöperatiewe tyd, wil ek spesiaal sê dankie. Dit was aangename jare saam op bemerkingsrade, Unie Graan, Sensako, GOSA, SALU en TLU. Dit was vir my besondere vormingsjare met puik mense met wie ek saam daardie belangrike tye binne landbou kon beleef.

Met geloof in wat jy doen en weet waar jou hulp vandaan kom, is alles moontlik.

Boerdery, en veral melkboerdery, hou jou op jou knieë met alle nederigheid en dankbaarheid.

Ek groet julle almal met 'n traan in die oog, maar ook 'n lied in die hart dat ek die mylpaal kon bereik met goeie gesondheid en nog steeds 'n voortreflike vrou aan my sy vir 45 jaar.

Groete - Pierre Jacobs

Soek die gemerkte "GREEN DOT" produkte vir GROOT Afslag

NOU AAN! @
vkb ntk

vir die LIEFDE van die LAND

www.vkb.co.za

GREEN DOT SALE

Leon Eksteen: Voorloper van die Bufland-span

Leon Eksteen, VKB-direkteur en mede-eienaar van Bufland Boerdery, glo besigheidbeginsels geld net soveel in die raadsaal as op die plaas. Daarom is 'n aanhaling van John C. Maxwell vir hom die kruks waarom alle besigheid draai: "Leierskap bepaal die rigting van die maatskappy. Organisasie bepaal die potensiaal van die maatskappy. Personeel bepaal die sukses van die maatskappy."

Spanwerk kan nooit gering geag word nie, want alleen kan 'n mens nie sukses behaal nie. **Delene Snyman** het met hom gaan gesels oor die span wat meewerk om soveel bedrywe op een plaas suksesvol te bedryf.



bedryf en die eerste om grondbone kunsmatig te droog. Hierdie baanbrekerswerk het hom die geleentheid gegee om 'n toer saam met Landbou-ingenieurswese na die VSA mee te maak waar hy meganisasie verder bekyk het en plaaslik kom toepas het.

Leon het al in sy st. 8 jaar gesê hy wil kom boer en is toe Merensky Landbouskool toe. Ná skool het hy aan die landbou-kollege op Potchefstroom studeer voor hy sy diensplig van twee jaar gedoen het. Terwyl hy oor die jare daarna weermagkampe gedoen het, het hy die tyd benut om tot Majoor te vorder.

In 1980, 'n jaar nadat hy voltyds begin boer as sy pa se eerste voorman, trou Leon met Ronel, die biologie-onderwyseres van Hoërskool Hans Strijdom. Hulle twee dogters, Mariet en Reinette, is verbonde aan die Noordwes Universiteit as dosente, terwyl hul seun, Lukas, in 2011 by die boerdery aangesluit het om die lewendehawe-bestuurder te word – 'n pos wat toe ontstaan het en waarvoor hy met 'n graad in BSc Landbou en een in BCom, meer as die geskikte kandidaat was.

Leon het, so terloops, ook sy BCom-graad verwerf – darem vóór sy oudste in matriek was!

Dewald sluit in 1982 aan by die sitrusvertakking van die plaas nadat hy sy ambag in die weermag deurloop het.

Die verskillende vertakings van Bufland Boerdery

Leon se pa het in 1967 vyf vrugtebome van meeste soorte op die plaas geplant. Die vyf lemoenbome en die vyf perskebome het die beste gevaar. Toe die rooi ligte vir die graanbedryf in die destydse Noord-Transvaal begin flikker, het hy reeds sy navorsing gedoen gehad, en in 1979 besluit hy om sitrus te plant.

Sitrus is 'n arbeidsintensiewe bedryf maar seisoengebonde. So, wat gebeur met die werkers in die somer? Die antwoord was sagtevrugte! Vandaar die perskes en nektariens wat net so 'n belangrike been van die boerdery uitmaak.

Akkerbou was nog altyd deel van die boerderybedrywighede op Buffelsfontein. Saadmielies (vir

Bufland Boerdery is die geregistreerde handelsmerk van Leon en Dewald Eksteen. Dit is 'n suksesvolle boerdery met vele vertakings, in die nederige hande van die twee broers. Hulle is standvastige mense wat onomwonde verklaar dat 'n mens tot niks in staat is nie, maar deur die Here tot alles in staat is. Bufland se sukses is te danke aan sy mense – al 240 van hulle.

Vir Leon en Dewald Eksteen is hulle nie in 'n familieboerdery nie, maar eerder familie in 'n boerdery. Want alle besluite moet in belang van die boerdery wees. Daarom maak elke persoon wat aansluit by die boerdery, 'n verskil en lewer 'n positiewe bydrae tot die onderneming.

So is hulle vrouens onmisbaar met Leon se vrou, Ronel, wat die personeelbestuurder is, en Dewald se vrou, Roelien, wat finansiële bestuurder is.

Leon en Dewald het ook elkeen sy eie vertakking van die boerdery hoewel hulle oorhoofs saam bestuur. Op Bufland word die dinge reg gedoen.

Die beginjare

Buffelsfontein Landgoed is sedert 1967 in die Eksteen-familie se besit toe Leon se pa, Lukas, dit gekoop het. Hy het wel 'n plaas in die omgewing gehad waar hy met groot sukses grondbone verbou het. Oom Lukas was 'n pionier in hierdie

baie jare vir NTK se Saadafdeling), koring en grondbone was altyd deel van die plaas, maar vanjaar, vir die eerste maal in 55 jaar, is daar om ekonomiese redes nie grondbone geplant nie.

Onlangs is aartappels en Peppadews toegevoeg tot die boerdery en dit blyk die regte besluit te gewees het. Produkte word gelewer waar die vraag daarna is. Om die plaas, wat 3 000 hektaar beslaan, ten volle te benut, is die lewendehawe-been in 2011 toegevoeg. Buiten die Bonsmara-stoet, is daar ook 'n voerkraal met ongeveer 800 tot 900 stuks vee. Met skape word op kleiner skaal geboer.

Daar word ook nou met wild geboer nadat grond aangekoop is wat hiervoor geskik is. Leon sê hulle boer net met vlaktewild en sal waarskynlik nie in skaars spesies spesialiseer nie. Hierdie besluite is geneem as teenvoeter vir natuurskade soos hael en om biologiese boerdery te bewerkstellig.



Die hek na Bufland.

Bestuur van Bufland

Leon en Dewald is elkeen verantwoordelik vir verskillende vertakings in Bufland Boerdery. Elkeen het 'n pakhuis of twee wat onder hom sorteer maar algemene bestuur berus by albei. Daar is 'n bestuurder vir elke vertakking van Bufland wat hulle hande sterk. Administratiewe personeel vorm deel van die span van ongeveer 240 permanente werkers.

'n Belangrike hulpbron wat bestuur moet word, is water. Die Sterkrivier vloei deur die plaas maar in 1985 is die rivier geproklameer wat beteken die boerdery mag nie méér water gebruik as wat hulle in daardie stadium gebruik het nie. Ofskoon geen meer pompe dus geïnstalleer kon word nie, het meer effektiewe bestuur van die water die uitbreiding van die boerdery moontlik gemaak. Doeltreffender aanwending van water het beteken dat sekere gedeeltes nie meer geplant word nie, terwyl beter boerderymetodes die optimale benutting van die waterbron beteken het.

'n Doelbewuste besluit om 'n biologiese benadering in die boerdery te volg het ook (letterlik) vrugte afgewerp. Dit beteken dat natuurlike boerdery voorrang geniet en daar meer verantwoordelik omgegaan word met chemiese middels. Ná 12 jaar van biologiese boerdery begin hulle nou die vrugte daarvan pluk. Natuurlike bemesting het waterhouvermoë verbeter. Kompos, wat in 'n aanleg op die plaas geproduseer word, het grondstruktuur verbeter, plantgesondheid verbeter en produksie verbeter. 'n Bestuursbesluit wat die boerdery in 'n nuwe rigting ingestuur het.

Direkteurskap

Lidmaatskap aan NTK strek so ver terug as die boerdery se bestaan. In 2012 is Leon as direkteur van NTK gekoöpteer. Twee jaar later het die direksies een geword en Leon dien tans op die VKB-direksie. Hy beskou dit 'n voorreg om 'n direkteur van VKB te wees want dit is 'n span wat saamwerk tot voordeel van die boer en van die organisasie wat per slot van rekening eintlik een en dieselfde is omdat VKB 'n produsenteorganisasie is. Die opwaartse kurwe van NTK binne die VKB-groep is 'n bewys dat NTK 'n goeie belegging vir VKB was. VKB was gewis die inspuiting wat NTK nodig gehad het om behoue te bly. Die sukses van VKB (en dan noodwendig ook van NTK) kan weereens toegeskryf word aan 'n uitstekende spanpoging – en Leon is trots om 'n lid van hierdie wen-span te wees.

Die toekoms

Leon is positief oor die toekoms van VKB omdat hulle die basiese dinge reg doen. Omdat dit elke lid se besigheid is, behoort lede die onderneming te bemark sodat almal die voordeel uit die suksesse kan trek.

Ten slotte

Leon Eksteen glo 'n mens moet die regte mense om jou vergader want dit maak die lewe makliker. Sy lewensfilosofie is tydloos: “Sorg dat jy die REGTE DINGE doen; daarna sorg dat jy dáárdie dinge REG doen.” In daardie woorde lê die sukses van Bufland Boerdery opgesluit.



Swael, 'n natuurlike insekbeheerder, word gespuit as deel van biologiese boerderypraktyke.



SOMERTYD IS FOSFORTYD

Francois van de Vyver, Nasionale Tegnieuse Bestuurder, **Tel:** 083 386 8378 • **E-pos:** Francois.vandevyver@tongaat.com
Hendrik van Pletzen, Tegnieuse Bestuurder, **Tel:** 083 456 3636 • **E-pos:** Hendrikvp@mweb.co.za
Ulrich Müller, Tegnieuse Bestuurder, **Tel:** 083 414 5928 • **E-pos:** Ulrich.muller@tongaat.com

VOERMOL SUPERMOL

Jou voerkraal
in die veld

- Met Supermol is 'n daaglikse toename van tot 1.2 kg per dier per dag op groenweiding moontlik
- Geen vermenging van graan is nodig nie
- Geen oorhoofse voerkraal koste nie
- Verseker dat vervangingsverse goed uitgroei en teikenmassas bereik
- Uitstekende prikkellek vir verse en koeie
- Eenvoudig, prakties en winsgewend



VOERMOL

Wat die natuur kort -
sal Voermol voorsien

50
50 Jaar van Uitstaande Produkte & Diens

www.voermol.co.za

Voermol Supermol
Reg. Nr. V 7267 (Wet 36/1947)
Registrasiehouer: Voermol Voere (Edms) Bpk
Posbus 13, Maidstone 4380.

Dis nou tyd om te besin oor somerlekaanvulling of lekaanvulling vir Skape en Beeste op groenweiding. Groenweiding is hoog in proteïen, hoogs verteerbaar en diere op sulke weidings neem toe in massa. Die belangrikste beperking van groenweiding in Suid-Afrika is egter Fosfor (P) en sal beeste met 'n minerale aanvulling (P6-lek) sowat 130 g/dag vinniger groei as wanneer hulle geen lek sou ontvang nie. Fosfor (P) is dus beperkend om optimale gewigstoename te verkry.

Indien die GDT van weidende diere verder verhoog moet word, vorm energie die tweede beperkende voedingstof en sal energie dus saam met P aangevul moet word om 'n verdere respons in gewigstoename te verkry. Energieaanvulling is relatief duur en om die rede bevat 'n energie-aanvulling 'n ionofoor soos byvoorbeeld Salinomycin-Na. Die ionofoor bevorder energiebenutting en bespaar dit dus voer om hierdie aanvullingskoste doeltreffend te maak vir beide beeste en skape.

PRODUKTE BESKIKBAAR

Die volgende produkte uit die Voermol-stal kan oorweeg word.

MINERALE-SUPPLEMENTE

Voermol Superfos V17422	Hierdie is 'n smaaklike klaar-gemengde minerale lek. Aanbevole inname 120 g – 240 g/bees/dag en 20 g – 40 g/skaap/dag.
Voermol Rumevite 6P V11995	Klaar-gemengde minerale lek. Aanbevole inname 100 g – 200 g/bees/dag en 17 g – 34 g/skaap/dag.
Voermol Rumevite 12P V11994	Minerale-lekkonsentraat. Meng met gelyke dele sout om 'n P6-lek te gee. Aanbevole inname 100 g – 200 g/bees/dag en 17 g – 34 g/skaap/dag.
Voermol Fosfaatblok V10264	Fosfaatblok is gereed om te voer. Verwagte inname 100 g – 200 g/bees/dag en 17 g – 34 g/skaap/dag.
Selfmeng minerale lek	Meng 50 kg Rumevite 12P met 50 kg sout en met 50 kg Voermol Super 18 . Hierdie mengsel is 'n smaaklike lek wat goeie resultate gee veral waar lekinname op P6-lekke laag is. Aanbevole inname 120 g – 240 g/bees/dag.

ENERGIE- EN MINERALE-SUPPLEMENTE

Groei kan verder verhoog word deur die gebruik van 'n energie-aanvulling. Die volgende produkte kan hier oorweeg word. Dit is egter belangrik dat die produkte slegs oorweeg word as aanvulling tot voldoende goeie kwaliteit groenweiding.

Voermol Supermol V7267	Energie- en minerale-aanvulling met 20% proteïen vir diere op groenweiding. Geen vermenging is nodig nie. Aanbevole inname 1 000 g – 1 200 g/bees/dag en 180 g – 200 g/skaap/dag.
Voermol Energieblok V11456	Blok, gebruik as energie- en minerale-aanvulling vir dragtige of lakterende ooie, koeie wat kalf of groeiende lammers, kalwers of verse op groenweiding. Aanbevole inname 1 400 g – 2 000 g/bees/dag en 250 g – 300 g/lam/dag.
Voermol Molovite V10264	Energie- en minerale-aanvulling vir diere op topkwaliteit groenweiding. Geen vermenging is nodig nie. Aanbevole inname 1 000 g – 1 200 g/bees/dag en 180 g – 200 g/skaap/dag.

Indien meer inligting verlang word, raadpleeg u naaste Voermolagent, (sien www.voermol.co.za) of stuur 'n e-pos aan info@voermol.co.za

VOERMOL LEK-BLOKKE

VLEIS- EN MELKBEESTE, SKAPE, BOKKE & WILD
OP GROEN VELD OF AANGEPLANTE WEIDING

BEESTE, SKAPE, BOKKE, WILDSBOKKE & BUFFELS
OP DROË VELD, PROTEÏENARME WEIDING OF RUVOER

WILDSBOKKE, BUFFELS, RENOSTERS, WILDEBEESTE EN ZEBRAS
OP DROË VELD, TYDENS DROOGTE TOESTANDE OF AS VOER IN BOMAS

OP DROË VELD
VLEISBEESTE

OP DROË OF GROEN VELD OF RUVOER, VIR PRODUKSIE DOELEINDES
SKAPE EN BOKKE: GROEI, DRAGTIGHEID, LAKTASIE EN PRIKKELVOEDING

OP GOEIE KWALITEIT WEIDING VIR GROEI, HOOG PRODUSERENDE OF GROEIENDE BEESTE, SKAPE & BOKKE

FOSFAATBLOK V10264

PROTEÏENBLOK V10448

WILDSBLOK V13408

BEESBLOK V10932

MAXIBLOK V17424

ENERGIEBLOK V11456

Meer as 50 Jaar van Uitstaande Produkte & Diens

50

www.voermol.co.za

Registrasiehouer: Voermol Voere (Edms) Bpk. Posbus 13, Maidstone, 4380.
Vir meer inligting skakel 032 439 5599 of stuur 'n e-pos aan info@voermol.co.za



Brusellose

'n siekte wat lewendehawe uitroei en na mense oorgedra kan word

Mediaverklaring deur die Nasionale Diergezondheidsforum

Brusellose versprei tans onverpoos in die meeste van die provinsies in ons land. Die Departement van Landbou, Bosbou en Visserie (DLBV) span kragte saam met die bedryf se Nasionale Diergezondheidsforum (NDGF) om brusellose in Suid-Afrika te beheer en uiteindelik uit te roei,

sê dr. Pieter Vervoort, voorsitter van die NDGF.

“Dit sal noodwendig beteken dat alle partye, naamlik boere, lewendehaweprodusenteorganisasies, die DLBV en die Suid-Afrikaanse Veeartsenyvereniging deur RuVASA-praktisyns hulle tot hierdie aangeleentheid sal moet verbind as oor die volgende paar jaar vordering gemaak wil word om hierdie siekte onder bedwang te bring.”

In die geveg teen brusellose, is kennis een van die kernelemente. Juis daarom het die NDGF vyf kernfeite wat jy van beesbrusellose (besmetlike misgeboorte – BM) behoort te weet, vrygestel:

- 1. Dit is 'n kuddesiekte!** Die siekte bedreig die volhoubaarheid van veekuddes in Suid-Afrika. Diere wat besmet raak, kan moontlik eers ná drie jaar positief toets, maar is intussen nog 'n gevaar vir mense op die plaas. As een dier in jou kudde positief toets vir brusellose, word die hele kudde as positief beskou en onder kwarantyn geplaas. Dit is omdat die siekte wat


deur die bakterie Brusellose veroorsaak word, kronies (lang termyn) van aard is en kliniese tekens lank vat om te manifesteer. Diere wat die eerste keer negatief toets, kan dikwels in 'n volgende rondte toetse positief toets. Daar is geen behandeling vir die siekte nie en alle gevalle moet by die Staatveeartsenydiens aangemeld word omdat dit 'n beheerde siekte is.

2. Die siekte raak jou beursie! Beeste wat besmet is, kan aborteer, wat beteken dat jy potensieel gesonde kalwers en produksie verloor. Kalfintervalle is dikwels langer, wat beteken dat minder kalwers per koei per jaar gebore word. Melkproduksie daal, wat beteken dat minder melk verkoop word (melkerye), of vir kalwers beskikbaar is (vleisbeeste). Tydens kalwing en aborsies word miljoene Brucella-bakterieë in die omgewing vrygestel wat ander diere kan aansteek.

3. Jy kan 'n ramp koop! Dring daarop aan om slegs diere te koop van kuddes wat die afgelope jaar negatief vir brusellose getoets het. Eis bewys van die toetsuitslae. Ideaal gesproke moet alle nuut aangekoopte diere eers onder kwarantyn geplaas word voordat hulle met die res van die kudde meng. Moenie die oorsaak van jou eie toekomstige probleme wees nie.

4. Jou familie en werkers kan siek word! Brucella-bakterieë kan mense ook besmet en koors, griepsimptome en kroniese siekte veroorsaak. Mense kan besmet word deur te help met besmette kalwings, die hantering van besmette plasenta of aborsies, die drink van ongepasteuriseerde melk van besmette diere en deur besmette diere tuis te slag. Mans en vroue se vrugbaarheid kan aangetas word.

5. Inenting is 'n vereiste! Die Wet op Dieresiektes, 1984 (Wet Nr 35. van 1984) bepaal dat alle verskalwers tussen die ouderdom van vier en agt maande ingeënt móét word met 'n doeltreffende, geregistreerde middel (\$19 van OBP of RB51 van MSD). Dit versterk 'n koei se immuunreaksie teen die siekte en help om jou kudde en belegging te beskerm.



BEESVET 33+



NUWE TEGNOLOGIE ... BETER PRESTASIE!

Beesvet 33+ is 'n konsentraat wat met die laagste koste per kg die meeste vleis produseer! Dit is 'n spesifiek-geformuleerde proteïen-konsentraat wat lei tot ekonomiese vleisbeesafronding. **Beesvet 33+** bevat 'n groeibevorderaar wat voeromset en groei in jou beeste bevorder, asook voedingsteurnisse en koksidiöse teenwerk om maksimum wins te verseker. Maak seker jou diere geniet hierdie seisoen **Beesvet 33+** - jy sal die verskil sien en aan jou sak vóél!

**Groei jou wins aansienlik met die
tegnologie van Beesvet 33+**


EPOL & MOLATEK


MOLATEK

Vir meer inligting oor Molatek se spesifieke voere en dienste kontak ons:
+27 (0)13 791-1036, molatek@rclfoods.com, www.molatek.co.za

<<< Brusellose 'n siekte wat lewendehawe uitroei

Volgens nóg 'n persverklaring van die organisasie is brusellose nie 'n enkelvoudige siekte nie en kan die produktiwiteit van jou kudde stadigaan wegkalwe. Hier volg een dosyn belangrike dinge wat jy van die siekte moet weet:

1. Dit is 'n gekontroleerde diersiekte volgens die Diersiektewet, 1984 (Wet Nr. 35 van 1984). Dit is 'n kroniese siekte waarvoor daar geen behandeling in beeste is nie.
 2. Dit is 'n kuddesiekte – as een dier besmet is, moet die hele kudde as potensieel besmet beskou word.
 3. Dit is verpligtend deur die Wet om alle verse eenmalig tussen ouderdom vier en agt maande teen brusellose te ent, met S19 of met RB51 (Tabel 2 van die Diersiekteregulasies). Inenting help om die kudde teen siekte te beskerm, verminder die verspreiding en die aantal abortsies.
 4. S19-entstof mag slegs in verskalwers tussen die ouderdom van vier en agt maande gebruik word – indien dit op 'n latere ouderdom gebruik word, mag die dier aanhoudend positief toets in bloedtoets wat verwarring van die ware siektestatus veroorsaak. RB51-entstof mag in nie-dragtige koeie van enige ouderdom gebruik word, aangesien dit nie positiewe toetsresultate sal lewer nie. Bulle moet nie met S19 of RB51 ingeënt word nie aangesien hulle steriel mag raak.
 5. Besmette verse en koeie mag aborteer, hulle melkproduksie mag daal en hul aanwasproduksie mag daal weens verlengde tussenkalfperiodes, nageboortes wat vassit en baarmoederinfeksies.
 6. Koeie en verse wat besmet is met brusellose lyk dikwels gesond, wat misleidend is! Indien hierdie diere in die kudde bly, hou hulle aan om die besmetting stilweg te versprei en dit veroorsaak ekonomiese en produksieverliese.
 7. Die belangrikste metode van oordraging is wanneer besmette koeie normaalweg kalf of aborteer, aangesien hierdie prosesse miljoene bakterieë in die omgewing vrylaat, wat maklik ander diere kan besmet.
 8. Verse wat gebore is uit besmette koeie toets dikwels negatief voordat hulle kalf en toets eers positief ná hul eerste kalwing. Nuutaangekoopte verse hou 'n hoë risiko in en behoort apart van die res van die kudde gehou te word totdat hulle gekalf het en getoets kan word vir brusellose.
 9. Mense kan besmet word met brusellose deur ongepasteuriseerde melk te drink, 'n positiewe koeie te slag en deur besmette kalwingsmateriaal en geaborteerde fetusse (kalwers) te hanteer. Algemene simptome by mense is griepig met koors, hoofpyne en liggaamspyne. Indien geen behandeling ontvang word nie, kan dit 'n kroniese siekte word wat herhalend toeslaan. Vleis van besmette diere, wat by goedgekeurde abattoirs geslag word, is veilig vir menslike gebruik.
 10. Brucella-bakterieë kan ook versprei deur afloopwater van besmette naburige plase. Roofdiere soos rondloperhonde, jakkalse en kraaie kan ook besmette geaborteerde fetusse en nageboortes na ander plase toe verplaas. Vlieë wat op besmette materiaal voed, mag die bakterieë meganies versprei wanneer hulle op die slymvliese van diere sit.
 11. Eienaars is verantwoordelik vir hul diere se gesondheid en mag onder die Wet van Diersiektes, 1984 (Wet Nr. 35 van 1984) en die Verbruikersbeskermingswet, 2008 (Wet Nr. 68 van 2008) vervolg word indien hulle die verspreiding van brusellosebesmetting propageer.
- 12. Die enigste persoon wat jou kudde teen brusellose kan beskerm, is JY!** Wanneer jy beeste inkoop, moet jy aandring op inentingrekords en onlangse kuddetoets van die plaas van oorsprong. Die verkoper moet in staat wees om te bewys dat die diere ingeënt en die kudde van oorsprong negatief getoets het vir brusellose. Verder behoort die verkoper ook bewys te kan lewer van gereelde negatiewe kuddetoets. Dit is altyd aan te beveel dat enige diere wat in die kudde ingebring word, eers geïsoleer word vir biosekuriteitsredes – om te toets vir verskeie siektes, om inentings toe te dien en om te behandel teen interne en eksterne parasiete.

Vir verdere
inligting skakel
asseblief jou
naaste staats- of
privaatveearts.





VIR TOT 8 MAANDE SONDER bosluise, vlooie en luise*



Beskerming teen bosluise, vlooie en luise* was
nog nooit vir so lank so effektief nie.

seresto®

Registrasiehouer: Bayer (Edms) Bpk., Diergesondheidsafdeling. Mpy. Reg. No. 1968/011192/07
Wrenchweg 27, Isando, 1601, Suid-Afrika. Tel.: +27 11 921 5573. Faks: +27 11 921 5762. www.bayeranimalhealth.co.za
Seresto-halsband vir honde en katte. Reg.No. G4026 (Wet 36/1947) bevat imidakloprid 100 mg/g en flumetrien 45 mg/g. * is die geregistreerde handelsmerk van Bayer AG, Duitsland.

* slegs vir honde

 **Bayer**

LZA.MKT.07.2016.1100

Nasionale promosie!

Koop 2 x 20 liter en
meer om vir 'n
GRATIS "LED-flits"
met laaioerusting
te kwalifiseer

GRATIS LED Flits-promosie

LED-flitspak

- Laaierkop vir voertuig
 - 22 V laaierkop
 - Litium-langlewe-battery
 - Delete All-kissie met embleem
- Promosie geld net op 20 liter pakgrootte
 - Slegs 250 eenhede beskikbaar
 - Vra vir besonderhede in winkel



Delete All 20 liter kom **STANDAARD** met 'n
FREEZE "BREEZE"-toediener!

PROMOSIE

op 1 liter & 500 ml



Koop...

TAKTIC Cattle Spray

En staan 'n kans om hierdie

16 liter Kaufmann-rugsak
te wen

Promosie geld slegs op 500 ml en 1 l verpakking.
Vra vir meer inligting by toonbank.



FREEZE & GO

PROMOSIE!

MULTIVAX-koelsak met handelsmerk

Koop 3 x 500 ml Multivax P of P Plus
en kry 'n **GRATIS UNIEKE Multivax-selfverkoelingskoelsak!**



Beskikbaar by:

vk6 ntk



Promosie geldig van 1 Augustus tot 30 September 2014 | Slegs 250 Multivax-koelstamme beskikbaar

NamTags

- White
 - Yellow
 - Orange
 - Red
 - Green
 - Blue
 - Pink
- Also available **Leadertags** in 16 colours
Imported from Australia
- Fits the applicator perfectly,
no jamming or tearing
 - **Free Laser Printing done, should you buy
any tags through an authorized dealer.**



Can be used with
known eartag applicators.
You only need a
NamTag steelpin

FREE

LASER

PRINTING

ON

ALL

OUR

TAGS*

SWAVET RSA (PTY) LTD

63 Design Boulevard, Northlands Deco Park
New Market Rd, Northriding, 2162
Tel: +27-11-704-7218
Fax: +27-11-704-7203
E-mail: sales@swavet.co.za

SWAVET (PTY) LTD

137 Stubel Street, Windhoek
Tel: +264-61-237356
E-mail: stock@swavet.com.na



Jakes en die

luislang

Jakes van NTK Dendron het 'n luislang op die terrein gevang, dit goed bekyk en toe weer vrygelaat – juis omdat luislange so 'n belangrike rol in die natuur speel. Hy het die volgende inligting oor luislange ingestuur:

Met 'n bevestigde lengte van meer as vyf meter is die Suider-Afrikaanse luislang een van die grootste slange ter wêreld.

Anders as wat die naam luislang kan tipeer, wat aktiwiteit en beweging betref, is die spesie oor die algemeen baie lewendig en voortdurend aan die beweeg. In Suid-Afrika kon deur 'n opspoortoestel vasgestel word dat volwasse individue binne enkele dae afstande van vyf kilometer kan aflê en oor 'n jaar heen 'n gebied van meer as 500 hektaar kan dek. Suider-Afrikaanse luislange is sowel dag- as nagdiere, waarby hul saans die meeste aktiwiteit toon.

Die dieet van die Suider-Afrikaanse luislang bestaan hoofsaaklik uit warmbloedige diere. Jong luislange vreet dikwels voëltjies en knaagdiere, selde ook akkedisse en paddas, maar soos hulle ouer word, vreet hulle ook groter prooi soos klipdassies, fisante en tarentale. Die luislang kan ná 'n groot maaltyd drie tot ses maande sonder kos bly.

Waar die Suider-Afrikaanse luislang eens talryk en wyd verspreid was, het hy intussen in baie dele van sy verspreidingsgebied skaarser geword.



Wildlewende Suider-Afrikaanse luislange is selde aggressief. As hulle skrik of versteur word, probeer hulle so gou moontlik vlug. 'n Luislang sal homself slegs in groot nood met 'n paar afwerende byte verdedig. Die Suider-Afrikaanse luislang wat in die wildernis lewe raak bykans nooit by ongevallen met die mens betrokke nie. Tog word hy dikwels daarvan beskuldig dat hy mense aangeval of gedood het. Die meeste van hierdie aantygings is egter growwe oordrywings en by nadere ondersoek is gevind dat die voorval dikwels begin is deur aanvalle van die mens se kant af. Slegs een sterfte kon betroubare bewyse oplewer. Dit was 'n 13-jarige seun van 1,3 meter en 45 kilogram wat in 1978 in die Waterberg-distrik tydens 'n veewagtery deur 'n Suider-Afrikaanse luislang van ongeveer 4,5 meter aangeval en vermoor is. Daar word vermoed dat die reuk van die weidende vee en die skielike verskyning van die seun tot 'n fout by die slang gelei het en daarmee die prooivanggedrag van die luislang geaktiveer het.



So veelsydig en aanpasbaar as wat jou behoefte vereis

Voergewasse waarop jy kan staatmaak
Voer met hoë drakrag en smaaklikheid
vir volgehoue diereproduksie.

LUSERN

- Dormansieklasse 7 en 9, weiding en hooitipes

INTENSIEWE GRASSE

- Eenjarige Raaigras
- Meerjarige Raaigras

DROËLAND WINTER-GEWASSE

- Hawer
- Korog
- Stoelrog
- Japannese Radys

EENJARIGE SUBTROPIESE GEWASSE

- Voersorghums
- Tef



ULTRAMODERNE
NAVORSING EN
ONTWIKKELINGSTEKNOLOGIE



UITSONDERLIKE PRODUKTE
EN GEWASPAKKETTE



GEWASVOORSORG



OPTIMALISEER
PRODUKSIE



GEWASBESKERMINGS-
BESTUURSAPRATYKE

www.pannar.com
infoserve@pannar.co.za



PANNAR®

Saam boer ons
vir die toekoms™



tyd vir **tuinmaak...**

Tuin-fokus

Maak jou eie **terrarium** in 'n glasfles • **Botterskorsies** by steeds 'n wenner



Maak 'n **sementpot** vir jou plante • Kry jou **grasperk** gereed vir die somer



Maak tuin met **min geld** • **Spanspek** sal nooit weer dieselfde wees nie



www.vkb.co.za | www.ntk.co.za

vkb ntk

Maak jou eie terrarium in 'n glasfles!

Huisplante is wonderlike dekor-items in die huis, en jou eie terrarium, soos op die foto hierby, bied 'n pragtige variasie op die tema.

Volgens die aanwysings op die webblad www.hoezit.co.za/slimkop/2015/9/16/maak-n-tuin-in-n-bottel is dit heel maklik om jou eie tuin in 'n bottel te maak.

Benodigdhede:

- **'n Glaspot:** 'n Terrarium kan enige grootte wees. Dit werk goed in 'n leë konfytflles of 'n ou goudvisbak, maar jy kan enige deursigtige glashouer gebruik om jou terrarium in te bou.
- **Plante:** 'n Oop fles sonder 'n deksel werk beter vir vetplante. Indien dit 'n deksel het en kan seël, kan jy plante gebruik wat meer water nodig het, soos varings of selfs 'n miniatuurpalmboompie. Grondbedekker kan ook baie mooi lyk. Kies jou plante versigtig uit en vra gerus raad by 'n goeie tuinier of iemand wat by 'n kwekery werk.
- **Grond:** Dit is belangrik om grond te gebruik wat ryk is aan voedingstowwe, maar ook goed dreineer. Spesiale potplantgrond wat 'n mens in sakkies koop by kwekerye werk die beste, veral dié wat gesteriliseer is sodat allerhande kieme en swamme nie in jou terrarium sal begin groei nie.
- Dit is ook 'n slim plan om **'n paar stukkie geaktiveerde koolstof te gebruik om afvalstowwe wat in die grond kan opbou, te absorbeer.**
- **'n Klompie klippies of gedroogde mos** wat jy onderin die houër kan gooi vir dreinerings. Jy kan ook 'n paar mooi klippies gebruik vir versiering.
- **Gereedskap:** 'n Lepel maak 'n handige "grafie" as jy in 'n bottel moet werk. Jy kan tuinhandskoene gebruik, maar 'n bietjie modder op jou hande sal nie kwaad doen nie!
- **'n Maatbekertjie** of enige bekertjie met 'n tuit sal handig wees om jou terrarium 'n bietjie water te gee sodra alles klaar is.

So maak mens:

1. Sit al jou benodigdhede bymekaar en maak eerstens seker dat jou glashouer baie mooi skoon en droog is.
2. Sit eerste die klippies onderin die bottel. (Gedroogde mos werk ook goed vir dreinerings, veral as jy in 'n baie klein botteltjie werk.)
3. Dan volg die laag geaktiveerde koolstof.
4. Gooi dan versigtig 'n dik genoeg laag grond in om jou plantjies in te plant.
5. Gebruik jou lepel-grafie om gaatjies daarin te maak en plant jou plantjies. Bedek hulle wortels deeglik met grond en druk dit stewig vas.
6. Rangskik jou plantjies mooi om 'n natuurlike tuintjie te vorm. Jy kan klippies, droë houtstompies en selfs 'n kabouter of twee van glas of plastiek gebruik as versiering.
7. Maak die plante nat en sit jou terrarium op 'n sonnige, warm plek.

Hoe versorg jy jou terrarium?

'n Bottel wat verseël is, skep sy eie klein watersiklus. Die water wat verdamp vanaf die grond en die waterdamp wat die blare afgee sal kondenseer teen die glas en weer terugloop na die grond. Indien jy vetplante in 'n oop bottel geplant het, sal hulle ook min water nodig hê. 'n Terrarium het dus min aandag nodig.

Watter plante is ideaal vir terrariums?

Volgens die webblad <http://www.realestate.com.au/advice/37-plants-for-terrariums/> is die volgende klompie plante van jou beste opsies vir jou terrarium:

- African violet (viooltjie)
- Dracaena marginata* (palmboompie)
- Pilea involucrata* ("Friendship plant")
- Epipremnum aureum* ("Devil's ivy")
- Adiantum raddianum* (Nooienshaarvaring)
- Pilea depressa* ("Baby tears")
- Rhoeo discolor* ("Moses-in-the-Cradle")
- Nertera granadensis* (Koraalkraalplant)
- Hypoestes phyllostachya* (Polkadotplant)
- Protasparagus setaceus* (Aspersievaring)
- Begonia rex-cultorum* (Begonia)
- Asplenium nidus* ("Bird's nest fern")



VOEG 'N TIKKIE SONKRAG TOT JOU TUIN



Gee jou tuin 'n naglewe.

Die nuwe reeks Nexus Sonkrag Tuin ligte mag miskien fyn lyk, maar dis propvol van die nuutste sonkrag en battery tegnologie. Hoë kwaliteit vlekvrre staal omhulsel, lang lewe herlaaibare batterye, ingeboude dag/nag sensors en amorfiese sonpanele gee hierdie reeks die voorhand. Daar is 'n Nexus Sonkrag Tuinlig vir elke doel, smaak en begroting.

Nexus Solar is beskikbaar by deelnemende NTK/VKB handelstakke.

NEXUS




SONKRAG



Dag / Nag
Sensor



1 Jaar
Waarborg



Botterskorsies

bly steeds 'n wenner

Van alle skorsies is botterskorsies nog steeds die gewildste in die Suid-Afrikaanse mark. Vanuit die verbruiker se oogpunt lê hierdie gewildheid daarin dat botterskorsies baie verbruikersvriendelik is. Dit beskik oor uitstekende hou vermoë, is maklik om voor te berei, smaaklik, kan op verskeie maniere opgedis word en is net groot genoeg vir een of twee persone, wat vermorsing feitlik uitskakel.

Sakata se reeks basterbotterskorsies hou ook groot voordele in vir die produsent in terme van verbetering van opbrengs, siekteweerstand, aanpasbaarheid, hou vermoë en gehalte. Die basterbotterskorsiereeks het die afgelope aantal jare getoon dat hul groeikragtigheid en hoë weerstand teen poeieragtige meeldou die plante minder vatbaar maak vir blaarsiektes onder toestande wat normaalweg lei tot siekte-ontwikkeling. Die groeikragtigheid stel ook die plante in staat om 'n groot aantal vrugte tot volwassenheid te dra en kan oor 'n lang tydperk produseer.

Sakata se variëteite is doelgerig ontwikkel om die behoeftes van verskillende markte en boerderymetodes aan te spreek. Atlas is vir jare reeds die nommer een keuse van verwerkers weens die vruggrootte, interne gehalte en kleur. Die bekende Pluto is tans die eerste keuse vir uitvoer en die varsmark. Veenas is geskik vir die uitvoerder en voorafverpakking vir veral die kettingwinkelgroepe wat 'n kleiner vrug verkies. Dan is daar die unieke Cosmos, die enigste bostipe botterskorsie in die mark, ideaal vir kantrye in spuitpaaie, wat meganiese onkruidbeheer moontlik maak in die verbouing van botterskorsies.

ATLAS (2 – 3 kg) is 'n unieke bastervariëteit weens sy vruggrootte, opbrengs en uitstaande interne gehalte. Hierdie variëteit het hom reeds in die markplek en verwerkingsindustrie gevestig weens hierdie redes. Die plant is besonders groeikragtig en lewer uitstekende opbrengste en die interne gehalte maak dit moontlik om vrugte vir maande op te berg. Weens die sterk wortelstelsels moet daar teen oorbemesting gewaak word.

PLUTO (0,9 – 1,5 kg) is vir alle praktiese doeleindes 'n kleiner weergawe van Atlas met mediumgrootte vrugte met dieselfde uitstaande vruggehalte en eenvormigheid as Atlas. Die sterk groeiende basterplante is wyd aanpasbaar en weerstandbiedend teen poeieragtige meeldou. Die opbrengspotensiaal van Pluto is besonders hoog. Vrugte set oor 'n lang groeiperiode en die vrugvorm is soortgelyk aan Waltham. Besonders gewild vir uitvoer en verwerking weens die eenvormige vrugte met 'n besondere interne gehalte en hoë suikergehalte.

VEENAS (0,6 – 1,2 kg) is 'n kleiner weergawe van Pluto, en is spesifiek ontwikkel vir die uitvoermark en vir verpakking vir die kettingwinkelgroepe. Die vrugte is klein tot medium met 'n ongelooflike eenvormige vruggrootte. Vrugte het 'n basiese Waltham-vorm. Soos Pluto en Atlas beskik dit oor die hoogste vruggehalte wat 'n voorvereiste is vir die uitvoermark. Die plante is sterk groeikragtig wat oor 'n lang periode vrug set en bied weerstand teen poeieragtige meeldou. Veenas moet verkieslik gedurende die somer verbou word aangesien die vrugte kleiner word gedurende koeler groeiperodes.

COSMOS (0,8 – 1,2 kg) is die eerste bostipe botterskorsie in die mark. Hierdie unieke eienskap maak verbouing soveel makliker deurdat dit tot op 'n laat stadium meganies geskoffel kan word. Cosmos het weerstand teen poeieragtige meeldou. Cosmos het 'n goeie opbrengs van besonderse eenvormige vrugte van ongeveer agt vrugte per sak. By uitstek geskik vir vroeëseisoenproduksie om vroeg in die mark te wees. Cosmos word slegs aanbeveel vir varsmarkproduksie.

Atlas: Groot eenvormige vrugte met uitstekende smaak, kleur en raklewe.

Pluto: Aantrekklike, gladde skil, mediumgroot vrugte met 'n diep oranje interne kleur.

Cosmos: Nuwe generasie bostipe met eenvormige, mediumgrootte vrugte.



AFWYSENDE KLOUSULE: Hierdie inligting is op ons waarnemings en/of inligting vanaf ander bronne gebaseer. Aangesien gewasprestasie van die interaksie tussen die genetiese potensiaal van die saad, die fisiologiese eienskappe daarvan en die omgewing, bestuurspraktyke ingesluit, afhang, gee ons geen waarborg – uitdruklik of deur implikasie – vir die prestasie van gewasse relatief tot die inligting gegee nie. Ook aanvaar ons geen aanspreeklikheid vir enige verlies, direk of as gevolg daarvan, wat te wyte aan enige oorsaak ook al mag ontstaan nie. Lees eers asseblief Sakata Seed Southern Africa (Edms.) Bpk. se verkoopvoorwaardes voordat saad bestel word.



PLUTO

- Uitstekende interne kwaliteit en smaak
- Uitstaande rակlewe
- Vrugte is geskik vir varsmark, prosessering en uitvoer

Sakata botterskorsie variëteite:



Atlas



Cosmos



Pluto



Veenas



SAKATA

PASSI^{ON} in Seed

MayFord

Tel: 011 548 2800
www.sakata.co.za
e-pos: info.saf@sakata.eu

QUALITY


RELIABILITY

SERVICE

SPANSPEK

sal nooit weer
dieselfde
wees nie!

Verbruikers koop dikwels spanspek met hoë verwagtinge. Ongelukkig word hulle dikwels teleurgestel, wat die verkope van hierdie vrugte benadeel. Met die vrystelling van Sakata se nuutste genetika in spanspek, Majestic, gaan spanspekke nooit weer dieselfde wees nie! Met hierdie ontwikkeling wat oor ongekende smaak, gehalte, opbrengs en raklewe beskik, sal 'n teleurgestelde verbruiker iets van die verlede wees.



In

die verlede was die spanspekmark beperk tot slegs een van die volgende kenmerke: raklewe, opbrengs of smaak. Dit is dus baie goeie nuus vir beide die produsent en verbruiker dat Sakata se nuwe

variëteit, Majestic*, al drie hierdie kenmerke insluit. Majestic is 'n langraklewe-spanspek, wat beteken dat die produsent oor 'n langer tydperk kan oes, dat die spanspek oor langer afstande vervoer kan word, asook dat die vrugte steeds vars is wanneer dit op die verskaffer se rakke en uiteindelik in die verbruiker se kombuis beland. Tipiese langraklewe-spanspek moes nog altyd inboet op smaak en was dus nog nooit 'n gunsteling onder verbruikers wat uitsien na die sappige, soet sensasie van die spanspek van ouds nie. Majestic is egter anders – hierdie variëteit beskik oor uitstaande houvermoë sonder om die soet smaak, diep oranje aantreklike kleur en

kwaliiteit waarna verbruikers smag te weerhou. Die produsent sal ook nie 'n fout maak om Majestic in te sluit in sy plantprogram nie. Majestic beskik oor 'n baie goeie opbrengspotensiaal en as gevolg van sy houvermoë, laat dit die produsent toe om die oestyd met 'n paar dae uit te stel indien nodig. Die sterk plante maak die variëteit meer aanpasbaar teen klimaatsomstandighede asook meer bestand teen siektes. Die vrugte is baie eenvormig wat uitpakpersentasies voordelig beïnvloed.

Majestic beskik verder oor uitsonderlike interne kwaliteit met 'n klein saadholte. Die vleis is 'n diep oranje kleur met 'n baie ferm tekstuur en volgehoue hoë suikervlakke (Brix) tussen 13 en 15%. Wanneer Majestic se smaak vergelyk word met ander standaard langraklewe-spanspekke, staan Majestic ver uit bo die res. Die aantreklike, eenvormige vrugte van Majestic beskik oor 'n algemene gewig wat wissel tussen 1,8 en 2,5 kg. Majestic is aangepas vir warmseisoenproduksie in gebiede regoor Suid-Afrika. Die plante is baie groeikragtig en vorm 'n goeie blaarbedekking wat die vrugte teen die son beskerm. Die variëteit het verder die vermoë om 'n uitstekende net te vorm, selfs in die koeler seisoen. Majestic het ook baie goeie siektebestandheid, met hoë bestandheid teen fusarium en poeieragtige meeldou, wat verseker dat die plante sterk en gesond bly regdeur die groeiseisoen.

Vir meer inligting oor Majestic of Sakata se totale produkreeks, besoek gerus die webwerf by

www.sakata.co.za.



MAJESTIC*

- Uitstekende interne kwaliteit
- Langraklewe tipe spanspek
- Vruggrootte tussen 1.8 en 2.2 kg
- Baie hoë opbrengspotensiaal



* Eksperimenteel: Hierdie variëteit is steeds eksperimenteel, maar registrasie is reeds ingedien vir Suid-Afrikaanse kultivar lysing.



SAKATA

PASSION in Seed

MayFord

Tel: 011 548 2800
www.sakata.co.za
e-pos: info.saf@sakata.eu

QUALITY

RELIABILITY

SERVICE

Maak 'n

sementpot vir jou plante



Jy benodig

- plastiekhouders om as gietvorm te gebruik (een vir die pot se buitekant en 'n kleiner een vir die binneste holte; sien stap 6)
- sement
- bouersand
- stofmasker en rubberhandskoene
- emmer en groot metaallepel (jy sal dit nie agterna vir iets anders kan gebruik nie)
- maatbeker
- growwe skuurpapier
- elektriese boor met 'n betonboorpunt
- tang
- handwerkmes

1. Was die plastiekhouer wat jy vir die buitekant gaan gebruik (bv. 'n leë koeldrankbottel), en sny die bokant tot op die verlangde hoogte af indien nodig. Hou dit eers eenkant saam met die kleiner binne-houer.

2. Sit jou stofmasker op en trek jou rubberhandskoene aan – jy moet dit deur die hele proses aanhou.

3. Gooi twee dele bouersand en een deel sement in die emmer en meng dit met die metaallepel deur. **NOTA:** Met twee liter bouersand en een liter sement kon ons 'n hele paar potte op een slag giet.

4. Gooi een deel water (een liter in ons geval) bietjies-bietjies op 'n slag by en roer soos jy gooi. Wanneer driekwart van die water in is, kan jy kyk hoe dik die mengsel is – dit moet soos dik jogurt wees. Gooi nog water by indien nodig.

5. Maak die buite-houer omtrent driekwart vol met die sementmengsel. Kap liggies teen die kant van die houer om al die lugborrels uit te kry.

6. Druk die binne-houer reg in die middel van die buite-houer in – moenie dat die sementmengsel oorloop nie, en gooi nog by as dit nie tot bo vol is nie. **LET WEL:** Die buite-houer moet oral minstens 1 cm van die binne-houer wegstaan.

7. Gooi 'n paar klippies in die binne-houer om dit in posisie te hou. Laat dit 'n paar uur staan om hard te word.

8. Sodra die sement hard is, kan jy die klippies uitgooi en die gietvorms vir 24 uur in 'n emmer met water laat staan – dis om die sement sterker te maak. **LET WEL:** Moenie dié stap oorslaan nie, want as jy die gietvorms nou al probeer afhaal, kan die sement kraak.

9. Haal die gietvorms uit die water uit en wikkel die binne-houer met jou tang tot dit loskom. Maak met jou handwerkmes 'n sny in die buite-houer.

10. Gebruik weer jou tang en skeur die buitehouer vanaf die sny weg van die pot.

11. Skuur die pot se borand gelyk op 'n stuk growwe skuurpapier. Vryf dit met jou vingers en spoel dit in water af om dit weer glad te maak.

12. Boor 'n dreineringsgat in die middel van die pot – werk op 'n houtblokkie. Laat staan die pot vir 'n dag of wat om heeltemaal droog te raak voor jy 'n plantjie daarin plant.

Bron: www.idees.co.za



Kry jou

GRASPERK

gereed vir die somer

Noudat die son weer soggens vroeër opkom en warmer skyn, is dit tyd vir die gebruikelike “spring clean”, maar nie net van jou huis nie, want die tuin smag ook na 'n bietjie aandag. Hier volg 'n paar wenke vir hoe 'n mens jou grasperk ná die koue maande weer tot sy volle glorie kan laat herstel.

Onkruid

Onkruid sal ongetwyfeld die grasperk in die koel weer binnegeval het, so spuit 'n selektiewe onkruiddoder soos Efekto Hormaban of Turfweeder om breëblaaronkruid uit te wis. Lees altyd die etiket noukeurig om seker te maak dat 'n produk geskik is vir jou grasperktipe.

Voeding

Lente is die beste seisoen vir die voeding van die grasperk met 'n Wonder Vitaliser Lawn and Leaf 7:1:3- of Wonder KAN-kunsmis. Versprei die kunsmis egalig oor die area, volgens die aanbevole dosis.

As jy eerder 'n organiese kunsmis vir die grasperk wil gebruik, dan is Wonder Organic Vita-Boost ideaal. Die organiese korrelkunsmis voed nie net die gras nie, maar moedig gesonde groei aan.

'n Nuwe begin

Lente is 'n groot seisoen om 'n nuwe grasperk te saai. Shade Over- of LM Berea-grassoorte is spesiaal ontwikkel om met bestaande grasse te meng. Dit het redelike skaduweeverdraagsaamheid en sal floreer onder 'n ligte blaardak waar baie ander grasse sal sukkel.

Goeie grondvoorbereiding is die sleutel wanneer nuwe gras aangeplant word. Meng Wonder-beenmeel of Wonder Super Phosphate in die grond. Dit sal help met goeie wortelontwikkeling. Gebruik waterstoor-kristalle wat sal help om die wortelarea nat te hou, en sal help om die gras kans te gee om te vestig.

Laat wortels asemhaal

Grasperke word gekompakteer met verloop van tyd, wat minder suurstof rondom die graswortels beteken. Steek vertikale gate (“spike”) met 'n tuinvurk om te help om grond rondom die wortels los te maak. Sprinkel 'n Wonder 2:3:2 (14) SR-kunsmis daarna oor die area en hark in met 'n plastiekhark en maak nat direk ná toediening.

Peste

Molkriekie het vernietigende peste op grasperke geword. Plantbeskerming moet gerig wees op jong lote. Begin behandeling in Oktober en voer deur tot vroeg in April. Dit is meer effektief as latere behandelings op groter molkriekie. Efekto Plant Protector kan gebruik word vir die beheer van molkriekie.

- Miswurms, die larwes van lentekewers, is algemene peste. Larwes voed op graswortels wat veroorsaak dat bruin, dooie kolle op grasperke voorkom. Die larwes voed van die begin van lente af deur tot in herfs. Gebruik Efekto Bexadust vir die beheer van miswurms.
- Grasperkruspes vreet jou gras, wat veroorsaak dat lelike bruin kolle voorkom. Om 'n grasperkruspeplag te bevestig, plaas 'n nat handdoek op jou grasperk oornag. As daar ruspes klou aan die onderkant van die handdoek die volgende oggend, sal jy weet wat die oorsaak is. Behandel met Wonder 4:1:1 (24) Plus Insecticide, 'n kunsmis wat 'n insekdoder bevat, of gebruik Efekto Eco Insect Control/Efekto Cypermethrin 200 EC.



LAAI NOU DIE GRATIS

Efekto Green Fingers app af

Die mees volledige tuingids in die palm van jou hand

STUUR 'N FOTO,
IDENTIFISEER
'N TUINPES



DESKUNDIGE
TUINADVIES
EN WENKE



VOLLEDIGE
PRODUK-KATALOGUS



Beskikbaar op:



Kliëntediens: Tel 086 133 3586
info@efekto.co.za
www.efekto.co.za



Garden & Home Pest Control



die **beste voeding** vir jou hele tuin met Protek NutriGreen

Protek se nuutvrygestelde NutriGreen-reeks bestaan uit organiese en organiesgebaseerde korrelmisstof gemaak van verkomposteerde hoendermis wat met koolstof (C) verryk en vry van patogene, parasiete en onkruidsaad is.

Organiese misstof is van nature stadigvrystellend en die koolstof verbeter die verbinding van die plantvoedingselemente met jou tuingrond, dus verhoed dit dat die misstof in die grond loog.

Dit bevorder die aktiwiteite van mikro-organismes in die grond wat op hul beurt die plantvoedingselemente afbreek tot in die vorm waar dit beskikbaar is aan plante om te gebruik.

NutriGreen bevat die drie belangrikste plantvoedingselemente, naamlik **stikstof (N)**, fosfaat (P) en kalium (K) **asook** al die mikro-elemente wat die plante benodig vir gesonde groei, byvoorbeeld yster (Fe), mangaan (Mn), koper (Cu), sink (Zn) en boor (B), ensovoorts.

Of jy 'n "groen" tuinier is of nie, die NutriGreen-reeks is die ideale voeding vir jou hele tuin!

Geregistreer in terme van Wet 36 of 1947

Gwano Pellets: N 21 g/kg, P 32.5 g/kg, K 27.6 g/kg, Zn 2000 mg/kg, Cu 70 mg/kg, Mo 4500 mg/kg, Fe 2200 mg/kg, B 1200 mg/kg, Mn 1000 mg/kg, C 350 g/kg, Groep 2 misstof, Reg nr B4904; Flower Power: N 48 g/kg, P 10 g/kg, K 36 g/kg, Zn 61 mg/kg, Cu 17 mg/kg, Mo 22 mg/kg, Fe 869 mg/kg, B 256 mg/kg, Mn 212 mg/kg, C 296 g/kg, B4652, Groep 2 misstof; Gro Green: N 39 g/kg, P 10 g/kg, K 40 g/kg, Zn 61 mg/kg, Cu 17 mg/kg, Mo 22 mg/kg, Fe 869 mg/kg, B 256 mg/kg, Mn 212 mg/kg, C 315 g/kg, B4655, Groep 2 misstof.

Geregistreer deur FarmWorx (Edms) Bpk, Reg no 2012/092415/07, Posbus 645, Heidelberg, 1438, Tel no 011 812 9800.

Versprei deur: Protek, 'n divisie van PE BEE Agri (Edms) Bpk, Posbus 72, Heidelberg, 1438. Tel (011) 812 9800 of 0861 PROTEK (0861) 77 68 35, www.proteksa.co.za

Protek **NutriGreen**, die beste voeding vir jou tuin!

- Verryk met koolstof om die gehalte van grond te verbeter
- Gekomposteerde pluimveemis
- Patogeen-, parasiet- en onkruidvry
- Verkorrel vir maklike en gerieflike toediening
- Ideaal vir gebruik in alle seisoene



Gwano Pellets

- 100 % organiese groeikrag met makro- en mikro-elemente
- Gebalanseerde, algemene misstof vir jou hele tuin – ideaal vir grasperke, bome, struik, vrugtebome, rose, groente, kruie en blom- en vrugdraende plante

Gro Green

- Organies gebaseer en chemies verryk met makro- en mikro-elemente
- Ideaal vir nuwe of gevestigde grasperke, insluitende immergroen grasperke sowel as immergroen plante en loof

Flower Power

- Organies gebaseer en chemies verryk met makro- en mikro-elemente
- Ideaal vir ornamentele plante, insluitende eenjarige- en meerjarige plante, rose, struik, vrugtebome, bome, groente, kruie en alle blom- en vrugdraende plante

Om meer uit te vind oor ons volledige reeks produkte, kontak ons by 0861 PROTEK (0861 77 68 35)

www.proteksa.co.za

Insekdoders	Onkruidodders	Swamodders
Spesialiteite	Knaagdierdoders	Kunsmis

Geregistreer in terme van Wet 36 van 1947
Gwano Pellets: N 21 g/kg, P 32.5 g/kg, K 27.6 g/kg, Zn 2000 mg/kg, Cu 70 mg/kg, Mo 4500 mg/kg, Fe 2200 mg/kg, B 1200 mg/kg, Mn 1000 mg/kg C 350 g/kg, Groep 2 misstof, Reg nr B4904; **Flower Power:** N 48 g/kg, P 10 g/kg, K 36 g/kg, Zn 61 mg/kg, Cu 17 mg/kg, Mo 22 mg/kg, Fe 869 mg/kg, B 256 mg/kg, Mn 212 mg/kg, C 296 g/kg, B4652, Groep 2 misstof; **Gro Green:** N 39 g/kg, P 10 g/kg, K 40 g/kg, Zn 61 mg/kg, Cu 17 mg/kg, Mo 22 mg/kg, Fe 869 mg/kg, B 256 mg/kg, Mn 212 mg/kg, C 315 g/kg, B4655, Groep 2 misstof; Geregistreer deur FarmWorx (Pty) Ltd, Reg no 2012/092415/07, Posbus 645, Heidelberg, 1438, Tel no 011 812 9800. **Versprei deur:** Protek, 'n divisie van PE BEE Agri (Edms) Bpk, Posbus 72, Heidelberg, 1438. Tel (011) 812 9800 of 0861 PROTEK (0861) 77 68 35, www.proteksa.co.za.



Vir jou Huis en Tuin!

Maak **tuin** met min geld

Ons almal weet tuinmaak kan 'n duur storie raak, maar Anna Cilliers van Pasella-faam, gee in 'n artikel op die webblad van die TV-program Pasella (www.pasella.co.za) 'n paar wenke om jou te help om dit bekostigbaar te maak om met 'n mooi tuin te spog.

In die winkel

- ♣ Koop van die begin af plante wat nie pieperig is nie, sê Anna. Meer geharde plante wat by alle klimaats- en groei-omstandighede aanpas, hoef nie gepamperlang te word nie, en benodig ook nie ekstra kos nie.
- ♣ Sy stel ook voor dat 'n mens plante in seisoen koop, dit wil sê wanneer die plante in blom is. "Sodoende kan jy sien presies wat jy gaan kry."
- ♣ Wanneer jy die plant koop, moet daar nie sigbare onkruid, siektes, insekte of goggas op die plant wees nie. Dis ook belangrik dat die sakkie mooi vol grond is en dat die plant stewig staan in die grond.
- ♣ Grondbedekkers en klimopplante groei maklik en lyk altyd mooi.
- ♣ Inheemse heiningplante soos blou heuningbos of Kaapse kamferfoelie is volgens Anna ideaal om groot areas te bedek.
- ♣ As grondbedekkers "wat lekker vinnig groei, gebruik iets soos Erigeron wat klein wit madeliefieblommetjies maak. Hy groei geweldig vinnig en rank gou die grond toe," sê Anna. Boonop groei Erigeron omtrent in enige klimaat. "As jy op hierdie manier die agtergrond van jou tuin bekostigbaar doen, kan jy dalk bietjie geld oorbê om aan ander plante en fokuspunte te spandeer."
- ♣ Rose wat hibriede is (wanneer twee rose met mekaar gekruis word) is ook 'n goeie kopie, stel Anna voor. "Hierdie rose is dalk duurder, maar hulle blom baie en kry nie somer siektes nie. Ander gewilde hibriede is malvas en agapante.
- ♣ "Speldekussing – wat 'n hibriedfynbosplant is – is nog 'n wenner. As jy nie grond het nie kan jy hom in 'n pot ook plant. By hibriede sal die hibriednaam altyd bo-aan die etiket wees gevolg deur die naam van die twee plante waarvan hy 'n kruis is."
- ♣ Laastens herinner sy dat 'n mens altyd goed moet oplet na wat op die etiket staan. "Al die inligting wat jy nodig het om plante goed te kweek sal hierop wees en so verseker jy dat jy goed na jou plante kyk."

Beplanning

Net soos met enige ander projek, begin ook jou tuinmaak-ekspedisie met behoorlike beplanning. "Beplan jou tuin vooraf op papier en vermy verkeerde of onnodige kopies deur jouself vooraf af te vra wat die doel van die plant in jou tuin moet wees en dan die geskikte plante hiervoor te kry.

"Hou in gedagte aspekte soos hoe groot of hoog die plant moet word, kyk of die area in son is of nie en of jy lus gaan wees vir snoei of nie.

"Een van die maklikste maniere om geld te bespaar as jy tuin maak, is natuurlik om saad te koop. In een pakkie is honderde sade en jy kan groter areas bedek as jy sade saai."

In die tuin

Verdeel jou ornamentele grassies:

Volgens die artikel is ornamentele grasse winskopies "omdat jy 'n klomp van hulle kan plant. Jy kan dus een plant in 'n klomp verdeel." Soek dus vir 'n plant "wat baie vol in sy sakkie is".

Haal die plant uit sy sakkie en plaas dit in water sodat die grond mooi van die wortels af was. Haal die enkelplantjies van mekaar af en sny die wortels terug. Sny ook die blare lekker stomp af sodat die plant nie al sy energie in die blare instoot nie, maar eerder in wortelgroei. Nuwe blare sal wel weer groei!

"Verdeel ook gras, soos mondo-gras, wat reeds in jou tuin is. Spit en haal uit, verdeel soos voorheen verduidelik en plant enkelplantjies terug."

Herwin terwyl jy bespaar

Hou die plastiek- en polistereenbakkies waarin vleis en groente in die winkel aangekoop word en gebruik dit om jou saadjies of steggies in te plant, stel sy voor. Selfs eierboksies is baie nuttig hiervoor. Op dié manier herwin jy en jy bespaar ook geld, en boonop is jou nuwe plantjies ook meer beskermd totdat hulle groot genoeg is om tuin toe verskuif te word.

Onthou net om klein gaatjies onderin te maak sodat water kan dreineer.

Maak jou eie steggies

Bedel by vriende steggies of ruil steggies uit met ander mense as jy op plante afkom wat jy graag in jou tuin sal wil hê.

In die artikel verduidelik Anna dat die takkie van meeste van sy blare gestroop moet word. "Druk die stingel in hormoonpoeier en druk dit goed vas in die grond. Skep 'n kweekhuisie met 'n ou koelrankbottel wat in die helfte gesny is. Sit die onderste helfte van die bottel onderstebo oor die steggie sodat dit die plantjie klam en warm hou. Dit help wortelgroei aan."

Verdeel jou vetplante

"Meeste vetplante sal weer wortels maak as die blare van die hoofplant verwyder word. Neem 'n vetplant en trek versigtig die blare van die stammetjie af. Plaas dit in 'n boks wat uitgevoer is met koerantpapier en los dit vir 'n paar weke tot die blaartjies nuwe worteltjies vorm wat jy in jou tuin kan oorplant. Plant dit in 'n potjie en gee dit min water tot hy goed geanker is."

Met die draai van die seisoen en die son wat 'n bietjie warmer skyn, raak 'n mens weer lus om in die grond te gaan grawe en jou tuin vir die nuwe seisoen gereed te kry. En selfs al is daar waterskaarste en weet ons die droogte is nog lank nie verby nie, is daar waterslim plante wat ons kan aanplant en kan ons bad-, was- en skottelgoedwater (die sogenaamde gryswater) gebruik om ons tuine nat te lei. Geniet die tuinmakery en verlustig jou hierdie somer in jou handewerk.



QUALITY HOSE MANUFACTURER

**Reinforced Hosing (Pty) Ltd
Manufacturer & Supplier of:**

- Agricultural Dragline
- SABS Mining Hose
- Clear Tubing
- Garden Hose
- Prepacked Garden Hose Fittings

Web: www.watex.co.za
Email: sales@watex.co.za
Tel: 011 769 2600



Quality Dragline

Available at various Co-ops and leading hardware stores



NEW



12 Year Warranty Garden Hose

Locally manufactured to SABS standards for the discerning gardener who requires a premium garden hose for our harsh South African conditions:

- 12mm dia x 20 metre length with fittings
- 12 mm dia x 20 metre length without fittings
- 20mm dia x 30 metre length with fittings
- 20 mm dia x 30 metre length without fittings



**DON'T FORGET OUR BEST SELLING
6 YEAR WARRANTY HOSE AS WELL**

- 12 & 20mm Garden Hose
- 20 & 30 metre lengths • With & without fittings



Suksesvolle kanola in die Vrystaat

deur Petrus Fouché en Reinhardt Grobler

Een van die hoofredes waarom droëland-kanola tot dusver misluk as wintergewas in somerreëneareas, is waarskynlik die verkeerde planttyd.

Siende dat kanola minstens aard oral waar koring aard en koringopbrengste in somerreëngebiede ongeveer dieselfde is as in die Wes-Kaap, behoort kanola in die Vrystaat ook minstens die goeie opbrengs te lewer wat sommige boere in die Wes-Kaap verkry.

Moet egter nie dink omdat kanola soos koring in die winter verbou word, die planttyd naastenby dieselfde is nie. Dit kan wel geld vir besproeiing, beslis nie vir droëland-kanola nie.

Baie vroeër plant sal nie net opbrengspotensiaal verhoog deur langer groeiperiode nie, dit sal ook winsmarges verder verhoog deur dubbeldoel wei en oes moontlik te maak. Plant in die warmer maande gee vinniger meer biomassa vir maksimum opbrengs en/of voer.

In somerreëngebiede word koringsaad diep by die vog geplaas om te ontkiem vanaf gestoorde vog, gewoonlik tydens die koue wintermaande Mei tot Junie. Die baie kleiner kanola-saadjie het nie dieselfde groeikrag as die groter koringkorrel om van daardie diepte af op te kom nie. Boonop ook nie so 'n lang, sterk koleoptiel om tot bo die grondoppervlak te groei nie. Inteendeel, selfs die skadu-effek van te veel stoppel in die plantery, met gepaardgaande kouer toestande, kan die jong kanola-saailing sodanig vertraag dat opbrengs ingeboet word – volgens navorsing deur dr. John Kirkegaard, CSIRO Australië – selfs met tot 25 %.

Vinnige opkoms van kanola om 'n egalige stand te lewer is van die allergrootste belang. Die Vrystaatse koue wintermaande lei tot stadige ontkieming en opkoms van kanola, waardeur grondinsekte en -siektes die saailinge drasties kan verminder. Daarteenoor sal kanola wat laatsomer of vroegherfs (Januarie tot Maart) ± 1 cm diep in goeie vog of voor die laaste somerreën geplant word, binne vier tot tien dae opkom, soos bevind in proewe wat in Februarie tot Maart aangeplant is, soos byvoorbeeld by Senekal, Warden (2005) en Bloemfontein (2009). Met 'n 19 Mei-aanplanting by Clarence het die kanola egter vyf weke geneem vir opkoms.

Klimaat

Vogbesikbaarheid tydens opkoms en om sterk plante/ goeie biomassa te ontwikkel, is uiters belangrik. Navorsers is dit eens dat 120 mm 'n goeie wegspring is. Toestande tydens ontkieming en vroeë ontwikkelingstadia is aansienlik beter vir kanola met die korrekte planttyd in somerreëvalareas, as vir die Wes-Kaap. Vir die Wes-Kaap behoort planttyd ook eerder vroeër vanaf Maart te geskied en nie volgens 'n datum vanaf middel April soos sommige aanbevelings tans is nie. Plant eerder volgens reënval. Vir die somerreëngebiede kan dit vanaf Februarie en selfs vroeër geskied.

In die volgende tabelle is die gemiddelde reënval vir agt produksiestreke van elk van die areas van wes na oos, in aanmerking geneem: 1) Wes-Kaap (volgens reënval Maart tot Mei/Oktobre): Eendekuil, Moorreesburg, Caledon, Napiër, Bredasdorp, Heidelberg, Riversdal, Albertinia; teenoor somerareas (volgens reënval Februarie tot April (F-M-A)/September(F-S)); 2) Oos-Kaap rypvrye kusgebiede: Alexandria, Port Alfred, Oos-London, Butterworth, Willowvale Mtata, Lisikisiki, Bizana; 3) Oos-Kaap hoogliggende rypgebiede: Queenstown, Dordrecht, Cofimvaba, Elliot, Tsomo, Maclear, Mount Frere, Matatiele; en 4) Vrystaat: Petrusburg, Bultfontein, Frankfort, Senekal, Heilbron, Bethlehem, Warden, Vrede.

Hierdie gemiddelde reënvaldata bewys toestande vir kanola in somerreëngebiede is in werklikheid gunstiger as vir die Wes-Kaap. Beter gemiddelde droëmateriaal- (DM) produksies (= weidingspotensiaal) in hierdie areas het op nege weke ná opkoms, of 10 weke ná plant middel Maart, 4 t DM/ha behoort teenoor die Wes-Kaap, waar sowat vyf tot ses weke later aangeplant is in mid-April met DM-produksie = 2,72 t DM/ha, het dit bevestig.

Reënval	Wes-Kaap Gemiddeld	Oos-Kaap Kusgebiede	Oos-Kaap Hoë rypgebiede	Vrystaat Gemiddeld
Jan	13	69	91	86
Feb	16	72	93	68
Mar	23	77	86	66
Apr	30	43	38	34
Mei	39	28	15	11
Jun	42	20	6	2
Jul	41	18	5	0
Aug	44	28	11	4
Sep	30	45	23	14
Okt	28	66	49	50
Nov	22	74	68	68
Des	13	68	83	76
Totaal	342	609	568	479
F-M-A	93	201	217	168
F-S	278	338	277	224

Okt-Apr	146	470	508	448
Gemiddelde maksimum dagtemperatuur:- Blomperiode Julie/Augustus tot September:				
	22	21	21	22
Gemiddelde koudste minimum temperature (Julie)				
	6	7	2	0
Opbrengspotensiaal:- Volgens Feb/Maart tot Sept/Okt vog beskikbaar teen 10 kg/mm:				
	2779	3379	2773	2241

Volgens beide Kanadese kanola-ekspert Phil Thomas asook Australië se John Kirkegaard is 10 tot 11 kg/ha saadproduksie moontlik per mm vog.
Bogenoemde data, verkry vanaf www.saexplorer.co.za, bevestig:

1) Totale reënval vir somerreëvalgebiede (SRA) OK en VS is hoër as vir die WK;

2) Beskikbare vog vir plant en vroeë ontwikkeling Februarie tot April vir SRA, is beter as die aanvaarbare 120 mm behoefte (volgens o.a. kanola-ekspert Phil Thomas), maar laer, naamlik gemiddeld slegs 93 mm vir WK planttyd Maart tot Mei;

3) Totale vog beskikbaar tydens die groeiperiode Februarie tot September vir SRA in kusgebiede van OK is hoër (338 mm) as vir WK Maart tot Oktober (= 278 mm);

4) Terwyl WK gewasse óf versuip óf onder vogstremming verkeer weens vlak gronde, het SRA diep gronde met hoër waterhouvermoë, wat in staat is om die diepgewortelde kanola deur die winter op gestoorde vog te neem;

5) Moontlik beskikbare gestoorde vog van vroeë somermaande was nie in aamerking geneem vir 'n winter-kanola-opbrengs nie;

6) In SRA met langer groeiseisoen beskikbaar, sal langer groeiseisoen-kultivars hoër opbrengspotensiaal hê. Dit is bevestig met winterkultivars se opbrengs van 2,3 t/ha teenoor Australiese lentetipes van 1,68 t/ha by Bethlehem 2009.

Noudat daar geen twyfel kan bestaan dat droëland-kanola oral in SRA op gestoorde vog verbou kan word (indien enige twyfel, skakel gerus Petrus 082 779 1609), waarop moet nog gelet word?



Bemes voldoende, veral ook stikstof. Hoe beter bemes word hoe meer weiding/opbrengs kan verkry word. Dus, indien opvolgreën voorkom, oorweeg kopbemesting.

Gebruik gehaltesaad. Mik vir ± 30 plante/m². Te veel plante sal onnodig meer vog verbruik. Met gunstige toestande sal kanola self voldoende vertak, selfs ná beweiding(s). Selfs indien uiteindelijke plantestand ± 10 /m² is, hoef nie oorgeplant te word nie. By Reitz (Sonop 2012, sien foto), met goeie bestuur asof 30 plante/m², het slegs **slegs 1 plant/m²** as volg presteer:

Aantal stamme/halms op			Peule per halm	Peule per plant	Sade per peul	Sade per plant	Opbrengs t/ha
5 cm	10 cm	peulhoogte					
12	21	190	18	3376	18	62272	1,6 tot 2,7

Siektes en plae word hier slegs genoem: Beheer en/of behandel saad (indien nie reeds op die saad) teen grondinsekte soos **valsdraad-, snywurm, isopoda/kewers**. Behandel ook teen grondgedraagde siektes wat saailingafsterf kan veroorsaak, nl. **Fusarium, Pythium en Rhizoctonia**.

Tydens opkoms en vroeë groeistadia, **besoek kanola minstens elke twee tot drie dae** sodat beheer, indien nodig, tydig kan geskied. Indien dit lyk of die jong kanola "stilstaan", of dalk pers vertoon, kyk vir **plantluise** (hoofsaaklik die **koolluis**) in groeipunt of onder blare. Pers verkleuring kan egter ook 'n aanduiding van ander stresfaktore wees. Wanneer vee ingesit word en hulle ná 'n aanpassingstyd steeds nie wil vreet, is dit as gevolg van **luise**. Spuit dood en wag tot onthoudingsperiode verby is, dan sal hul vreet en kilogramme aansit.

Swartstam (Leptosphaeria maculans) en **Sclerotinia** is siektes wat groot oesverliese kan veroorsaak, maar kan hetsy met saadbehandeling en/of chemiese middels beheer word. Tydens die blomperiode moet ook vir **luise** en veral **ruitrugmot** uitgekyk word.

Vir goeie kanola-oeste, wat koringwisselbou ook weer winggewend sal maak, verseker die volgende:

- ✓ Bewaar voldoende vog, minstens vanaf Februarie, om kanola deur winter te dra.
- ✓ Indien bewerk, maak seker van 'n gelyk, ferm saadbed.

- ✓ Verseker saad is behandel teen insekte en siektes.
- ✓ Plant langgroeiseisoen-kultivars vroeg, waardeur minstens een beweiding verseker kan word.
- ✓ Indien nie bewei kan word nie, moet wintertipe kultivars met vroegplant gebruik word. Dit sal verseker peul- en saadvorming vind plaas ná laatryptoestande.
- ✓ Plant vlak in vog op eenvormige diepte van ± 1 cm. Hoe vroeër, dus warmer, kan dieper geplant word, nie dieper as 3 cm.
- ✓ **Bly weg van lande waarop in die afgelope twee jaar sulfoniel-urea onkruidodder gespuit is.** Kanola mag dalk opkom, maar sal kort daarna verdwyn! Indien jy beplan om kanola in die toekoms op koringlande te plant, gebruik ander chemiese middels vir onkruid in koring, wat nie 'n nawerkinggevaar vir kanola inhou nie.
- ✓ Tydens blom inspekteer veral vir sclerotinia en ruitrugmot en spuit dienooreenkomstig.
- ✓ Maak betyds absoluut seker van oestegnieke, hetsy doodspuit of platsny voor oes.

Sien hieronder Nico de Beer (0823885105) van Beestekraal in Noord-Wes en langsaan nog 'n land dik in die peul by hulle, geneem 4 Oktober 2012. Nico sê kanola maak hul grond gesond. Proewe toon opbrengste van 4 tot 4,5 t/ha. Teen 450 – 500 mm besproeiing is dit amper in lyn met 10 kg/mm vog.



Die pad vorentoe

In die Vrystaat is 3 813 719 ha beskikbaar waarvan 1 405 500 geplant is in 2016. Dis 'n 36,9% benutting. Teoreties is daar dus 2 miljoen ha wat moontlik geplant kan word en R42 biljoen se saadwaarde in die Vrystaat wat tans nie verbou word nie met 0,4 miljoen ha buite rekening gelaat vir paaie/huise/dorpe, ensovoorts. Vir elke 1 ha kanola kan die weidingswaarde geskat word op bykans R5 000. Hierdie weidingswaarde is nie in berekening gebring nie. Glufosaat kan onkruid/gras baie suksesvol dood. Die groot tekortkoming van glufosaat is dat dit totaal oneffektief is om kapilere aksie te dood. Kapilere aksie maak seker dat amper alle vog in 'n laag aan die grond bo gegee word totdat dit op die oppervlak deur verdamping of evapotranspirasie aan die atmosfeer terugbesorg word.

Daar moet ons gebruik maak van die wysheid hoe om die grond "toe te maak". Met bewerking is dit gedoen met die eg, en in bewaringsboerdery met die deklaag. In 'n 18maande siklus kan genoeg vog dan bewaar word om 'n 3 ton kanola- of koringoes te stroop, selfs nadat die koring/kanola beweï is.



“Visie skep toekoms”

Voermors by voeringe skep deklaag wat kapilere opslaang bewaar en gras toeganklik maak.

Kanola is ook 'n uitstekende gewas om deklaag te skep vanweë die hoeveelheid plantmateriaal in 'n kanolaland. Die kombinasie van stokkies/peule en blaartjies, veroorsaak dat blare nie wegwaai soos by ander gewasse nie.

Nuwe generasie kanolasaad soos Hayola 50, Diamond en Belinda is geneties geprogrammeer om 5 ton te lewer mits die verbouingsomstandighede die genetiese potensiaal ondersteun. Proewe gaan dus nie om die genetiese potensiaal van die kultivar te bepaal nie, maar toets eerder die kennis, ervaring en toerusting van die rolspelers wat besig is om kanolaverbouing te implementeer.

Wie is verantwoordelik vir implementeringsnavorsing en ontwikkeling?

'n Geleerde vriend het hierdie verantwoordelikheid mooi soos volg saamgevat: “Dit is al die belangrike rolspelers se verantwoordelikheid – van die hoof van die land tot by die landgebruiker op die grond. Die regte beleid op nasionale vlak moet befondsing in die regte rigting stuur, terwyl boere voortdurend met volhoubare landboubeginsels moet eksperimenteer. Hoe nouer en sterker die ondersteuningsnetwerk van alle rolspelers rondom hierdie innoverende boere, hoe vinniger is daar vordering en impak.”

Die ideale wegspringgeleentheid is dus 'n vierkante meter in die voortuin en 'n rugsakspuit. Daarna die hektaar so na as moontlik aan die huis. Miskien volgende 'n kontoer van die lande wat in die 90's na gras oorgeskakel is, en ná al die klein suksesse kan kanola op groter skaal gebruik word as deel van die wisselboustelsel. Die landbougemeenskap of individuele boere kan ook vra vir hulp, waarna die verskeie instansies hul fondse en kapasiteit sal fokus na waar die behoefte/entoesiasme geïdentifiseer is.

Kanola het homself ook reeds gevestig as proteïenbron vir die braaiuikenmark. Kanola gee die geleentheid om proteïen nou in die winter te produseer met gestoorde vog, sou somerproteïenproduksie ongunstig wees as gevolg van laat somerreëns.

As weidingswaarde ingereken word, het koring regtig sy glans verloor? Tydens die grensoogdae is die Rus wat ons meeste op ons knieë gebring het die Russiese luis. Dit was voor die dae van die hoogloopsput met die lang arm van die gif. En daar was net nooit genoeg vliegtuie beskikbaar vir die bespuitings nie.

Voëls word ook beheer deur voorbehoedmiddel (OvoControl) wat getalle na nul aanteel laat neig.

Gemiddeld kry ons 600 mm reën – in 'n nat jaar 800 mm en in 'n droë jaar 400 mm.

Spreek 12:11 sê: “Wie sy land bewerk, het volop brood, maar hy wat nietighede najaag, het gebrek aan verstand.”

Oral potensiaal wat ontsluit kan word

www.canolaflax.wix.com/vision

CanolaFlax

Ons dink Wêreldwyd

Ons bied:

- Bemaking van canola- en linsaad-produksie
- Konsultasie met aanplant en produksie
- Konsultasie met gebruik van plantmateriaal as wervoer en wending
- Konsultasie met oelbedekking
- Konsultasie met oesversekering
- Konsultasie met produksie-instantie
- Saad
- Spesialtoerusting
- Ondergrondse drupstelsels
- Grond- en groei-log-analises
- Oos-Kaap-produksiehuurgrond

Kontak: +27 74 096 6713 | canolaflax@gmail.com

JY KAN 'N VERSKIL MAAK!

Sáám kan ons die tegnologie beskerm en die toekoms verseker.

Rentmeesterskap beteken om die beste tegnologie aan die volgende generasie oor te dra. Dit is belangrik om 'n toevlugsarea aan te plant omdat dit die natuurlike opbou van weerstand voorkom en die tegnologie beskerm.

Rentmeesterskap van ons produkte is vir ons 'n saak van erns. Produkrentmeesterskap is ook die regs-, etiese en morele verpligtinge wat daarmee gepaardgaan om te verseker ons produkte en tegnologieë is veilig met 'n verantwoordelijkheid teenoor die omgewing.

Dit is die gedeelde verantwoordelijkheid van Monsanto, ons lisensiehouers en ons produsente. Deur rentmeesterskapprosesse ten opsigte van die leeftydsiklus van produkte te volg, staan ons bankvas agter ons produkte – van begin tot einde.



Oes die voordele van **YieldGard®** en **YieldGard® II**-tegnologie en plant jou toevlugsarea aan!

MONSANTO



Monsanto, YieldGard® en YieldGard® II is geregistreerde handelsname van Monsanto Technology LLC. Monsanto Suid-Afrika (Edms) Bpk, Posbus 69933, Bryanston, 2021.

Tel: +27 (11) 790-8200 | Faks: +27 (11) 790-8350
www.monsanto.co.za

Gaan dit weer droog wees?

Nouer rywydtes kan van nut wees by sojaboon-verbouing


deur: Robert Steynberg, Senior Landboukundige VKB

Die belangrikste bevinding in terme van opbrengsverhoging was dat opbrengs konsekwent deur nouer rywydtes verhoog is.

Die eerste proef met drie herhalings is op 22 Oktober 2015 met twee verskillende geen-bewerkingsplanters geplant in rye van onderskeidelik 0,5 m en 0,76 m. Vyf verskillende plantestande was deel van die behandelings (ontkieming was vanweë die droogte en hoë temperature slegs sowat 60%), maar opbrengste is nie betekenisvol deur plantestand beïnvloed nie. Die gemiddelde opbrengste wat in die verskillende rywydtes behaal is, word in Figuur 1a) geïllustreer.

Opbrengs is met 33% verhoog vanaf 3 t/ha in 0,76 m rye tot 4 t/ha in 0,5 m rye. Dit was nie as gevolg van verhoogde plantestand nie, want die plantestand per hektaar was oor bepaalde redes laer in die nouer rye (Fig. 1b).

Die kultivar wat gebruik is, was 'n groeiklas 4,6 en vertak nie baie nie. Die voordeel van nouer rye vir hierdie kleiner tipe plant is volgens gewone logika verwag omdat dit logies is dat die grond effektiewer bedek sal word deur 'n fotosintetiserende blaredak as nouer rye gebruik word.



Figuur 1. a) Sojaboonopbrengs in 0,5 m en 0,76 m rye en b) gemiddelde plantpopulasie in 0,5 m en 0,76 m rye (groeiklas 4,6 en op 22 Oktober 2015 geplant).

VKB se Departement Landbou-ontwikkeling het die afgelope jaar, in samewerking met Graan SA, die Ascent Studiegroep en die LNR, sojaboonproewe onder voorsomer-droogtetoestande gedoen wat baie insiggewende resultate opgelewer het. Dit was onder andere sojaboonrywydte- en plantpopulasieproewe.

'n Tweede rywydteproef met bosagtige, goed vertakte kultivars is op 26 Oktober 2015 geplant en het dieselfde orde voordeel getoon waar selfs nog nouer rye geplant is. In hierdie proef is 'n standaard 0,76 m-ry-planter gebruik om rye te merk waarna vier verskillende plantpopulasies drie keer herhaal is en met die hand geplant is. Bykomstige rye is per hand tussen die wyer rye geplant sodat nou rye van 0,38 m gevestig is.

Die vier kultivars wat gebruik is se groeiklasse het gevarieer vanaf 5 tot 7,2. Foto 1 toon hoe die rywydteverskil gelyk het in die identiese proef wat op 3 Desember 2015 geplant is. Geen betekenisvolle plantpopulasie-effekte kon gemeet word nie. Die nou rye se opbrengste was egter ongeveer 38% hoër as die wyer rye se opbrengste (Figuur 2a).






Foto 1. a) Sojabone in 0,38 m rye geplant en b) sojabone in 0,76 m rye geplant (plantdatum 3 Desember 2015).

Die voormelde handgeplante proef is met 'n laat aanplanting op 3 Desember 2015 gedupliseer. Die groeiklasse langer as groeiklas 5 is einde Maart 2016 deur die vroeë ryp benadeel omdat hul reprodktiewe periode nog nie voltooi was nie. Gemiddelde opbrengste was gevolglik heelwat laer as in die vroeg geplante proef en die rywydtevoordeel van nou rye was ook heelwat kleiner, hoewel steeds betekenisvol (Figuur 2b).



Figuur 2. a) Sojaboonopbrengs in 0,38 m en 0,76 m rye wat op 26 Oktober 2015 geplant is en b) sojaboonopbrengs in 0,38 m en 0,76 m rye wat op 3 Desember 2015 geplant is (in albei gevalle die gemiddeld oor 4 cultivars en 4 plantpopulasies).

'n Inboet-proef waar 'n boer oorgeplant het vanweë swak ontkieming, het die ander proewe se resultate bevestig. Daar is oor geplant sonder om die oorspronklik geplante 0,91 m rye uit te skoffel. So het daar dan op plekke nou rye ontstaan waar die tweede aanplanting in die middel van die oorspronklike rye plaasgevind het. Sekere rye is met die hand uitgeskoffel om vir proefdoeleindes 0,91 m rye daar te kon stel om met die nou rye te vergelyk. Figuur 3 toon dat opbrengs met 600 kg/ha toegeneem vanaf 1,4 t/ha in wye rye tot 2 t/ha in die nou rye. Dit is persentasiegewys (42%) 'n nog groter verhoging as wat in die eerste twee proewe gemeet is. Sorg is gedra om vergelykings te tref waar die stand bevredigend was in beide wye rye wat nie oorgeplant is nie sowel as die nou rye. Foto 2 toon hoe bevredigend die plantestand in die verskillende rywydtes voorgekom het.



Figuur 3. Sojaboonopbrengs in 0,455 m en 0,91 m rye waar bykomstige rye geplant is tydens inboet.

Die proewe het dus getoon dat dit verkieslik is om eerder nouer rye te plant as om plantestand in bestaande rye te verhoog in die soeke na meer blaaroppervlakte om ligenergie effektiewer te benut. Proewe word in die komende seisoen herhaal om te bevestig of dieselfde resultate konsekwent onder ander reënvaltoestande en seisoene moontlik is. Dit is ook nodig om die potensiaal vir siekte-ontwikkeling in die verskillende rywydtes te ondersoek. Dit kan wel aanbeveel word om eerder tussen swak ontkiemde rye in te boet as om heeltemal oor te plant indien ontkieming ná die eerste poging nie heeltemal na wense was nie maar daar tog 'n mate van sukses was. Dieselfde behoort te geld as vroeë haelskade voorgekom het. Indien prakties toepasbaar, kan 'n bykomstige ry ook as versekering teen droogte gesien word omdat die toename in rye per hektaar, veral in droë jare wanneer plante kleiner groei, voordelig blyk te wees.



Foto 2. a) Sojabone in 0,91 m rye waar die inboetry uitgeskoffel is en b) sojabone in 0,455 m rye waar 'n bykomstige ry deur inboet in 0,91 m rye geplant is.



Span HOMMELTUIE

in om jou met jou boerdery te help

Wanneer tegnologie ons kan help om iets beter, makliker of vinniger te doen, beteken dit dat ons kosbare tyd aan iets anders in die boerdery kan bestee. In die huis huiwer ons nie om hulpmiddels in te span om ons

taak makliker te maak en soms selfs geld te bespaar nie, so hoekom nie ook op die plaas nie? **Hannelie Cronjé** het gaan na lees oor hoe hommeltuie ingespan kan word om met die boerdery te help.



Plaasmoorde, stygende kostes, die tekort aan mannekrag en veediefstalle is maar enkele van die redes wat aangevoer kan word vir hoekom hommeltuie 'n nuttige instrument is om ons te help "boer".

Dis nog nie lank dat hierdie onbemande tuigies wat soos 'n helikopter met skroeflemme werk en met elektroniese enjins aangedryf word, in die landbou ingespan word nie, maar dit is beslis vinnig aan die toeneem.

Die boer beheer sy hommeltuig vanaf 'n sentrale paneel en laat die tuigie oor sy boorde, landerye of vee vlieg om as't ware 'n ogie oor alles te hou. Met kameras wat aan die tuig gemonteer word, kan daar óf foto's óf video's geneem word.

Gebruike vir jou hommeltuig

Só word hierdie stukkie tegnologie ingespan om grensdrade te inspekteer; jou van die watervlak in damme en suipplekke te vergewis; wild of vee te tel; skape, beeste en wild aan te jaag; selfs vir jagters uit te vind waar spesifieke wild hulle bevind; verlore diere op die plaas te soek; wilddiere na te speur; werkers en algehele werksaamhede op die plaas te monitor en ook vir veiligheidsdoeleindes gebruik.

En dit is maar net 'n paar van die gebruike. Jou eie behoeftes bepaal waar jy dit oral kan aanwend. Die punt is dat dit as't ware 'n ekstra paar oë is wat jou boerdery dophou, want in plaas daarvan dat jyself of 'n bestuurder of personeel op verskillende plekke diens moet doen, kan jy alles vanaf een sentrale punt dophou.

Kies die regte hommeltuig vir jou boerdery

In hierdie ontwikkelende mark is daar reeds 'n wye verskeidenheid hommeltuie beskikbaar. Wanneer jy 'n tuig vir jou boerdery soek, is dit belangrik om seker te maak dat jy 'n model koop wat sterk is en harde werk kan hanteer.

Let veral op na wat die vliegtyd per battery is. Hoe langer jy die tuig in die lug kan hou met een battery, hoe beter. So sal jy langer afstande kan vlieg en groter areas dek.

Die afstand wat jy beheer oor die tuig het, wissel in hierdie stadium tussen 500 m en 10 km. Bepaal wat jou behoeftes gaan wees wanneer jy 'n model oorweeg.

Dit is ook belangrik dat die tuig in die algemeen gebruikersvriendelik is sodat die doel waarvoor jy dit wil gebruik, so maklik moontlik haalbaar is.

Kameras

Die regte kamera vir die doel waarvoor jy jou hommeltuig gaan gebruik, is van kardinale belang. Oorwegings soos dag- of naggebruik, die doel waarvoor jy die inligting of data wil gebruik en die gehalte van die beeld wat jy verlang gaan 'n rol speel in die spesifikasies van jou kamera.

'n Rooi-Groen-Blou-kamera (RGB) wat visuele beelde in normale kleur verskaf, word gebruik vir grensdraadinspeksies, wildtellings, algemene oesverkenning, asook oesversekeringsverifikasies.

Maar wanneer jy na kleiner detail wil kyk, soos byvoorbeeld die gesondheid van jou oes, het jy 'n spesiale Naby Infra-Rooi- (NIR) kamera nodig. Hierdie kameras help om NDVI-kaarte te skep, en met behulp van spesiale karteringsagteware kan jy gereeld jou oes evalueer.


Let daarop dat 'n NDVI-kaart wat geskep word met behulp van 'n normale RGB-kamera vals is. Die data wat dit produseer vir besluitneming kan veroorsaak dat landboukundiges en boere verkeerdelik optree as gevolg van foutiewe inligting.

Daar is wel hommeltuig-handelaars wat 'n hoëgehalte-omskakeling van 'n RGB-kamera na 'n ware NIR-kamera kan doen.

Om in die nag te kan vlieg, benodig jy weer 'n termiese kamera wat temperatuur verskille opmerk en wat nie van lig afhanklik is nie. Hierdie tipe kamera sal gebruik word om veediefstalle te bespeur, wildtellings te doen en ook roofdiere in die nag op te spoor.

Karteringsagteware

Nog 'n oorwegingspunt vir presisieboerdery is jou keuse in karteringsagteware van goeie gehalte. Drie sagtewaremaatskappye wat spesialiseer in landbou is Drone Deploy, PrecisionHawk se Datamapper en Pix4D word deur kenners aanbeveel.





Mikrobakens om vee dop te hou

Een van die maatskappye wat in hommeltuie spesialiseer, Agdrones, het splinternuwe tegnologie ontwikkel wat boere in staat stel om wild of vee te monitor met behulp van 'n hommeltuig en aktiewe mikrobakens wat aan die diere se oorplaatjie vasgesit word.

In hierdie geval vlieg die hommeltuig (met 'n klein moniteringstoestel) oor die kamp of area waar die diere loop en identifiseer al die mikrobakens op 'n hoogte van 50 m wanneer dit oor die veld vlieg.

Die toestel kan tot en met 100 mikrobakens per sekonde identifiseer. Wanneer die hommeltuig sy vlug voltooi het, word al die inligting op die internet gelaai en die boer kan dan met behulp van Agdrones se aanlynstelsel of selfoontoepassing (app) die diere monitor.

Die mikrobakens kan ook gebruik word om toerusting en werknemers te monitor.

Passiewe RFID-plaatjies wat met 'n hommeltuig gemonitor kan word, is ook beskikbaar. Die enigste verskil is dat die identifikasie-afstand na 7 m verminder.

Die aktiewe mikrobakens is uiters geskik vir hoëwaardediere soos renosters, buffels en stoetbulle terwyl die passiewe RFID-plaatjies gebruik word om beeste en skape te monitor.

Nog gebruike vir die hommeltuig

Van die ander nuttige gebruike vir 'n hommeltuig sluit volgens 'n artikel op www.netwerk24.com die volgende in:

Opmnames: Lugopnames van boupersele en ander infrastruktuur word met akkurate lugfoto's vergemaklik.

Lugfoto's: Die hommeltuig kan laag en stadig oor 'n terrein beweeg en dus skerp, driedimensionele foto's neem.

Soek-en-redding: Die waarde van hommeltuie in soek-en-reddingoperasies kan nie oorbeklemtoon word nie. Hommeltuie red lewens omdat maklik en met groot akkuraatheid oor 'n uitgebreide terrein na slagoffers gesoek kan word wanneer oorlewing op blitsige reaksie berus.

Wat sê die wet?

Volgens dieselfde artikel kan 'n mens ongelukkig nie sommer net 'n hommeltuig koop en dit dadelik in die lug loslaat nie. "Wetgewing het die stokperdjie sommer gou aan bande gelê.

- Die wet word opgedeel tussen Kommersieel en Privaat Gebruik
- Kommersiele gebruik is van toepassing wanneer daar finansiële voordeel is met die vlieg van 'n hommeltuig. Byvoorbeeld 'n boer betaal 'n ander persoon om sy lande af te neem, en dus moet daardie persoon aan Burgerlugvaart se wetgewing voldoen.
- Privaat gebruik: indien 'n boer self op sy eie plaas wil vlieg (om grensrade te inspekteer, of om sy werf te monitor vir veiligheidsredes) word dit as privaat gebruik geklassifiseer en moet die boer net aan 'n paar algemene reëls aandag gee:
- Jy mag nie 'n mens, dier of eiendom in gevaar stel nie wanneer jy jou hommeltuig vlieg nie
- Jy mag nie binne 'n 10km radius van enige lughawe of vliegveld vlieg nie
- Jy moet 50m van mense af vlieg
- Jy mag nie hoër as 45m vlieg nie

HOMMELTUIE



In Suid-Afrika kom verskeie vrugtevliespesies voor, waarvan drie van ekonomiese belang is weens hul vermoë om vrugteproduksie te ontwrig en uitvoerbepelings te veroorsaak, naamlik die Mediterreense vrugtevlieg (*Ceratitis capitata*), die maroelavrugtevlieg (*Ceratitis cosyra*) en die Natalse vrugtevlieg (*Ceratitis rosa*).



Vrugtevlieg

die vrugtebedryf se groot probleem

deur Hannelie Cronjé

Volgens 'n artikel op die webblad www.up.ac.za beloop oesverliese en plaagbeheerkoste weens vrugtevlieë na raming meer as R20 miljoen per jaar net in die Wes-Kaap.

“Navorsing toon dat klimaatverandering hierdie plaeg se verspreiding beïnvloed – en nie op 'n voordelige manier nie. Dr. Chris Weldon van die Departement Dierkunde en Entomologie aan die Universiteit van Pretoria doen navorsing oor die voorkoms van vrugtevlieë en hoe sekere spesies sekere weerstoestande beter as ander kan verdra, veral baie warm, droë toestande as gevolg van klimaatverandering.

“Dr. Weldon se studie is gemik op beter begrip van hoe hierdie vlieë sulke toestande kan verdra; hy ondersoek hoe Mediterreense vrugtevlieë aangepas het en doen 'n vergelykende studie van die drie inheemse Suid-Afrikaanse vrugtevlieë.

“Vrugtevlieë lê hul eiers in spesifieke soorte vrugte. Die kommersieel gekweekte vrugte wat die meeste deur hierdie vlieë aangetas word, sluit sitrus en sagtevrugte in.

“Die Mediterreense vrugtevlieg het 'n baie groter gasheerskeidenheid as die ander twee Suid-Afrikaanse vrugtevlieë, en dit dra by tot sy groot verspreidingsgebied. Sy gasheerbestedek na bewering meer as 300 verskillende vrugtesoorte. Interessant genoeg het dr. Weldon bevind dat die maroelavrugtevlieg net so uitdrogingsverdraagsaam as die Mediterreense vrugtevlieg is, maar hy is baie meer uitsoekend wat gasheervrug betref en lê sy eiers meestal in die maroelavrug en mango's. Die maroelavrugtevlieg se verspreiding word dus beperk deur sy gasheerbestedek eerder as deur sy vermoë om droë toestande te verdra.

“Die Natalse vrugtevlieg het die kleinste verspreidingsbestek. Hy verkies natter toestande en het baie beperkte verdraagsaamheid vir droë toestande.

“Navorsing soos dié van dr. Weldon is baie belangrik omdat vrugtevlieë groot finansiële verliese kan meebring. Vrugtevlieë hou 'n groot bedreiging vir vrugteproduksie in en verlaag produktiwiteit aangesien besmette vrugte nie verkoop kan word nie. Produksiekoste styg aangesien bestuurstegnieke duur is, en dit lei tot hoër vrugtepryse. Lande waar daar nie vrugtevlieë voorkom nie, is huiwerig

om vrugte in te voer uit lande waar daar wel vrugtevlieë is omdat hulle nie die risiko wil loop om vrugtevlieë saam met die vrugte in te voer nie. Dit bly vir vrugteboere 'n groot uitdaging om te voorkom dat vrugte besmet word, sodat dit uitgevoer kan word.

“Daar is verskeie opsies vir die beheer van vrugtevlieë, maar in Suid-Afrika is die vernaamste metodes lokaasbespuiting, die manlike-uitwissingstegniek en die steriele-insektegniek (SIT-tegniek). Dr. Weldon merk op dat Suid-Afrika se beheerstrategieë goed werk, met die gevolg dat die land se vrugteproduksie baie doeltreffend is.

“Aangesien die insekte egter 'n merkwaardige vermoë het om by veranderinge in die omgewing aan te pas, is dit belangrik om die stelsels deurlopend te verbeter.

“'n Nuwe vrugtevlieg is onlangs in Suid-Afrika ontdek, naamlik die Oosterse vrugtevlieg (*Bactrocera dorsalis*). Hierdie vlieg, wat eers in Kenia ontdek is, het oor die grootste deel van Afrika suid van die Sahara versprei en kom nou ook in die noordelike dele van Suid-Afrika voor. Sy teenwoordigheid is besonder sorgwekkend omdat hy nie net vrugte nie maar ook groente teiken.

“Dr. Weldon se navorsingsgroep, FIES (Flies of Economic Significance Research Group), het begin om *Bactrocera dorsalis* na te vors ten einde sy verspreiding en die vatbaarheid van plaaslike kommersieel geproduseerde vrugte beter te verstaan. Dit is kommerwekkend dat namate die gevolge van klimaatverandering sterker na vore tree, nuwe produksiegebiede van vrugteboerdery daartoe kan lei dat meer vlieë na nuwe gebiede versprei.”

Op die webblad www.fruitfly.co.za lees ons meer oor die geskiedenis en konsep van Steriele Insek Tegniek (SIT).

"SIT-tegnologie is in die 1930's deur E.F. Knipling op die been gebring, terwyl hy met die beesmaaiervlieg, 'n vernietegende plaag van vee in Noord-Amerika, werksaam was. Die eerste suksesvolle gebruik van SIT om beesmaaiervlieë te bekamp was in 1953 op die eiland van Curaçao.

"Sedertdien is SIT verder verfyn en ontwikkel vir gebruik op verskeie insekplae, hoofsaaklik deur die VSA Departement van Landbou en die Voedsel- en Landbou-organisasie en Internasionale Atoomenergie-agentskap (VLO/IAEA).

"SIT is ontwikkel om meer as 20 insekplae te onderdruk of uit te roei, waarvan vele vrugtevlieë en ander vrugteplaagspesies is. Daar is ten minste 15 fasiliteite in die wêreld wat Mediterreense vrugtevlieë teel, en 'n verdere 10 of so wat ander vrugtevliegspesies teel."

Die konsep van Steriele Insek Tegniek

"SIT is onteenseglik die mees ekologies-versoenable metode van plaagbeheer wat daar bestaan. Dit is nie 'n losstaande tegniek nie, maar moet met ander plaagbestuurtegnologie geïntegreer word, soos lokaastoediening en sanitasie, in 'n gebiedswye program.

"SIT is, eenvoudig gestel, geboortebepערking vir insekte. Dit word hoofsaaklik gebruik om insekplae, gewoonlik oes- (gewas) plae of mens- en dier-plae te beheer of uit te roei. Die teiken-insekte word in groot getalle geteel, en die mannetjies word gesteriliseer, gewoonlik deur gammabestraling. Die steriele mannetjies word weekliks in hoë getalle in die teikengebiede losgelaat, gewoonlik regdeur die jaar. Hulle paar met die wilde wyfies wat gevolglik onvrugbare eiers lê, en indien sekere ander populasie-bestuursaktiwiteite behoorlik uitgevoer word, behoort die wildevliegpopulasie vinnig te daal.

"Losgelate steriele mannetjies kompeteer met die wilde mannetjies om met die wyfies te paar. 'n Hoë verhoudingsgetal steriele mannetjies teenoor die wilde mannetjies word derhalwe benodig. 'n Kernvereiste van SIT is dus dat die steriele mannetjies in gebiede losgelaat word waar die wildevliegpopulasie voorheen na baie lae vlakke verlaag is. As dit nie gedoen word nie, sal daar te veel wilde mannetjies met die wilde wyfies paar, en die populasie sal nie daal nie. Daling van die wildevliegpopulasie na lae vlakke voordat steriele loslatings begin, is dus noodsaaklik."

Die voordele van SIT

- Dit is 'n bewese tegniek wat in verskeie ander lande toegepas word om vrugtevliegvrue of lae-voorkomsgebiede te skep en kan baie kostedoeltreffend wees.
- Dit is 'n gebiedswye tegniek – dit moet oor groot gebiede toegepas word, byvoorbeeld 500 ha en groter.
- SIT is hoogs omgewingsvriendelik, en derhalwe besonder aanvaarbaar vir uitvoermarkte wat toenemend fokus op

ekologies-versoenable verbouingstegnieke.

- Afhangend van die grootte van die gebied onder SIT en ander faktore, is daar verskeie opsies vir loslating van steriele vrugtevlieë, wat 'n gunstige impak kan hê op die kostedoeltreffendheid van SIT.
- SIT is hulpbron- en bestuursintensief.

Monitering

"Monitering van vrugtevliegpopulasies, deur lokaas in lokvalle te gebruik, is een van die hoekstene van 'n SIT-program, beide voor en ná die loslating van steriele mannetjies begin het. Monitering voor steriele vliegloslatings is noodsaaklik om te bepaal of die wildevliegpopulasievlak laag genoeg is. Monitering ná loslatings is noodsaaklik om die sukses van die SIT-program te evalueer.

"Standaardisering van lokvalle en lokaas regdeur die SIT-gebied is van uiterste belang sodat data van vrugtevliegpopulasie op alle plase en in alle gebiede direk vergelyk kan word."

Nadat steriele mannetjies loslatings begin

"Die opsporing van wilde wyfievrugtevlieë tydens hierdie fase van die program is baie belangrik, aangesien die teenwoordigheid van vrugbare wyfies 'n weselike gevaar is in 'n SIT-program. Indien slegs mannetjieslokvalle gebruik word, sal hulle hoë getalle duur steriele mannetjies vang wat eerder vry moet wees om met vrugbare wyfies te paar."

Lokaastoediening en lokaasstasies

"'n Doeltreffende vrugtevlieglokaastoedieningsprogram voor en tydens SIT is noodsaaklik vir die sukses van die SIT-program. Wilde vlieë moet beheer word – indien nie, sal die wildevliegpopulasie spoedig verdwyn. Die hoofdoelwit is om wyfievrugtevlieë dood te maak voordat hulle paar, en daardeur die voortplanting van die volwasse generasie te beperk. Die hoofokus moet wees alle bekende vrugtevliegkasheerplante, kommersieel sowel as wild, asook alle goeie skadubome waarin vrugtevlieë dikwels gevind word.

"Dit sou ideaal wees indien 'n lokaaskontrakteur gebruik kan word om alle lokaastoedieningsaksies uit te voer om daardeur die nodige sukses te verseker."



Lokaas toedieningsliggings

“Volwasse vrugtevlieë versamel op gasheerplante en bome/struik wat goeie beskutting bied. Tuine en agterplase (in dorpe en op plase) is die vernaamste broeiplekke vir vrugtevlieë, en is ongetwyfeld die hoofbron van vrugtevlieë in en om kommersiële boorde. As vrugtevlieëpopulasies in hierdie gebiede doeltreffend beheer word, sal vrugtevlieëvlakke in kommersiële aanplantings beduidend daal.

“Dien toe aan alle gasheerplante en bome/struik met goeie blaardekking wat goeie beskutting bied vir vrugtevlieë, veral in tuine en agterplase, oor die totale SIT-gebied. Hoe groter die gebied wat behandel word, hoe groter die doeltreffendheid.”

Lugtoediening

“Lugtoediening van gekonsentreerde vrugtevlieëlokaas is 'n hoogs doeltreffende manier om vrugtevlieëpopulasie te onderdruk.

“Dit is ook noodsaaklik om lugtoedienings met die korrekte toerusting uit te voer.”

Sanitasie en gasheerplantbestuur

“SIT is 'n geïntegreerde strategie. Steriele vrugtevlieë kan nie die werk alleen doen nie. Sukses met 'n SIT-program is aangewese op die handhawing van 'n hoë verhouding steriele mannetjies tot wilde mannetjies in die veld, ten einde die kans te verminder dat 'n wilde mannetjie met 'n wilde wyfie paar.

“Goeie higiëne in die boord en wingerd is noodsaaklik in enige vrugtevlieëprogram. Vrugte wat op die grond geval het, bevat dikwels vrugtevlieëeiers of -larwes wat bydra om infestasië in boorde en wingerde te handhaaf. In wingerde sal vrugtevlieë-larwes hul ontwikkeling in 'na-trossies' voltooi namate hulle uitdroog en rosintjies word. Groen vrugte wat vroeg in die seisoen van bome gestroop word, kan nie later as vrugtevlieëgashere dien nie. Goeie higiëne in huistuine is ook noodsaaklik, aangesien huistuine dien as die hoofbroeiplek van vrugtevlieë regdeur die jaar.

“Verwyder alle vrugtevlieë-geïnfesteerde vrugte, en vrugte wat afgeval het en vernietig dit (byvoorbeeld deur dit te verpulp, of in swart plastieksakke in die son te los), of ten minste 1 m diep te begrawe. In wingerde, is na-trossies 'n hoofbron van herinfestasië en moet verwyder word.

“Spesifieke aandag moet geskenk word aan huistuine. Vrugtebome wat vrugte het wat nie gebruik kan of gaan word nie, moet heeltemal van hul vrugte gestroop word voordat hulle ryp word en aantreklik word vir vrugtevlieë.”

Gasheerplantbestuur

“Die grootste bron van vrugtevlieëpopulasies is van infestasië van vrugte in tuine, verwaarloosde boorde en wingerde, en alternatiewe gashere in byvoorbeeld munisipale gebiede en in die veld. Tensy hierdie gasheerplante en hul liggings bepaal en behoorlik bestuur word, sal vrugtevlieëpopulasies nooit voldoende afneem nie. Vrugtevlieë broei selfs in klein bessies. Dit is dus krities noodsaaklik dat alle potensiële gashere en broeiplekke so ver moontlik geïdentifiseer en vernietig word.

“Verwyder, dien lokaas toe of stroop vrugte van alle geïdentifiseerde vrugtevlieëgasheerplante. Vrugtebome in huistuine waarvan die vrugte nooit bruikbaar is nie weens vrugtevlieëinfestasië moet eerder afgesaag word.

“Doeltreffende gasheerplantbestuur en sanitasie moet volgehou word ná steriele vrugtevlieëgloslatings begin het. Enige vrugte, wild, huishoudelik of kommersiël, waarin vrugtevlieë kan broei, sal 'n wesentlike bedreiging inhou vir die sukses van die SIT-program.”

Die rol van huistuine in vrugtevlieëpopulasie-dinamika

“Groot vrugtevlieëpopulasies word slegs vir 'n beperkte tyd van die jaar in kommersiële boorde en wingerde gevind – vanaf net voor rypwording tot ná oes. Hulle broei ook nie reg deur die jaar in boorde/wingerde nie, want die grootste bron van hoë vrugtevlieëgetalle is deur infestasië in huistuine. Dis op hierdie plekke waar daar voldoende skuiling en kos soos heuningdou en voëltjiemis aangetref word. Verder bied vrugte en vleesagtige bessies in huistuine die ideale geleentheid aan wilde wyfies om hulle eiers te lê. Vrugtevlieë migreer gewoonlik na kommersiële boorde/wingerde sodra die vrugte begin ryp word, gewoonlik vanaf Desember. Ná oes, vanaf ongeveer Julie tot Desember/Januarie, word bykans geen vrugtevlieë meer in kommersiële aanplantings gevind nie – hulle is almal in huistuine en verwaarloosde gasheerplante. Hoewel populasies laer kan wees in tuine, is hulle reg deur die jaar teenwoordig.”

Steriele vlieëgloslatings

“Daar is twee metodes om steriele vrugtevlieëe los te laat – grondgloslatings en luggloslatings. Tans word grondgloslatings uitgevoer.

“Grondgloslatings word spesifiek gemik op huistuine en agterplase (in dorpe en op plase) en ander vrugtevlieë-probleemkolle in die teikengebied. Hierdie is die broeiplekke van vrugtevlieë – die meerderheid vrugtevlieë kom voor en teel in hierdie gebiede totdat die kommersiële vrugte ryp word en aanloklik word vir vrugtevlieë, wat dan begin migreer na hierdie vrugte. Die doelwit met grondgloslatings is om vrugtevlieëpopulasies te onderdruk in hul broeiplekke vroeg in die seisoen voordat die kommersiële vrugte ryp word.

“Indien tuinsanitasie en gasheerplantbestuur korrek uitgevoer word, sal die steriele mannetjies seker maak dat daar feitlik geen wilde vlieë is wat kan migreer na kommersiële aanplantings gedurende die vrugteseisoen nie.

“Luggloslatings, teen 'n digtheid van 500 tot 1 000 steriele vlieë/ha is gewoonlik meer doeltreffend as grondgloslatings want hulle dek 'n totale teikengebied, maar indien die gebied nie groot genoeg is nie (byvoorbeeld 50 000 ha en meer) is dit nie kostedoeltreffend nie weens die hoë koste van die loslatingsvlieëtuig.

“Soos wat die vrugtevlieë-SIT-program uitbrei en meer verbouingsgebiede by die SIT-program aansluit, sal luggloslatings wat die hele teikengebied dek, weereens oorweeg word.”



Barloworld Fleet Marketing en VKB sluit met trots 'n ondersteuningsprogram gerig op VKB-lede

Barlow Rand, soos dit voorheen bekend gestaan het, is in 1902 gestig en doen tans besigheid in 24 lande met 'n personeelstruktuur van 19 745 lede. Barloworld het 'n primêre plek op die JSE en 'n sekondêre plek op Londen se aandelebeurs.

In Barloworld se trotse 114 jaar het hy handelsmerke soos PPC Cement, Ilovo Sugar en Plascon Paints besit. Ná strategiese sakebesluite het Barloworld egter van hierdie afdelings ontbondel.

Barloworld Bpk., soos dit vandag bekend staan, is 'n verskaffer van van die voorste internasionale handelsmerke en verskaf geïntegreerde verhurings, vlootbestuur, produkondersteuning sowel as logistieke oplossings.

Die hoofafdelings van die groep bestaan uit geel Caterpillar-toerusting, motorhandel en logistiek.

Barloworld Motor Retail is 'n afdeling wat val onder motorhandel tesame met Avis Vlootdienste en Avis Motorverhuring. Dié spesifieke afdeling verskaf handelsmerke soos Toyota, Ford, Isuzu en vele meer aan die Suid-Afrikaanse mark deur 'n verskeidenheid handelaars landwyd. Barloworld Fleet Marketing is die vlootafdeling van Barloworld Motor Retail en bied 'n sentrale en omvattende kontakpunt vir kliënte en het 'n trotse rekord vir langtermynverhoudings met kliënte.

BFM en VKB het 'n ondersteuningsprogram beklank wat VKB in staat stel om aan hulle lede spesiale aanbiedinge op voertuie te verskaf. Uitgesoekte voertuie kan dus deur die VKB-rekening teen 'n mededingende prys aangekoop word.

Moenie dat die geleentheid verbyry nie



PROMOSIE

www.vkb.co.za

Kry nou die perfekte

plaasbakkie

vir jou "TWEEDE BESTE" vriend by

vkb



UITSTEKENDE pryse • **GOEIE** finansieringopsies



Kontak jou naaste heelgoedere-bemarker vir meer navrae

Solank voorraad hou. VKB behou die reg voor om die hoeveelhede vir enige produkte op promosie te beheer. Alle pryse en illustrasies was korrek op datum van druk. VKB kan nie verantwoordelik gehou word vir enige veranderinge of drukfoute wat mag voorkom nie. Produkte mag verskil van illustrasies. Geen inruilings.

ISUZU



TOYOTA



Barloworld
Fleet Marketing

Vir die LIEFDE van die LAND | www.vkb.co.za

Hoofkantoor | President C8 Swartkroon 31 Keltz 9810 | Tel: 058 863 2111 | vkb@vkb.co.za | www.vkb.co.za
VKB Bolegginge (Edms.) Bpk. is 'n goedgekeurde Finansiële diensleverskaffer | FOV 4815

Kyk uit vir dié **CASE III**-produkte

176kW - 254kW

Ervaar die kragtigste Magnum-trekkers tot op datum wat die kombinasie van tegnologiese markleidende krag en brandstofdoeltreffendheid vervolmaak. Die reeks sluit baie opgraderings in, van die enjin tot by die AFS-presisieboerderysisteem. Moderne implemente verlang meer van die boer en sy trekker. CaseIH het geluister en innoverende tegnologie ingespan om die uitdagings en behoeftes die hoof te bied. Die AFS-presisieboerderysisteem gee die kliënt die nodige gereedskap om produktiwiteit en doeltreffendheid te maksimaliseer. Die CaseIH Magnum is ontwerp om jou opbrengs op jou belegging te verhoog met eenvoudige dienspunte en 'n robuuste ontwerp vir die moeilikste omstandighede en om vir meer betroubaarheid te sorg. Dit is wat jy nodig het. Dit is wat ons verskaf!

Verhoogde produktiwiteit

Brandstofbesparende "automatic power management" kies outomaties die meer doeltreffende ratkas- en enjinspoedkonfigurasie. Met die innoverende "multi controller armrest" en die AFS Pro700-beheersentrum, kan die hele masjien en stelsel beheer word en navigasie word geïntegreer deur die "AFS AccuGuide" satellietstelsel.

Krag en produktiwiteit

CaseIH bied die doeltreffendste krag ooit. Die swaardiensraamwerk is ontwerp om net die beste te lewer. CaseIH FPT-enjins kan verstel word om die maksimum krag en werksverrigting met die minimum brandstofverbruik te laat realiseer. Die masjien sal gemaklik werk van standaardkraglewering tot 'n 14% ekstra kraglewering om jou deur daai taai kolle te help.

Intuïtief en eenvoudig

CaseIH kry jou vinniger in en uit die veld. Langer diensintervalle as in die ou dae, gekombineer met eenvoudige kontroles en 'n minder stresvolle operasie, beteken dat meer gedoen kan word op die regte tyd. Die Magnum se robuuste ontwerp verhoog produktiwiteit en verlaag die koste van daaglikse onderhoud.

Werk gemaklik in enige toestand

Jy sit lang ure in die veld. Jou trekker se kajuit en rygenot moet van die allerbeste wees. Dit bied ons! Die kajuit is groot en ruim en die kontroles maklik bereikbaar en baie gebruikersvriendelik. Die beheer van die masjien kan alles op die "MultiController" gedoen word – een hefboom met al die funksies.

Dubbelwiele: Meer gematigde krag op die grond

Magnum-trekkers 315 en 340, is toegerus met 'n voorassuspensie, asook dubbelvoorwiele.

Die kombinasie versprei die trekker se gewig oor 'n groter oppervlakte vir beter traksie en rygerief. Die verbeterde raamwerk van die trekkers help om krag op die grond te sit wanneer nodig. Dit is die soort diversiteit wat van dié grootste trekkers verlang word. Die suspensie maak seker dat al agt wiele op die grond bly. Dit is krities vir stabiliteit en doeltreffendheid. Die Magnum se vooras verseker dat die bande loodreg met die grond bly. Dit het ook tot gevolg dat rygemak op hoër spoed verbeter. Dit verhoed 'n gespring en rondval in die kajuit. Die soliede konstruksie minimaliseer die aantal bewegende onderdele, wat ook tot minder onderhoud lei.

'n Eenvoudige selfbestuurstelsel van die fabriek tot in die veld

Fabriekgeïnstalleerde AFS-komponente, insluitend die "AFS AccuGuide"-selfstuurstelsel, bied onafhanklikheid en gemak. Dit verseker die korrekte installasie, toets van die stelsel en beter gehalte. Met die Pro700-beheersentrum wen die klant ekstra bykomstighede met minimale kompleksiteit. Dit is maklik om te lees en interpreteer. Dit het een van die grootste skerms in die bedryf in 'n ligter, dunner pakkie met voldoende rekenaarwerking. Die enkelskerm bied nie net beheer vir die trekker nie, maar vir enige ISOBUS-implement wat gekoppel word. Jou eenstopskerm vir beheer – dit is Pro700!





SASOL KAN28 NOU BESKIKBAAR BY JOU NAASTE AGRI-WINKEL

Sasol Chemicals, a division of Sasol South Africa (Pty) Ltd

www.sasol.com



sasol

Kies 'n **wenner**, kies

nu-pro[®]
FEEDS / VOERE

SPEZIALE AANBOD



**Ram-, Lam- & Ooi- Korrels.
Skaap Afrond Korrels.
Braaikuiken Aanvangs Krummels.
Braaikuiken Groei Korrels.
Braaikuiken Afrond Korrels.**

Min direkte aflewering:
300 X 50 kg sakke / 15 ton losmaat

BESKIKBAAR BY ALLE

vkb & ntk

HANDELSTAKKE!!

Bepalings En Voorwaardes Geld.
Pryse Sluit Vervoer In.
Aankope Is Betaalbaar 30 Dae Vanaf Staat.

Geldig tot Desember 2016

BEPERKTE VOORRAAD

Bestellings kan vooruit geplaas word

**Kontak jou
naaste
handelstak
vir pryse**

nu-pro[®]
FEEDS / VOERE

Joubertstraat, Bethlehem, 9700 • Tel.: 058 303 9587/9
Faks: 058 303 7062 • www.nupro.co.za



wat werk 5

Blomme & tuinmaak

- * Gebruik ou eierhouers om klein plantjies te maak. Saai saad afsonderlik in elkeen en met uitplanting kan die plantjie met houer en al geplant word. Die karton sal ná 'n tyd self disintegreer.
- * Wanneer jy plantjies saai, maak koerantpapier nat en sit lae oorkruis op die grond. Dit hou die onkruid weg.
- * Gooi een teelepels Jik en een teelepels suiker in blommerangskikkings se water om die blomme langer vars te hou.
- * Gooi bier in bakkies en plaas in die tuin waar slakke 'n pes is. Die reuk lok die slakke en dan versuip hulle wanneer hulle in die bakkies klim.
- * Slakke hou ook nie van die reuk van lemoen-, suurlemoen- of nartjieskille nie. Plaas dus van hierdie skille in die tuin tussen die plante om slakke af te skrik.
- * Indien jy sukkel om 'n tuinslang oor 'n kraan te trek, kan jy die punt warm maak in kokende water en dan oortrek. Of smeer seep in die binnekant van die tuinslang om dit makliker oor die kraan te trek.
- * Koffiemoer en gebreekte eierdoppe is goed vir plante.
- * Span ogiesdraad bo-oor geute om oortollige blare uit te hou.
- * Om permanent van onkruid onslae te raak (maak ook grond dood) bespuit met diesel of swembadsuur.
- * Om van gras tussen plaveisel ontslae te raak, gooi kookwarm soutwater of selfs net gewone sout in die slooitjies tussen die plaveisel.
- * Om vingernaels te beskerm wanneer jy tuinmaak, krap

met jou naels in 'n koekie seep sodat die seep die ruimte onder die naels vul. So kan geen vullis dan onder die naels gaan sit nie.

- * Pluk snyblomme baie vroeg in die oggend of vroegskemer sodat hulle langer sal hou.
- * Rol jou tuinslang in die vorm van 'n agt. Dit verhoed dat dit koek.
- * Vee stof op plante af met die binnekant van 'n piesangskil. Dit verwyder die stof en voed die blare.

Angeliere

- * Angeliere hou langer in 'n blompot as jy sout in die water gooi.

Bespaar water

- * As jy jou tuin minder gereeld maar dieper (vir 'n langer tydperk) natlei, moedig jy in werklikheid 'n dieper wortelstelsel aan wat sterker plante tot gevolg het. Dié gebruik kan van die meeste gevestigde plante waterwyse plante maak.
- * Bestee liever meer geld aan die goeie voorbereiding van jou grond. Organiese materiaal absorbeer water en werk soos spons. Dit behou dus die water langer en keer dat dit wegsyfer.
- * Gebruik altyd deklaag soos gesnipperde boombas, neutdoppe of fyn klippies. Dit keer verdamping en hou die grond langer klam. Klippies kan baie warm bak en moet lief gebruik word in beddings waar vetplante en kaktusse groei.
- * Grasperke word gewoonlik heeltemal te veel natgelei en gebruik tot vier keer meer water as ander plante.



- * Gaan jou besproeiingstelsel na en maak seker dat jou water nie in die straat afloop nie.
- * Groepeer plante wat min water nodig het saam in beddings. Moet byvoorbeeld nie kannas en kaktusse in dieselfde bedding plant nie.
- * Groot beddings moet uitgelê word met grondbedekkers tussenin. Dit help om verdamping te verminder en vog te behou.
- * Maak jou tuin vroeg soggens (voor 10:00) nat. Die grond se temperatuur is dan laag en die verdamping gevolglik min. Boonop is die dreinerings optimaal.
- * Oorweeg dit om jou bad- of opwaswater in jou tuin te hergebruik. Daar is professionele gryswaterherkuleringsstelsels op die mark.
- * Polimeerkristalle kan in voorbereidingsgate ingewerk word. Dié kristalle absorbeer 400 keer hul eie volume aan water, dus hoef 'n mens jou plante heelwat minder water te gee. Die kristalle hou ses tot agt jaar in die grond en breek daarna heeltemal af as organiese voeding.

Insekdoder vir tuin

- * Hierdie spuitmiddel sal insekte verjaag sonder om hulle dood te maak en is baie veilig in die tuin: Neem 20 liter warm water, voeg een eetlepel koeksoda en twee eetlepels Jeyes Fluid by. Vlok een vyfde van 'n steen blouseep in mengsel in. Roer goed tot al die bestanddele opgelos is en spuit in die tuin.

Roes op plante

- * Meng water en tabakstof tot dit soos flou tee lyk. Was die plante hiermee. Gooi ook die water op die wortels.

Rose

- * Indien rose baie verlep is. Knip stingels se punte af en plaas in kookwater vir 'n ruk. Plaas dan in gewone water.
- * Rose hou langer in 'n mengsel van een liter koue water, een eetlepel asyn, een eetlepel Jik en ysblokkies.

Varings

- * 'n Teelepel brandspiritus opgelos in 'n koppie water laat jou varings baie mooi groei.

Varshou

- * Maak 'n gaatjie in 'n rou aartappel en plaas jou stiggie/ blom daarin om dit vars te hou as jy dit vervoer.
- * Om blomme in 'n vaas langer te laat hou, gooi net twee aspiriene in die water.
- * Sit 'n bietjie koeksoda in die water by blomme in 'n blompot.



Elektrisiteits en -besparing

- Elektrisiteit is goed vir elektroniese toestelle maar gas is meer doeltreffend vir verwarming en kook.
- Gaan jou elektrisiteitsmeter gereeld na en stel aktief belang in jou energieverbruikvlak.
- Isoleer jou warmwatertoestel deur koerante, ou komberse of ander isoleermateriaal om dit en die warmwaterpype te draai.
- Maak 'n baie stywe knoop in die draad tussen die muurprop en die apparaat wat gebruik word. Indien die weerlig die huis se krag sou tref, kan die weerligstraal nie die kort draai in die knoop maak nie en sal dus moontlik nie die apparaat beskadig nie.
- Moenie ligte onnodig laat brand nie. Skakel die ligte af wanneer jy 'n vertrek verlaat.
- 'n Muurprop se draad kan makliker geknip word deur die draad met 'n vuurhoutjie te brand en dan die rubber te verwyder sonder om die koperdraad raak te knip.
- Skakel alle bystandmodusse af elke keer wat jy die huis verlaat of voor jy bed toe gaan.
- Skakel ligte, waaiers, rekenaars en ander kragtoestelle af wanneer jy die kamer verlaat. Dit sal jou geld bespaar.
- Verlaag die temperatuur van jou warmwatertoestel tot ongeveer 50 °C sodat jy nie te veel koue water hoef by te voeg wanneer jy stort of skottelgoed was nie.
- Verminder jou kragrekening deur al jou strykwerk op een slag te doen.
- Verminder jou kragrekening deur die wasmasjien se voor-wassiklus oor te slaan as jou klere nie baie vuil is nie. Dit sal tot 20% minder elektrisiteit gebruik.
- Wasmasjiene en skottelgoedwassers moet net aangeskakel word wanneer hulle vol is.

Ketels

- Aanpaksels aan 'n ketel se element kan verwyder word deur die ketel te kook met asyn.
- Vir die aanpaksel in jou ketel, gooi een pakkie of drie eetlepels wynsteensuur by, kook en spoel ketel uit. Dis onmiddelik skoon.
- Voorkom aanpaksel in jou ketel deur 'n glasalbaster permanent in die ketel te los.
- Vul 'n nuwe ketel met helfte witasyn en helfte water. Kook en laat oornag staan. Spoel die volgende dag uit met skoon water.

Gloeilampe

- Gebruik kragbesparingsgloeilampe. Hulle hou baie langer en gebruik minder krag en bespaar oor die lang termyn geld.
- Smeer 'n bietjie parfuim aan jou gloeilamp. Sodra dit aangeskakel word, versprei die geur met die hitte van die lamp.



Mikrogolfoond

- * Verhit 'n halwe koppie asyn in 'n vuil mikrogolf (nie nodig om te kook nie) en vee daarna met 'n klam sagte lap skoon. Die asyn maak al die vetterigheid los.

Stofsuier

- * Sit 'n papierrol soos dié van handdoekpapier of 'n toiletrol vooraan jou stofsuier se pyp. Druk dit plat en suig onder kaste en moeilik bereikbare plekke in.

Stoof & oond

- * As jou oond nie te vuil is nie, plaas 'n bakkie met huishoudelike ammoniak in die warm oond. Laat afkoel en maak maklik skoon met wasmiddel.
- * As jy vir jou 'n nuwe stoof koop, kies een met 'n konveksieoond – die gaarmaaktyd is gouer.
- * Berei eerder jou maaltye heeltemal in die oond.
- * Die grootte van die pot behoort ooreen te stem met die grootte van die stoofplaat – dit kan jou tot 25% bespaar op die elektrisiteit wat jy gebruik terwyl jy kook.
- * Gebruik die regte energie vir die regte doel, byvoorbeeld gebruik 'n elektriese ketel om water te kook eerder as in 'n gewone pot op die stoof. Jy sal omtrent 50% minder krag gebruik.
- * Wanneer jy byvoorbeeld aartappels vir slaai wil kook, gooi twee koppies water in die katrol op die stoofplaat en skakel aan. Kook terselfdertyd 'n ketel vol water en gooi dit dan in die katrol eerder as om die hele katrol water te kook.
- * Gebruik 'n drukkoker of 'n elektriese pot vir kos wat lank kook.
- * Hou altyd 'n houertafelsout gereed by die stoof. Sou die pan met vet of olie vlam vat, kan jy dit smoor deur sout daaroor te gooi.
- * Hou die oonddeur toe en moenie onnodig die deur oopmaak nie – die hitte ontsnap en vat weer 'n rukkie om warm genoeg te word.
- * Maak jou stoof skoon met 'n mengsel van sout en asyn.
- * Moenie 'n ketel vol water maak as jy net twee koppies water gaan gebruik nie.
- * Gebruik jou mikrogolfoond soveel as moontlik in plaas van die stoof.
- * Moenie roosterbrood onder die oondrooster maak nie – dit gebruik te veel elektrisiteit. In die kleinhandel kry

'n mens deesdae sakkies waarin jy 'n klaar toebroodjie mét sy vulsel kan plaas en dan in jou broodrooster rooster.

- * Onthou om die deksel op 'n kastrol te sit wanneer jy kook om hitte en energie te bespaar.
- * Probeer "eenpotgeregte", soos byvoorbeeld pasta en maalvleis met die sous – sodat jy nie drie plate nodig het nie maar net een.
- * Probeer altyd die gepaste kombuisware gebruik wanneer jy kook, byvoorbeeld potte en panne met plat bodems – dit gebruik tot 50% minder krag. Wees bewus daarvan dat elektriese stowe baie krag verbruik en gebruik dus die plate en oond so min as moontlik.
- * Sorg dat die lug in die oond vry sirkuleer rondom die skottels en bakke in die oond.
- * Sorg dat jou potte se deksels pas en plaas hulle op die potte om sodoende die hitte in die pot te hou.
- * Verminder die plaat se hitte sodra jou kos vinnig begin kook.
- * Voer jou oond uit met foelie aan die binnekant. Gooi net foelie weg indien dit vuil is.
- * Volgende keer wanneer jou oond skoongemaak is, vryf 'n pasta van koeksoda en water aan die binnekant van jou oond om dit die volgende keer makliker skoon te vee.
- * Week bone, stampmielies en ander soortgelyke droë kos oornag. Dit sal tyd, geld en ure se kookwerk bespaar.

Verwarmer

* Dit is goedkoper om 'n elektriese kombens te gebruik as 'n verw warmer wat die hele kamer warm maak.

- * Geniet in die somer en winter 'n gemaklike klimaat binnenshuis deur jou kamer daaglik behoorlik lug te gee. Onthou om jou verw warmer, waier of lugversorger af te skakel terwyl jy die kamer lug gee. Gordyne hou hitte binne, so trek die gordyne vroe gaand al toe wanneer dit koud is.
- * Maak die vensters en deure toe wanneer die verw warmer aan is en bespaar geld!
- * Maak seker die deure in jou huis seël goed.
- * Sit so na as moontlik aan die verw warmer sodat dit nie nodig is om altwee elemente aan te skakel nie.
- * Skakel die verw warmer af as jy die kamer vir 'n lang ruk verlaat.
- * Verlaag die temperatuur van die verw warmer van volle hitte tot 'n gemaklike vlak.

Vrieskaste en yskaste

- * Maak die deur toe elke keer wanneer jy iets uit die yskas haal en maak ook seker dat dit behoorlik verseël is.
- * Maak ys- en vrieskasdeure so min as moontlik oop en vir so kort as moontlik.
- * Moenie onmiddellik nadat 'n vrieskas ontdooi is, weer goed inpak nie. Maak die vrieskas vir 'n halfuur toe en

pak die inhoud daarna terug. Dit keer dat die inhoud aan die kant van die vrieskas vassit en dit gee ook die vrieskas kans om behoorlik koud te raak.

- * Moenie warm kos in die yskas of vrieskas inpak nie. Laat dit eers afkoel voordat jy dit bêre.
- * Neem 'n halwe suurlemoen en skep van die binneste deel uit met 'n lepel. Daar moet bietjie suurlemoen agterbly. Vul met sout en plaas in 'n bakkie agterin die vrieshokkie/yskas. Dit help om die yskas vars te laat ruik.
- * Om reuke in 'n yskas te verdryf, plaas 'n deurgesnyde pynappel daarin.
- * Om stank te verdryf uit 'n vrieskas, was goed uit met byvoorbeeld Handy Andy. Plaas dan 'n paar swembadchloor-balletjies in 'n oop hou er in die ys- of vrieskas en maak die deur toe.
- * Plaas 'n strukkie steenkool of 'n paar houtskoolblokkies in die yskas om reuke te verdryf.
- * Sproei 'n bietjie Spray & Cook aan die binnekant van die vrieskas of vrieshokkie nadat dit ontdooi is.
- * Wanneer vrieskas ontdooi, vryf 'n bietjie gliserien aan die binnekant van die kas sodat dit volgende keer makliker ontdooi.





Help jou

lewer

om optimaal te funksioneer

Met die einde van die jaar in sig en die winterklere weggepak, voel 'n mens weer lus om 'n bietjie na jou gesondheid te kyk, weer 'n bietjie meer te gaan stap of aan fisiese aktiwiteite deel te neem en gesonder te eet om daai twee kilogram wat om die middellyf aangepak het ná die winter se bredies en sop en trooskos, af te skud.

Dit is dan dalk 'n goeie tyd om 'n bietjie aandag aan die organe ook te skenk.

Wanneer ons aan ons organe dink, dink ons heel eerste aan die hart wat onophoudelik móét werk om ons aan die lewe te hou, en aan ons longe wat sorg dat ons asemhaal. Selfs aan ons niere, want ons is bewus van niersiektes en nieroorplantings. Maar ons lewer neem dikwels 'n agtersitplek in omdat ons nie so bewus is daarvan dat dié orgaan net so hard soos die hart werk om ons liggaam gesond te hou nie.

Die lewer haal alle gifstowwe uit die kosse wat ons inneem en speel 'n baie groot rol in ons spysvertering. En juis daarom is dit nodig dat ons bewus moet wees van die las wat ons op ons lewer plaas as ons vir ons aan die verkeerde kosse en drinkgoed vergryp.

Daar is volgens die webblad www.immunadue.co.za 'n klompie simptome wat daarop kan dui dat dit nodig is om na jou lewer om te sien:

- 'n Opgeblaaie maag
- Pyn of ongemak in die boonste regterkantste area van jou maag reg onder jou ribbekas
- 'n "Bierboep"
- Probleme met die vertering van vetterige kos
- Galblaasverwydering
- Gereelde sooi-brand of suurrefluks
- Donker kolle op jou vel ("lewerkolle")

- Oormatige sweet
- Velprobleme soos aknee of jeukerige, kollerige vel
- Onverklaarbare gewigstoename
- Onvermoë om gewig te verloor, selfs wanneer jy jou kalorieë beperk
- Hoë bloeddruk
- Moegheid
- Hoë cholesterol
- Gemoedskommelings
- Slaapapnee of snorkery

Dit is wanneer dit tyd is om jou leefstyl aan te pas om 'n herhaling van die probleme te voorkom.

Dit is baie moontlik dat jou lewer "verstop" kan raak van ongesonde vette en dat dit dan moeiliker raak om sy werk as ontgiftingsinstrument te verrig.

Om jou leefstyl en eetgewoontes aan te pas, bly die mees doeltreffende en maklikste manier om jou lewer te behandel – as 'n mens dit kan regkry om weg te bly van kitskos wat meestal in olie gaargemaak word, en die stres van die werksomgewing te verwerk.

Op winkelrakke is daar talle produkte wat belowe om wondere te verrig deur jou lewer te ontgif of te detoks, maar volgens talle geskrifte, soos 'n artikel op www.netwerk24.com ("Detoks – die grootste leuen") is dit gewoonlik leë beloftes, en is daar nie 'n kitskuur om jou lewer beter te laat werk nie. Volgens hierdie artikel sê emeritus-professor Edzard Ernst van die Universiteit van Exeter in Brittanje: "Die gesonde liggaam het niere, 'n lewer, 'n vel en longe wat jou heeltyd 'ontgif'. Jy kan nie die manier waarop jou liggaam dit doen, verbeter nie – vir seker nie deur 'n ekstra ontgiftingsbehandeling nie."

Dit blyk dus die beste behandeling vir jou lewer gaan nié uit 'n botteltjie of 'n boksie in die vorm van 'n stroop of 'n pil voorkom nie, maar uit die regte dieet en 'n gesonde hoeveelheid water.

Volgens 'n artikel uit die *Rooi Rose* wat in Februarie vanjaar verskyn het, is dit veral belangrik om genoeg groente en vrugte te eet. "Jy het ses tot nege porsies groente en vrugte per dag nodig om in 'n groot deel van jou vitamien- en mineraalbehoefte te voorsien."

En as jy soos ek in my onkunde gedink het dit beteken jy moet ses tot nege verskillende groente en vrugte per dag eet, gaan jy binnekort 'n dubbele stryd – teen die siek lewer én die gewig – moet veg. Die artikel dui die volgende porsiegroottes aan, dit wil sê een porsie kan aan die volgende riglyne gemeet word:

- Proteïene (vleis, vis, hoender, eier): handpalmgrootte en nie dikker as jou pinkie nie
- Melkprodukte: 1 koppie (250 ml)
- Vrugte: die grootte van 'n tennisbal
- Stysel: (brood, rys, aartappels, patats, pasta en ontbytgrane): vuigrootte
- Groente: Soveel as wat nodig is om jou bord vol te maak

Ook in hierdie artikel word benadruk dat dit baie belangrik is om voldoende vloeistof in te neem, want dit verseker dat die afvalstowwe uitgespoel word.

Op die webblad <https://welstand.solidariteit.co.za/> word die volgende wenke aangegee om jou lewer gesond te hou:

Vermy oormatige alkoholgebruik

Wanneer jy oormatig drink, beskadig dit jou lewerselle. Dit veroorsaak swelling van die lewer, wat aanleiding kan gee tot sirroze – 'n onomkeerbare en dodelike toestand.

Eet gesond en oefen gereeld

Jou lewer stoor energie uit die kos wat jy eet, wat beteken dat jou energievlak direk verband hou met die gehalte van jou dieet. Bly weg van kosse wat te veel vet en suiker bevat, eet baie rou, vars groente en vrugte, en maak veselryke kos deel van jou dieet. Vermy groot maaltye en eet eerder meer dikwels kleiner etes.

Omdat die lewer ook bymiddels uit jou bloed filtreer, behoort jy geprosesseerde kosse, kunsmatige bymiddels en preserveermiddels te vermy. Skakel kunsmatige versoeters heeltemal uit as jy kan.

Oefen ten minste drie keer per week vir 30 minute lank. Dit hoef nie uitmergelende oefening te wees nie. Doen enigiets wat jou hartklop vir 'n halfuur lank sal versnel, soos om te dans, te stap of met jou kinders te speel.

Vermy medisynekombinasies wat jou lewer kan beskadig

Cholesterolmedisyne en die pynstillers parasetamol kan toksies vir jou lewer wees as jy te veel daarvan inneem. Parasetamol is 'n bestanddeel in talle verkoue- en griepmiddels asook pynstillers op voorskrif. Sommige kombinasiedisyne of medisyne wat met alkohol geneem word, kan ook jou lewer beskadig. Om veilig te wees, volg altyd die aanbevole dosis vir die medisyne en gesels met jou dokter of apteker oor medisynekombinasies voordat jy dit neem.

Wees ingelig oor hepatitis

Hepatitis is 'n virus wat die lewer ontsteek. Daar is verskeie tipes hepatitis wat op verskillende wyses oorgedra word. Hepatitis A word oorgedra wanneer jy water of kos inneem wat met bakterieë besmet is. Die simptome kan behandel word en die lewer herstel gewoonlik vanself.

Hepatitis B en C word deur die bloed en liggaamsvloeistowwe oorgedra. Beide tipes is aansteeklik en moet deur 'n dokter behandel word, aangesien dit lewerkanker, lewersversaking of sirroze kan veroorsaak. Jy kan voorkom dat jy hierdie twee tipes hepatitis opdoen deur nie tandeborsels, skeermesse en naalde met ander mense te deel nie. Beoefen ook veilige seks en vermy veelvuldige seksmaats.

Neem goeie aanvullings

Jou lewer het baie voedingstowwe nodig om jou liggaam suksesvol te ontgif. Maak seker jy ly nie aan enige tekorte nie deur jou dokter of apteker te vra om 'n goeie aanvulling aan te beveel. 'n Hoëgehalte-multivitamien en mineraalaanvulling is gewoonlik voldoende, maar jy kan dalk ook ekstra vitamien C en lesitien neem. Lesitien help jou lewer om vette te metaboliseer en verlaag dus cholesterol.

Vat 'n blaaskans

Probeer om vir ten minste drie ure voor jy gaan slaap nie te eet nie. Dit sal jou lewer genoeg tyd gee om sy funksies te verrig sonder dat dit met spysvertering ook opgesaai is.

Die artikel beveel ook die volgende kosse aan wat as goed vir jou lewer beskou word:

- Vars wortels en beet. Dit help om jou lewer te suiwer en te herstel.
- Groen kosse bevat chlorofil, wat ook help om die lewer te suiwer.
- Knoffel en broccoli bevat swawel, wat ensiemvervaardiging en lewersuiwering aanhelp.
- Heel, rou, ongesoute neute en sade bevat vetsure en bruikbare proteïene wat lewerfunksies bevoordeel.
- Vlassaad help om te keer dat daar te veel hormone in die bloedstroom beland. Een van die lewer se funksies is om oortollige hormone te filtreer, en deur te voorkom dat dit in die bloedstroom beland, word die las op jou lewer verlig.
- Daar is talle kruie en speserye wat lewerfunksies kan aanhelp, soos melkdistel en borrie. Raadpleeg altyd eers jou dokter, apteker of 'n betroubare kruidkundige voordat jy enige kruidmiddels en/of aanvullings neem.

Die slotsom is dus dat ons self die verantwoordelikheid moet neem om ons lewer maksimaal te laat funksioneer deur verantwoordelik om te gaan met dit wat ons in ons mond sit. Deur skadelike kosse uit te sny of dit dan slegs by geleentheid te eet, skadelike middels te vermy, genoeg water te drink en gereeld te oefen, kan jy dus jou lewer gesond hou sonder om aan jou mediese fonds te raak.

Bronne:
<https://welstand.solidariteit.co.za/>
www.netwerk24.com
<http://www.rooirose.co.za/detoks-dieet/>
www.immunadue.co.za



Het jy geweet?

Net 20% van die alkohol wat jy drink word deur jou maag geabsorbeer. Die ander 80% beland altyd in jou kleiner ingewande en organe.

Moenie dat 'n babelas jou kuier bederf nie



Die einde van die jaar met al sy troues, gesellighede, afsluitingsfunksie en Kerspartytjies is op ons, en almal van ons is geneig om dan meer alkohol te verbruik as deur die res van die jaar.

Hier is 'n paar wenke om te keer dat 'n babelas jou die volgende dag laat sweer "nooit weer nie!".

Eet om beter te voel

Tamatiesap: Wanneer jy baie gedrink het, is jou lewer so besig om dit uit jou sisteem te probeer werk dat dit nie jou bloedsuikervlakke konstant hou nie. Dit is wat jou moeg en sleg laat voel. Tamatie sit genoeg suiker terug om jou sisteem weer aan die gang te kry en die anti-inflammatoriese eienskappe help ook met daai dodelike hoofpyn!

Eiers: Baie mense glo 'n vetterige ontbyt is die beste medisyne, maar eintlik gaan dit oor die eier! Dit bevat baie sisteïene – 'n aminosuur wat jou liggaam help om gifstowwe af te breek. Dis ook propvol vitamien B, wat die simptome van 'n babelas aansienlik kan verminder.

Water: Wanneer jy drink, word jou liggaam gedehidreer, wat beteken jy moet genoeg vog terugsit vir jou liggaam om normaal te funksioneer. Water sal nie net jou selle bevogtig nie, maar ook help om die gifstowwe uit jou niere te spoel.

Gemmer: Die goorste ding van 'n babelas is om naar te wees. Gemmer sal help om die naarheid te verminder en jou omgekrapte maag te laat bedaar.

Piesang: Alkohol dehidreer nie net jou selle nie, dit verwyder ook al die kalium wat krampe veroorsaak in jou spiere. Piesangs sal die kalium in 'n japtrap terugsit in jou liggaam.

Voorkoming is beter as genesing

Die beste manier om seker te maak jy voel nie sleg die volgende dag nie, is om dit te voorkom. Maak so:

- Drink minder. Stel vir jouself limiete oor die hoeveelheid alkohol wat jy gaan drink en hou daarby. Maak ook seker dat jy stadig drink en nie meer as een glas per uur inneem nie.
- Wissel dit af met water. As jy tussen elke drankie 'n glas water drink, sal jou liggaam nie dehidreer nie en jy sal ook minder drink omdat jy nie dors sal voel nie.
- Eet voor jy uitgaan. Om op 'n leë maag te drink is nooit 'n goeie idee nie. Kos sal help om die alkoholkonsentrasie in jou maag te verdun (wat sooi-brand sal verminder) en seker maak dit gaan nie so gou kop toe nie.
- Vermy suiker en gas. Dit sorg dat jou bloed die alkohol vinniger absorbeer, wat jou dan vinniger aangeklam sal laat voel.
- Kies drankies met 'n lae alkoholinhoud. "Lite" wyn en drankies met minder kalorieë is ideaal vir wanneer jy uitgaan en nie die volgende dag wil sleg voel nie, terwyl donker drank soos rooiwyn en brandewyn net jou babelas sal aanhelp of verdubbel.
- Drink 'n energie-bruistablet voor jy uitgaan om solank die vitamines in jou liggaam op te bou.

Artikel deur: Annelien van Basten




KAUFMANN



**KAUFMANN
QUALITY
APPROVED**

FIVE STAR LIVING IN THE GREAT OUTDOORS

GO VISIT KAUFMANNOUTDOOR.CO.ZA TO VIEW OUR RANGE

The Kaufmann Outdoor Range is available from participating NTK/VKB retail stores.
Exclusively distributed by  AgriNet



Besproeiing-ekspo by nuwe Naboom

Naboomspruit Handelstak is onlangs opgegradeer en toegerus met meer voorraad sodat die boer, dorpenaar en algemene klant nou alles daar sal vind wat hy of sy benodig. Met nuwe rakke is spasie geskep wat treffende uitstallings moontlik maak. Die winkel is super netjies en sinvol uitgelê.

Kort nadat die verbeterings aangebring is, het takbestuurder Chris van der Merwe, 'n Besproeiing-ekspo aangebied. Die verskaffers wat hierin spesialiseer het deelgeneem en kon advies aan belangstellende boere verleen. 'n Lekker worsie op die kole het hulle genooi om weer te kom.



Lammie is die skakel tussen besproeiingverskaffers en NTK-personeel.

New management programme 2016

VKB rightly believes that a well-trained employee is an investment in the company, the person her- or himself as well as in the future of the country. That is why there is ongoing training at NTK.

The latest long-term course is the New Management Programme. People were selected on merit to take part in this course because potential was identified in each and everyone. NTK envisages a future with this group of employees. They will become the leaders of tomorrow. The course is not easy and requires hard work, but they are motivated and eager to succeed.

All the best of luck to the following people in the NMP training:

Daniel Delpont, Leunis van Rooyen, Edwin Rasete, Anthony Goslett, Gerrit Strydom, Christelle van Rooyen, Hanna Smit, Liezl van Rooyen, Quintin Swanepoel, Vincent Maremane, Stephaans Ndou, A. Sadiki, Thomas Ngobeni, Gerhard Groenewald, Janet de Beer, Lindo Methebula, Joel Chokoe, Claude Fourie, Jaco Havenga, Kobus le Roux, Theuns Robertson, Jessica Thosago, Quiney Chauke, Maxwell Netshilema.

The course comprises of four parts: 1. Leading people and leading change; 2. Market Insight, information technology and marketing communication; 3. Labour relations and cost accounting and 4. Presentation to the board.

The programme is under the guidance of Bernard Matsoso of the University of the Free State.



Lizette Jacobs, Bernard Matsoso and his assistant from the University of the Free State.

Dendron plaas klem op dieregesondheid

Gerhard Groenewald neem waar as takbestuurder op Dendron. Hy is 'n jong man met hope entoesiasme. Hy was skaars op Dendron toe reël hy 'n ekspo wat gemik is op dieregesondheid, maar met 'n paar ander produkte ook op uitstalling.

Verskaffers wat deelgeneem het, was Zoetis, Afrivet, Ideal, MSD, Nu-pro, Molatek, Silver Signature, ProTek, Irrigation Unlimited, Magnifisan en Agrinet.

Die boere en ander klante het dit baie geniet en was beïndruk met die dag se ekspo. Dit was 'n eerste, maar Gerhard wil beslis in die toekoms weer so maak. Die personeel van Dendron het dit ook geniet en ondersteun hom in hierdie bemerkingsaksies.



Molatek-verteenwoordiger, Fanie, en Wimpie van Soetdoring Groente.

MSD besoek

NTK- en VKB-personeel het die geleentheid gekry om mekaar beter te leer ken terwyl hulle meer van MSD geleer het.

MSD se fabriek op Malelane is tydens die opleidingsessie besoek en personeel het digby die rivier oorgebly. Dit was 'n voorreg om te leer van die twee groot kenners op die gebied van dieregesondheid, naamlik dr. Faffa Malan en dr. Tom Strydom.

Almal is dit eens dat hulle baie baat gevind het by die opleiding.



Die groep wat MSD in Malelane besoek het.

Mandela Day celebrated at head office

NTK has a policy of celebrating the principles of Mandela Day more often than once a year. Mandela Day was done a little different this year. Principals and teachers of local crèches were invited to NTK where they received gifts and sweets for the children in their schools. This created a nice social event for them and gave them the opportunity to meet and talk about mutual matters and concerns. Liezl Britz once again did all the work and organizing to ensure a smooth and successful Mandela Day 2016, in loving memory of the late, great, Mr. Nelson Mandela.



Liezl with some of the principals of local schools.



The teachers with NTK employees.

Farmers' Day Tzaneen

A very successful farmers' day for upcoming farmers was recently held in the Trichardtsdal district. Frikkie van Vuuren of Tzaneen branch organized the day. It was held for vegetable farmers in the area. NTK sponsored T-shirts and gave much needed information for the farmers attending the day. They were very pleased to get useful tips on how to improve their vegetable farming efforts.



Farmers' day in Trichardtsdal held by Frikkie of Tzaneen.

Efeko-opleiding leersaam

Efeko het onlangs opleiding aangebied aan handelstak-personeel wat verantwoordelik is vir plant- en plaagbeheer in die winkel.

Omdat gifstowwe 'n spesialisveld is en die korrekte toediening daarvan van kardinale belang is, is dit belangrik dat bemerkers die regte aanbevelings aan klante maak. Almal wat dit bygewoon het, is dit eens dat dit broodnodig was en beslis van waarde in die uitoefening van hulle werk. Dankie, Efeko.



Personeel van Tzaneen wat die kursus bygewoon het: Rembo Mukwehlo en Rolanda de Swart. Santie van Zyl en Frikkie van Vuuren (takbestuurder) het ander besigheid by hoofkantoor gehad.

Springbokvlakte Boerevereniging en Abraham Kriel-kinderhuis vat hande

Die Abraham Kriel Kinderhuis (AKK) op Modimolle (Nylstroom) bied 'n veilige hawe vir ongeveer 170 kinders wat óf wees gelaat is, óf deur die hof na die kinderhuis verwys is weens omstandighede buite die kinders se beheer. Ongeveer 66% van hierdie kinders se moedertaal is Afrikaans en daarom is die voertaal van AKK ook Afrikaans. Die hoof van AKK, Gerda van der Merwe, is 'n positiewe mens wat geen steen onaangeroer laat om die kinders te versorg nie. Omdat die staatsubsidie slegs sowat 50% van die kinders se maandelikse uitgawes dek, is dit 'n uitdaging vir haar en die personeel van AKK om die pot aan die kook te hou. En die grootste van die uitdagings is juis om kos in daardie pot te kry!

So het 'n markagent haar gevra waarom hulle nie self groente verbou nie aangesien hulle 'n boorgat en dam op die perseel het sowel as genoeg grond wat onbenut lê. Gerda het dadelik werk gemaak van sy voorstel en kwotasies by Janneman Henn van NTK Besproeiing aangevra.

Gerda het gou besef dat sy geen boer is nie en dat sy kundige hulp nodig het. Sy het die Springbokvlakte Boerevereniging genader vir hulp. Voorsitter Willem Groothof en die ander lede het dadelik ingestem om betrokke te raak. Andries Groothof het sy trekker en personeel gebring en die grond is voorberei vir die 0,8 hektaar groentetuin.

Andries Groothof het baie ingestem om die projek so ver te kry. Besproeiing is in plek en die grond is gereed. Nou sal die volgende fase kan begin. Die groente sal hoofsaaklik vir eie gebruik wees maar as dit 'n addisionele inkomste vir die kinderhuis kan beteken, sal dit net so baie help. – **Delene Snyman**



Splinternuwe Nylstroom



Bestuurspan: Michael, Solly, Chandree en Jorrie.

Daar is nie woorde nie om die "nuwe" NTK Nylstroom te beskryf. Jy sal kwalik kan dink dit is dieselfde perseel van 'n anderhalfjaar gelede. Dit is in een woord: asemrowend! Van buite lyk die winkel pragtig! Beslis die mooiste winkel in Modimolle en selfs in die hele Limpopo. Die NTK-logo beslaan die hele een kant van die aangesig terwyl moderne boutegniese die aansig afrond.

Binne-in is dit lig en skoon. Daar is baie voorraad op die rakke en in die stoor, en die netheid van die winkel is opvallend. Moderne yskaste gaan die inkopie-ervaring selfs meer aangenaam maak. Betaalpunte is versprei sodat daar geen opeenhoping sal plaasvind nie.

Kantore is ruim en goed ontwerp. Die bestuurder en besproeiingskonsultante se kantore is maklik toeganklik en het 'n uitkyk oor die hele winkel. Admin-kantore is diskreet geplaas sodat toevallige toegang nie sal plaasvind nie. Die ontvangslokaal is onder die nuwe gedeelte met genoeg kantoorspasie vir almal wat daar werk. Dit is ook helder verlig met genoeg ruimte vir ontvangstes. En wel, die badkamers is gewis die mooiste in NTK – daaroor kan niemand stry nie!

Michael van der Merwe (takbestuurder) is verheug dat alles so ver is en nou einde se kant toe staan. Die bouery het maar sy pond vleis geëis, maar nou kyk hy en die personeel van die "nuwe" Nylstroom net vorentoe!

Solly Modise is oorgeplaas van Potties na Nylstroom as assistent-takbestuurder.

Samuel Mabye het jare diens by NTK Onderdele. Hy word oorgeplaas van Warmbad Onderdele om te help met onderdele by Nylstroom.



Samuel is baie bekend by die klante.

Tolwe hou Ekspo 2016

Tolwe se jaarlikse ekspo het plaasgevind op Vrydag 15 Julie 2016 met 30 NTK-verskaffers en drie buite-uitstallers wat meegewerk het om van die dag 'n groot sukses te maak. Die tema vir Tolwe Ekspo 2016 was "Rondom die wêreld" en verskaffers en kinders het graag saamgespeel met die tema.

Deur die loop van die dag was daar iets vir almal om te doen: behalwe heerlike eetgoed, het die kinders die kindertuin geniet waar Elize (admin) en Johanè gesiggies gevef het. Daar was boeresport, skattejag vir klein, groot en almal wat genoeg energie gehad het. Ollie die Nar het die kinders die oggend kom besig hou en 'n DVD kom maak hier op Tolwe. En die kinders het dit vreeslik baie geniet. Andries Vermeulen het die dag vir ons met 'n humoristiese vertoning kom afsluit. Die mense het hom baie geniet. Grainfield het heerlike hoender gaargemaak en met die bykosse daarmee saam het almal heerlik gesmul. Weereens was die Tolwe Ekspo 2016 net EEN GROOT SUKSES!! En ja, volgende jaar maak ons weer so!

Onthou om dit nou al aan te teken vir iewers in Julie 2017.



NTK vereer **Top 100** in ware

007⁵

styl

deur Delene Snyman

James Bond ... 007 ... toe nie, dit is ... NTK ...007!

NTK se top-100 boere, VKB-direkteure, -bestuur en -personeel het in hul beste swart-en-wit-nommerjies opgedaag om luister te verleen aan die Top 100 "007"-funksie. Dit was 'n aand om te onthou vir elkeen wat dit bygewoon het.

Toesprake was min, want dit het gegaan oor gesellige samesyn. Dit was 'n uithalerfunksie om aan die boere van Limpopo hulde te bring en hulle te bedank vir lojale en volgehoue ondersteuning. Reeds in sy verwelkoming het Francois Froneman verwys na die eregaste van die aand, naamlik die lojale kliënte van NTK.

Koos van Rensburg, besturende direkteur van VKB, het na die uitstekende resultate van die vorige finansiële jaar verwys en veral na die groot bydrae tot daardie suksesverhaal wat uit die Limpopo gekom het. Daarom kom die eer alle klante van Limpopo toe. Koos het die hoop uitgespreek dat boere voortaan sal kompeteer om deel van die Top 100-ondersteuners van NTK te wees.

Daar is van die geleentheid gebruik gemaak om Pierre Jacobs te groet. Pierre tree af as direkteur van VKB ná jare lange betrokkenheid by veral NTK. Paul Carshagen het hom namens die direksie bedank vir sy bydrae oor die jare. Twee handelstakke en drie individue vanuit personeelgedere het spesiale toekennings ontvang:

- ★ In die kategorie "Tomorrow never dies", wat hoofsaaklik gaan oor beste vordering teenoor vorige jaar, het Pienaarsrivier-handelstak met die louere weggestap.
- ★ "The World is not Enough", oftewel bedryfspunt van die jaar, is verower deur Pietersburg-handelstak.
- ★ "From Russia with Love" vir die individu wat 'n ware spanspeler en mentor is, is gewen deur Frikkie van Vuuren van Tzaneen.
- ★ "Golden Eye" vir die persoon wat innoverend is en buite die boks dink, is toegeken aan Christoff Smit.
- ★ En "007", die groot toekenning aan iemand wat 'n verskil maak en ambassadeur vir NTK is, het gegaan aan Cobus du Plessis van Messina.

Vier toekennings is aan produsente gemaak:

- ★ Big Creek Trading 65 is as die wenner-**handelsprodusent** aangewys en Gees Strydom het die toekenning in ontvangs geneem.
- ★ Hanaline Boerdery is die wenner-**insethandelprodusent** en Jacques Willemse het die toekenning ontvang.
- ★ Illiwara Landgoed is die wenner-**graanprodusent** van die jaar en Gert de Bruin het dit namens Louis Erasmus in ontvangs geneem.
- ★ Die **topkliënt** van die jaar was weereens Walt Landgoed en Petri van der Walt het die gesogte toekenning in ontvangs geneem.

In sy bedanking het Francois Froneman vir Liezl Britz, Anelie Swemmer en David van Tuine en Tossels bedank vir die koördinerende van 'n puik funksie. Marcia het 'n blyk van waardering aan hulle oorhandig.

Nadat al die formaliteite afgehandel is, het gaste heerlike geëet en tot laataand gekuier. NTK, anders as 007, het nie 'n "license to kill" nie, maar 'n "license to live"!



Paul Carshagen en Francois Froneman oorhandig die Top-kliënt-toekenning aan Petri



Gert de Bruin neem die toekenning in ontvangs namens Illiwara van der Walt van Walt Landgoed.



Gees Strydom ontvang Big Creek se toekenning.



Jacques Willemse ontvang sy toekenning.



Paul Carshagen groet uitretende direkteur Pierre Jacobs van der Walt van Walt Landgoed.



Marcia, Liezl, Anelie, David en Francois.



Bedryfstoekeknings aan Christoff Smit (Pietersburg), Frikkie van Vuuren (Tzaneen), Dorcus Sekati (Pienaarsrivier), Cobus du Plessis





VKB Knights-gholfdag en toekenningsgeleentheid

Op 20 September het die VKB Knights hul jaarlikse gholfdag by die Bloemfontein-gholfklub gehou om dank te betoon aan borge en ook om borge en spelers die geleentheid te gee om mekaar beter te leer ken.

Die dag is gevolg deur 'n prysuitdeling gelei deur Martin van der Merwe van OFM. Jan van der Walt, uitvoerende hoof van bemarking van VKB, sowel as Johan van Heerden, HUB van VKB Knights en Krieket SA, het die gholfspelers toegesprek.

Die volgende dag het die VKB Knights se toekenningsremonie plaasgevind by Emoya Estate waar die 2016/2017-span aangekondig is. Dié span is as volg: Rudi Second, Rilee Rossouw, Dillon du Preez, Theunis de Bruyn (kaptein) Mbulelo Budaza, Werner Coetsee, Patrick Botha, Michael Erlank, Tumelo Bodibe, Luthando Mnyanda, Robin Peterson, Duanne Olivier, Letlotlo Sesele, Corne Dry, Schadley van Schalkwyk, Marchant de Lange, Pite van Biljon, Diego Rosier en Dylan Stanley.



Jan van der Walt (uitvoerende hoof: bemarking), Sas Kasselman (uitvoerende hoof: Agri Processors), Francois Swanepoel (uitvoerende hoof: VKB Landbou), Johan van Heerden (HUB van VKB Knights en Vrystaat Krieket) by die geleentheid.



Ryno Steyn (grafiese ontwerper), Anelie Swemmer (skakelbeampte), Francois Swanepoel (uitvoerende hoof: VKB Landbou), Nicky Nel, Jan van der Walt (uitvoerende hoof: Bemarking), Hannelie Cronje (uitgewer: Die Pad Saam), Noreen Hancocks (reklame assistent).



En so lyk die 2016/2017 VKB Knights-krieketspan!



Morgenzon-lentefees

Op 2 September het Jan Faul en sy span by Morgenzon 'n vuurwarm lentefees gehou waar verskeie verskaffers hul produkte kom uitstal het. 25 verskaffers het die dag saam kom geniet. Dit was 'n lekker gesellige dag met kostalietjies en 'n biertent. Die landbouskool se leerlinge het ook die dag bygewoon.



Leerlinge van die plaaslike landbouskool.



Protek se uitstalling.



Nu-Pro se uitstalling.



Conway Wales Jnr.
is 'n trotse VKB-
ondersteuner.

Hoofkantoor vier Loslitdag

VKB, Grain Field Chickens en Free State Oil-hoofkantoor het lekker gees gehad by vanjaar se Loslitdag. Nie net word Loslitdag vir 'n baie goeie doel gehou nie, maar dit het ook gesorg dat die personeel bietjie met mekaar kon sosialiseer.

Daar was 'n klein interne kompetisie gehou waarvan twee beoordelaars die verskeie afdelings se uitrustings en gees beoordeel het.

Grain Field Chickens het die eerste prys loshande gewen, gevolg deur die finansies-afdeling. Amanda Labuschagne het die individuele prys gewen vir beste uitrusting.



Grain Field Chickens se personeel het die eerste prys losgeslaan met hul vrolike uitrustings.



Die finansies-afdeling was tweede in die interne kompetisie.



Amanda Labuschagne se uitrusting is as die beste van die dag aangewys.



Petrus Steyn-handelstak het ook Loslitdag gevier.

VKB *Top 100*-kliënte

vir 2016 onthaal



Kevin Leo was die seremonie-meester en het ook met sy ryk stem vir die aand se vermaak gesorg.

VKB se Top 100-funksie wat jaarliks vir sy boere gehou word, was 'n prentjiemooi silhouette van swart en wit. Die funksie word nie net gehou om eer aan sy top-100 boere te betoon nie, maar ook om dankie te sê vir elkeen se bydrae wat hul lewer aan VKB.

Die funksie is op 16 September by The Loft in Bethlehem gehou met Kevin Leo as die seremoniemeester wat ook vir vermaak gesorg het.

Michael de Klerk van MC de Klerk-boerdery (Frankfort) is as topboer van die jaar aangewys. Die naaswenner was die Johan Claassen-boerdery (Petrus Steyn) met Jaco, Christo en Abrie Cronjé van Rentia-boerdery (Vrede) in die derde plek.

Die eerste swart boer van die jaar is ook aangekondig en dié titel behoort aan Maseli Letuka van Kestell.

Individuele pryse vir beste presteerders in 'n kategorie was soos volg: Michael de Klerk – graanhantering, André Bibby – meganisasie, Stoffel Britz – handel en Pieter Duminy – insethandel.



Sien al die foto's op VKB LANDBOU se Facebook-blad



Michael de Klerk, André Bibby, Maseli Letuka, Francois Swanepoel (uitvoerende hoof van VKB Landbou), Stoffel Britz en Pieter Duminy is van die wenner wat die aand aangewys is.



Petrus Claassen (naaswenner), Michael de Klerk (wenner) en Christo, Abrie en Jaco Cronjé (in die derde plek) word deur Koos Janse van Rensburg (hoofbestuurder van VKB) (tweede van links) gelukgewens.

All your dog needs is **TLC** and you !



V-20053

V-23672

Available in Adult & Puppy

www.tlcpetnutrition.co.za

TM

TLC Pet Nutrition

TLC is a uniquely formulated recipe offering a completely balanced diet ensuring your beloved pet is healthy and in peak condition.

With chicken
& rice
Enhances
Digestibility

Contains
Zinc & Copper
Improves skin
& coat

Snapp Chef[®]

Leiers in Induksie Toestelle

Spaar **50%** op elektrisiteit
en kook **64%** vinniger

Kersfees MALLIGHEID

Snappy Chef 1-plate
Induction Stove



Snappy Chef 30cm
Superlight Griddle



Snappy Chef 2.2 litre
Whistling
Kettles



Snappy Chef 6pc Platinum
Cookware Set



Snappy Chef 26cm
Platinum Frying Pan



Snappy Chef 6pc
Knife Set



Kry nou hierdie aanbiedinge by


vkb ntk



WEN

met *Die Pad Saam*

Wees een van die gelukkige lesers wat elk 'n geskenk kan wen deur net die onderstaande vraelys in te vul en te faks na 086 674 6817 of te e-pos na hanneliec@vkb.co.za.



Snapp[®] Chef
Leiers in Induksie Toestelle

GELUK aan die Augustus | September-uitgawe se **WENNERS**

Rykie Vermeulen, Nicolene Upton, Alisha Horn, Michelle Alberts en Pieter Claassen



Nicolene Upton

Skryf in 10 woorde, wat die VKB-groep vir jou beteken:

.....
.....
.....
.....
.....
.....
.....
.....
.....
.....

Watter taal verkies jy?

- Afrikaans Engels Albei

Ken 'n punt van 1 – 10 toe aan *Die Pad Saam*

Inhoud Ontwerp en uitleg

Algemene kommentaar

.....
.....

Kontakbesonderhede

Naam & van:
Kontaknr.: Ouderdom:
E-pos:

Sluitingsdatum: 10 November 2016



Vinnige Fanie

If you want to put some energy into your farming vehicles, you won't go wrong with TOTAL lubricants. Designed to protect, as well as perform, our oils give your engines a new lease on life. Apologies for the speeding tickets.

RADAR/5757/INT/E



TOTAL